

***MISHANDELDE VROU-SINDROOM EN STRAFREGTELIKE
AANSPREEKLIKHEID***

JL MATTHEE

12998095

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Legum* in Publiekreg aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

STUDIELEIER: MNR PG DU TOIT

MEDE-STUDIELEIER: PROF C RAUTENBACH

NOVEMBER 2008

Male killing is about power and control. Women killing abusers is about avoiding power and control ... Women do not often kill from anger, while anger is what fuels many male killings.

- Oliver Quick en Celia Wells

DANKBETUIGINGS

Die skryf van 'n verhandeling is 'n veeleisende taak wat 'n persoon tot die uiterste kan toets. Dit is ook nie 'n taak wat sommer alleen aangepak kan word nie. Alhoewel slegs my naam op die voorblad van hierdie verhandeling verskyn is daar verskeie persone wat 'n sleutelrol, hetsy direk of indirek, in die skryf van hierdie verhandeling gespeel het. In die lig hiervan is dit gepas om erkenning te verleen aan hierdie sleutelpersone vir die waardevolle bydrae wat hulle tot die verwesenliking van hierdie eindproduk gelewer het.

In die eerste plek gaan 'n besondere woord van dank aan mnr Pieter du Toit en prof Christa Rautenbach uit. Sonder hulle advies, insette, geduld en leiding sou hierdie verhandeling nooit die lig gesien het nie.

Tweedens word my familie, asook Anri Botes en Monica Janse van Rensburg bedank. Met elke bladsy van hierdie verhandeling kon ek altyd staatmaak op julle ondersteuning, bystand en aanmoediging. Julle het die moeilike akademiese tye voorwaar meer hanteerbaar gemaak.

Op 'n stadium het dit ook geblyk asof die indiening van hierdie verhandeling weens 'n gebrek aan 'n taalversorger gekelder sou word. Gelukkig het mej Jacobs tot my redding gekom en daarom word sy bedank vir haar bereidwilligheid om die taalversorging van hierdie verhandeling te hanteer. Laastens word die Noordwes-Universiteit en die Regsfakulteit van die Potchefstroomkampus bedank vir die befondsing van hierdie studie.

OPSOMMING

MISHANDELDE VROU-SINDROOM EN STRAFREGTELIKE AANSPREKLIKHEID

Die gevolge wat voortdurende mishandeling op 'n vrou kan hê, is as "aangeleerde hulpeloosheid" bestempel. Die teorie van aangeleerde hulpeloosheid voorveronderstel dat 'n vrou wat herhaaldelik deur haar lewensmaat mishandel word uiteindelik sal aanvaar dat haar mishandeling onvermybaar is en 'n gevoel van hulpeloosheid sal ontwikkel. Die teorie van aangeleerde hulpeloosheid verskaf dus 'n verduideliking vir die sielkundige magteloosheid wat mishandelde vroue ervaar.

Die konsep van aangeleerde hulpeloosheid is later verder ontwikkel tot die mishandelde vrou-sindroom. Die mishandelde vrou-sindroom verwys na die fisiese en sielkundige gedragseienskappe wat slagoffers van voortgesette mishandeling tussen lewensmaats, openbaar. Die teorie oor aangeleerde hulpeloosheid onderskraag die siklus van geweld teorie deur 'n verduideliking te bied waarom mishandelde vroue nie hulle mishandelaars verlaat nie en nie self kan optree ten einde hulle situasie te verbeter nie. Wanneer 'n mishandelde vrou wel optree en haar mishandelaar doodmaak, is die vraag of die voorafgaande mishandeling 'n invloed op die algemene vereistes van wederregtelikheid, handeling en skuld kan uitoefen.

Die wederregtelikheid van 'n mishandelde vrou se optrede kan deur 'n suksesvolle beroep op noodweer uitgesluit word. By noodweer kan die dreigende-vereiste egter 'n mishandelde vrou se beroep op die verweer kompliseer. 'n Uitbreiding van die dreigende-vereiste by noodweer ten einde voorsiening te maak vir moorddadige mishandelde vroue hou die risiko in dat mishandelde vroue noodweer kan misbruik. Mishandelde vroue se beroep op noodweer behoort dus beperk te word tot gevalle waar hulle mishandelaars se aanvalle dreigend is.

'n Mishandelde vrou kan net strafregtelik aanspreeklik gehou word vir 'n willekeurige handeling. Onwillekeurige optrede (outomatisme) sluit strafregtelike aanspreeklikheid uit en sluit aan by toerekeningsvatbaarheid. 'n Mishandelde vrou kan haar op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as verweer beroep. Ten einde suksesvol te wees moet sy getuienis aanbied wat daarop dui dat sy tydens die doodmaak van haar mishandelaar tydelik onwillekeurig opgetree het. 'n Mishandelde vrou se jarelange mishandeling, hulpeloosheid en emosioneel en sielkundig afgebreekte geestestoestand kan ook in ag geneem word om te bevind dat haar toerekeningsvatbaarheid tydens die doodmaak van haar mishandelaar verminderd was en dat sy 'n ligter straf verdien. Toerekeningsvatbaarheid is weer 'n voorvereiste vir skuld. 'n Mishandelde vrou wat ontoerekeningsvatbaar bevind word sal dus nie oor die nodige skuld beskik nie en ook nie vir die doodmaak van haar mishandelaar strafregtelik aanspreeklik wees nie.

In Australië, Engeland en Wallis het daar onlangs strafregtelike verwickelinge plaasgevind wat die situasie van mishandelde vroue aanspreek. Die vraag is of Suid-Afrika by hierdie buitelandse jurisdiksies kan kers opsteek. Dit blyk dat Suid-Afrika nie veel uit die verwickelinge in Australië kan leer nie. In Victoria en Wes-Australië is die dreigende-vereiste by die verweer van noodweer uitgebrei en daar is reeds daarop gewys dat so 'n uitbreiding in Suid-Afrika kan lei dat mishandelde vroue noodweer misbruik. Suid-Afrika kan ook nie veel leer uit die hervorming van die verweer van provokasie in die Noorder-Territorium nie. Die rede hiervoor is dat die Suid-Afrikaanse posisie met betrekking tot die verweer van provokasie voordeliger as die onlangse hervorming daarvan in die Noorder-Territorium.

In Suid-Afrika word verminderde toerekeningsvatbaarheid slegs in ag geneem by vonnisoplegging. In die lig hiervan kan die Suid-Afrikaanse strafreg daarby baat om 'n verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid, op 'n soortgelyke manier as die hervorming

van verminderde toerekeningsvatbaarheid in Engeland en Wallis, te skep. Verminderde toerekeningsvatbaarheid sal dan geld as 'n volkome verweer wat lei tot 'n algehele onskuldigbevinding vir 'n mishandelde vrou.

Ten einde te bepaal of 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue in Suid-Afrika geskep kan word, is voorgestelde verweere in Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika ondersoek. Die argumente vir die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue word egter oorskadu deur die argumente daarteen. Daarom word die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue nie vir die Suid-Afrikaanse reg aanbeveel nie. Deur 'n toelating van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer, loop die Suid-Afrikaanse reg ook die risiko om benadeel, eerder as bevorder te word. Daar word dus aanbeveel dat Suid-Afrikaanse howe eerder moet voortgaan om moorddadige mishandelde vroue ooreenkomstig bestaande, uitgekristalliseerde regverdigingsgronde te behandel.

SUMMARY

BATTERED WOMAN SYNDROME AND CRIMINAL LIABILITY

The effect of prolonged abuse on a woman has been labelled as "learned helplessness". The theory of learned helplessness presupposes that a woman who is continuously abused by her partner will eventually accept her abuse as unavoidable and will develop a feeling of helplessness. Therefore the theory of learned helplessness gives an explanation for the psychological helplessness that battered women experience.

Later the concept of learned helplessness was developed into the battered woman syndrome. The term "battered woman syndrome" refers to the physical and psychological characteristics found in the victims of prolonged abuse between intimate partners. The theory of "learned helplessness" supports the cycle of violence theory by giving an explanation for the failure of battered women to leave their abusers and to act in order to better their situation. However, when a battered woman acts and kills her abuser, the question that arises is whether her abuse can influence the general requirements of unlawfulness, conduct and fault.

By successfully relying on private defence, the unlawfulness of a battered woman's conduct can be excluded. The imminence-requirement in the case of private defence can complicate a battered woman's reliance on the defence. An expansion of the imminence-requirement to accommodate murderous battered women carries the risk that battered women may misuse private defence. Battered women's reliance on private defence should therefore be restricted to cases where their abusers' attack is imminent.

A battered woman can only be criminally liable for her voluntary conduct. Involuntary conduct (automatism) excludes criminal liability and is also connected to incapacity. A battered woman can rely on non-pathological

incapacity as a defence. In order to be successful she will have to lead evidence which indicates that she temporarily acted involuntary at the time of her abuser's killing. A battered woman's years of abuse, her helplessness and her emotional and psychological run down state of mind can also be taken into account in finding that her capacity during the killing of her abuser was diminished and that she deserves a more lenient sentence. Capacity is a prerequisite for fault. A battered woman who does not have criminal capacity will not possess any fault and will therefore not be criminally liable for the killing of her abuser.

Recently some criminal law developments took place in Australia, England and Wales. These developments specifically address the situation in which battered women find themselves. The question, therefore, is whether South Africa can learn something from these developments. It appears as if South Africa will not be able to learn something from the developments in Australia. In the case of private defence, the imminence requirement was expanded in Victoria and Western Australia to accommodate battered women. It has, however, already been shown that such an expansion can lead to a misuse of private defence by battered women in South Africa. South Africa will also not be able to learn much from the reform of provocation in the Northern-Territory. The reason for this is that the South African position with regard to the defence of provocation is more advantageous than the reform of the defence in the Northern-Territory.

In South Africa diminished responsibility is only taken into account for purposes of sentencing. The South African criminal law can therefore be benefited by the creation of a defence of diminished responsibility in a similar manner than the reform of diminished responsibility in England and Wales. Diminished responsibility will then constitute a complete defence which can lead to a complete acquittal for battered women who kill their abusers.

To determine whether a separate defence can be created for battered women in South Africa, an investigation into suggested defences in Australia, New Zealand and South Africa was launched. Arguments for the creation of a separate defence are, however, overshadowed by the arguments against the creation of such a defence. Therefore, the creation of a separate defence for battered women is not recommended for the South African law. By accepting the battered woman syndrome as a separate defence, the South African law also runs the risk of being impaired, rather than helped. It is therefore advisable for South African courts to rather carry on treating murderous battered woman in accordance with existing, recognized grounds of justification.

LYS VAN AFKORTINGS

<i>Acta Crim</i>	<i>Acta Criminologica</i>
<i>ASSAL</i>	<i>Annual Survey of SA Law</i>
<i>Grondwet</i>	<i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</i>
<i>HLR</i>	<i>Harvard Law Review</i>
<i>JLS</i>	<i>Journal of Law and Society</i>
<i>LHB</i>	<i>Law and Human Behavior</i>
<i>SACJ</i>	<i>South African Journal of Criminal Justice</i>
<i>SPW</i>	<i>Strafproseswet 51 van 1977</i>
<i>THRHR</i>	<i>Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg</i>
<i>TICCJ</i>	<i>Trends & Issues in Crime and Criminal Justice</i>
<i>U Chi LR</i>	<i>University of Chicago Law Review</i>
<i>U Pen LR</i>	<i>University of Pennsylvania Law Review</i>
<i>U Pitt LR</i>	<i>University of Pittsburgh Law Review</i>
<i>U Tor LJ</i>	<i>University of Toronto Law Journal</i>
<i>VLR</i>	<i>Virginia Law Review</i>
<i>WOG</i>	<i>Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998</i>

INHOUDSOPGAWE

Opsomming	iii
Summary	vi
Lys van afkortings	ix
Hoofstuk 1	3
Inleiding.....	3
1.1 Agtergrond en probleemstelling.....	3
1.2 Navorsingsmetodologie	8
1.3 Terreinafbakening	8
Hoofstuk 2.....	10
Mishandelde vrou-sindroom in konteks	10
2.1 Inleiding.....	10
2.2 Mishandelde vrou-sindroom in die sielkunde	10
2.2.1 Identifisering van die mishandelde vrou-sindroom.....	10
2.2.2 Seligman se aangeleerde hulpeloosheid	12
2.3 Betekenis van mishandelde vrou-sindroom.....	17
2.3.1 Omskrywing.....	17
2.3.2 Walker se siklus van geweld	18
2.3.2.1 Spanning-bou fase	20
2.3.2.2 Hewige mishandeling fase	21
2.3.2.3 Berouvolle fase.....	24
2.4 Kritiek teen die mishandelde vrou-sindroom	26
2.4.1 Konseptuele kritiekpunte	26
2.4.2 Metodologiese kritiekpunte	27
2.4.3 Kritiek teen die sindroom se konstruksie as geheel.....	28
2.4.4 Ander kritiek	29
2.5 Mishandelde vrou-sindroom in die strafreg	31
2.6 Samevatting en gevolgtrekking	32
Hoofstuk 3.....	34
Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op wederregtelikheid.....	34
3.1 Inleiding.....	34
3.2 Wederregtelikheid en die mishandelde vrou	35
3.2.1 Algemeen	35
3.2.2 Noodweer.....	36
3.2.3 Alternatiewe regsmitte	47
3.2.3.1 Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld 133 van 1993	48
3.2.3.2 Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998 (WOG)	48
3.2.3.3 Redes vir nie gebruik van statutêre remedies.....	50
3.2.3.4 Plig om te vlug	52
3.3 Samevatting en gevolgtrekking	56
Hoofstuk 4.....	58
Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op handeling en skuld.....	58
4.1 Inleiding.....	58
4.2 Handeling.....	58
4.3 Toerekeningsvatbaarheid	61
4.3.1 Patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.....	62
4.3.2 Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.....	63
4.3.3 Verminderde toerekeningsvatbaarheid	68
4.4 Skuld.....	72
4.5 Samevatting en gevolgtrekking	77
Hoofstuk 5.....	79
Resente strafregtelike verwickelinge in buitelandse regstelsels	79
5.1 Inleiding.....	79
5.2 Verwickelinge in Australië.....	80
5.2.1 Algemeen	80
5.2.2 Hervorming van die verweer van noodweer.....	80
5.2.3 Hervorming van die verweer van provokasie	82
5.3 Verwickelinge in Engeland en Wallis.....	83
5.3.1 Algemeen	83

5.3.2	Hervorming van die verweer van provokasie.....	83
5.3.3	Hervorming van verminderde toerekeningsvatbaarheid	85
5.4	Resente verwickelinge en Suid-Afrika	87
5.5	Afsonderlike verweer vir mishandelde vroue.....	89
5.5.1	Algemeen	89
5.5.2	Afsonderlike verweer in Australië.....	89
5.5.3	Afsonderlike verweer in Nieu-Seeland.....	92
5.5.4	Afsonderlike verweer in Suid-Afrika	97
5.6	Samevatting en gevolgtrekking	100
	Hoofstuk 6.....	102
	Samevatting en gevolgtrekking	102
6.1	Agtergrond	102
6.2	Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op strafregtelike aanspreeklikheid.....	102
6.2.1	Suid-Afrika	102
6.2.1.1	Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op wederregtelikheid	103
6.2.1.2	Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op handeling en skuld	104
6.2.2	Suid-Afrika en resente verwickelinge in buitelandse reg-stelsels	105
6.2.2.1	Verwickelinge in Australië	106
6.2.2.2	Verwickelinge in Engeland en Wallis.....	106
6.2.3	Moontlikheid van 'n afsonderlike verweer	107
6.2.3.1	Afsonderlike verweer in Australië.....	107
6.2.3.2	Afsonderlike verweer in Nieu-Seeland.....	107
6.2.3.3	Afsonderlike verweer in Suid-Afrika	107
6.3	Aanbevelings	108
6.3.1	Noodweer	108
6.3.2	Verminderde toerekeningsvatbaarheid.....	108
6.3.3	Afsonderlike verweer	108
6.4	Ten slotte	109
	Bibliografie	111

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Agtergrond en probleemstelling

Gesinsgeweld bestaan sedert die man en vrou begin het om saam te leef.¹ Gesinsgeweld is diep gewortel in die Suid-Afrikaanse gemeenskap en het traumatiese nuwe-effekte op die slagoffers daarvan.² Gesinsgeweld is geslag-spesifiek deurdat dit meestal geweld deur mans teenoor vroue behels.³ Daar word beraam dat 18% tot 25% van Suid-Afrikaanse vroue aan mishandeling binne 'n intieme verhouding onderwerp word.⁴ Vir vroue is die risiko om deur 'n lewensmaat gedood te word ook veel hoër as vir mans.⁵

In *S v Baloyi*⁶ het Sachs R aangedui dat gesinsgeweld 'n produk is van vroue se algemene ondergeskiktheid aan mans. In die Suid-Afrikaanse reg is vroue se ondergeskikte posisie in die familie en samelewing deur die man se maritale mag oor sy vrou weerspieël.⁷ Die Suid-Afrikaanse reg het ook vroeër van die veronderstelling uitgegaan dat vroue by huweliksluiting onherroeplik tot geslagsverkeer vir die duur van die

1 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 472G-472H.

2 Bonthuys *et al* "Gender" 340; Pieterse-Spies *THRHR* 310.

3 Bonthuys *et al* "Gender" 341; Pieterse-Spies *THRHR* 311; *S v Baloyi* 2000 2 SA 425 (KH) par 12. Nicholson *De Rebus* 30 dui ook aan dat vroue beskou word as 'n samelewingsgroep wat die meeste mishandel word.

4 Pieterse-Spies *THRHR* 310-311. Bonthuys *et al* "Gender" 341 wys daarop dat "as many as one in two women are affected by some form of domestic violence". Sien ook Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=92&Itemid=29 waar aangetoon word dat: "Four times a day these flat, emotionless records are compiled to account for the women killed every six hours by their intimate partners. This translates into a prevalence rate of 8.8 per 100 000 of the female population aged 14 years and older - the highest rate ever reported in research anywhere in the world". Vir verdere statistieke sien *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 88E-88G.

5 Pieterse-Spies *THRHR* 310-311. Sien ook Vetten 2000 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=102&Itemid=29.

6 *S v Baloyi* 2000 2 SA 425 (KH) par 12. Sien ook Pieterse-Spies *THRHR* 315.

7 Bonthuys *et al* "Gender" 341. Vroue is egter nie meer ondergeskik aan hulle mans nie. Volgens Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 2^{de} uitg 73 is die man se maritale mag oor sy vrou deur a 29 van die *Vierde Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993 afgeskaf.

huwelik toegestem het.⁸ Tot en met die inwerkingtreding van die *Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld*⁹ in 1993 was dit dus wettig vir 'n man om geslagsverkeer op sy vrou af te dwing.¹⁰ Die reg wat 'n man histories geniet het om sy vrou redelike straf toe te dien, het ook die voorkoms van gesinsgeweld aangevuur.¹¹ Hierdie verskynsel is na verwys as die "rule of thumb" waarvolgens 'n man sy vrou kon slaan met 'n stok mits die stok nie dikker as sy duim was nie.¹²

Bogenoemde faktore het daartoe bygedra dat gesinsgeweld in Suid-Afrika nie as 'n sistematiese probleem en geslagsgeoriënteerde misdryf beskou is nie.¹³ Gesinsgeweld moet egter verstaan word as 'n sosiale probleem wat uit ons geskiedenis na vore tree en wat ongelyke sosiale, ekonomiese en kulturele verhoudings weerspieël.¹⁴ Die probleem rondom gesinsgeweld, en meer spesifiek die effek daarvan op Suid-Afrikaanse mishandelde vroue, word vererger deur die feit dat die gemeenskap gesinsgeweld grootliks aanvaar of ten minste duld.¹⁵

'n Groot hoeveelheid verhoudinge waarin mishandeling voorkom, eindig in sterftes deurdat die vrou nie langer haar posisie kan verduur nie en sodoende teen haar mishandelaar optree deur hom dood te maak.¹⁶

8 Bonthuys *et al* "Gender" 341.
9 133 van 1993.

10 Bonthuys *et al* "Gender" 341. Sien a 5 *Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld* 133 van 1993 wat bepaal het dat 'n man weens verkragting van sy vrou skuldig bevind kan word.

11 Die patriargale mitologie rondom gesinsgeweld sien geweld en mishandeling as iets natuurliks waarvoor vroue blameer word. Daar word selfs beweer dat hulle die mishandeling en geweld geniet en daarvoor vra. Sien Bonthuys *et al* "Gender" 341-342 in hierdie verband.

12 Bonthuys *et al* "Gender" 341. Die frase "rule of thumb" het sy oorsprong in die Engelse gemene reg gehad en dateer terug tot die 1700's. Sien in hierdie verband Sommers 1994 www.canlaw.com/rights/thumbrul.htm en Lewis 2005 www.womenshistory.about.com/od/mythsowomenshistory/a/rule_of_thumb.htm.

13 Bonthuys *et al* "Gender" 342.

14 Bonthuys *et al* "Gender" 342.

15 Dit blyk uit Bonthuys *et al* "Gender" 341. In *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 88G wys Satchwell R daarop dat vanaf 1990 tot 1999 941 moorde tussen lewensmaats plaasgevind het. Sy wys ook daarop dat, uit 'n studie van hofsake tussen 1994 en 1998 meer as die helfte van die vroue hulle mishandelaars doodgemaak het in omstandighede waar hulle mishandel is (89A).

16 Pieterse-Spies *THRHR* 311.

Wanneer mishandelde vroue hulle mishandelaars doodmaak, vind dit normaalweg plaas in gevalle waar die vroue se mishandelaars hulle aan jarelange mishandeling onderwerp het.¹⁷ Volgens O'Donovan¹⁸ betree hierdie vroue dan 'n strafregstelsel waar hulle verhoor en gevonnissen word deur houe wat hulle optrede of die beweegrede daaragter verkeerd verstaan of bloot ignoreer.

In *S v Baloyi*¹⁹ het Sachs R daarop gewys dat dit die staat se plig is om gesinsgeweld uit te roei en die gevolge daarvan te hanteer. In *S v Ferreira*²⁰ beklemtoon Howie P ook dat die plaag van gesinsgeweld effektief deur die staat en gemeenskap hanteer moet word en, indien nodig, deur die houe. In *S v Engelbrecht*²¹ het Satchwell R daarop gewys dat artikel 39(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna *Grondwet*) vereis dat die elemente van die uitgekristalliseerde regverdigingsgronde in die strafreg ontwikkel word ten einde die gees, strekking en doel van die Handves van Regte te bevorder. Volgens die uitspraak bring dit mee dat, wanneer mishandelde vroue hulle weens jarelange mishandeling tot geweld wend, die bestaande regverdigingsgronde op só 'n wyse geïnterpreteer moet word dat die impak van die mishandeling op die vrou verreken word.²²

Die gevolge wat voortdurende mishandeling op 'n vrou kan hê, is in die negentigerjare deur die Amerikaner Seligman bestempel as "learned helplessness" (hierna verwys as "aangeleerde hulpeloosheid").²³ Die teorie gaan van die veronderstelling uit dat 'n vrou wat herhaaldelik deur haar lewensmaat mishandel word, uiteindelik sal aanvaar dat haar

17 Pieterse-Spies *THRHR* 311.

18 O'Donovan *JLS* 220. Sien ook Pieterse-Spies *THRHR* 311.

19 *S v Baloyi* 2000 2 SA 425 (KH) paragrawe 1, 11, 26. Sien ook Pieterse-Spies *THRHR* 315.

20 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 472B. Sien ook Nicholson *De Rebus* 29 en Vetten 2000 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=102&Itemid=29.

21 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 132A.

22 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 132A-132B.

23 Sien par 2.2.2.

mishandeling onvermybaar is.²⁴ Sy sal uiteindelik 'n gevoel van hulpeloosheid ontwikkel.²⁵ Die teorie van aangeleerde hulpeloosheid verskaf dus 'n verduideliking vir die sielkundige magteloosheid wat mishandelde vroue ervaar.²⁶

Die konsep van aangeleerde hulpeloosheid is later deur Walker verder ontwikkel tot die mishandelde vrou-sindroom.²⁷ Die mishandelde vrou-sindroom verwys na die fisiese en sielkundige gedragseienskappe wat die slagoffers van voortgesette mishandeling tussen lewensmaats openbaar.²⁸ Die sindroom verduidelik waarom mishandelde vroue hulle nie teen hulle mishandelaars verdedig nie,²⁹ of hulle nie uit die mishandelende situasie bevry³⁰ of by ander gaan hulp soek nie.³¹

Die probleem is egter dat 'n mishandelde vrou na herhaaldelike mishandeling breekpunt kan bereik en haar mishandelaar doodmaak op 'n stadium wanneer daar geen aanval teen haar gerig is nie, byvoorbeeld wanneer die mishandelaar slaap.³² Wanneer 'n mishandelde vrou uit die siklus van mishandeling wegbreek en teen haar mishandelaar optree kom die vraag na haar strafregtelike aanspreeklikheid ter sprake.³³ Alvorens 'n mishandelde vrou strafregtelik aanspreeklik kan wees, moes sy 'n misdryf gepleeg het. 'n Misdryf word omskryf as 'n "wederregtelike, skuldige doen of late".³⁴ Hieruit blyk die algemene vereistes vir 'n misdryf soos volg te wees: handeling, voldoening aan die omskrywingselemente van 'n misdryf, wederregtelikheid en skuld.

24 Cipparone *U Pen LR* 432.

25 Cipparone *U Pen LR* 432.

26 Sien par 2.2.2. Sien ook Seligman *Helplessness* 46 en Walker *The Battered Woman* 45.

27 Sien par 2.2.2. Sien ook Shaffer *U Tor LJ* 9 en Schuller and Vidmar *LHB* 275.

28 Sien par 2.3.1. Sien ook Schuller and Vidmar *LHB* 275.

29 Shaffer *U Tor LJ* 9.

30 Sien par 2.2.2. Sien ook Walker *The Battered Woman* 49, Anon *HLR* 1388, Warren *U Chi LR* 2042, NZLC *Preliminary Paper* 41 par 14 en NZLC *Report* 73 2.

31 Walker *Terrifying Love* 50.

32 Sien die feite van *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) en *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) in voetnote 220 en 221.

33 Schuller and Vidmar *LHB* 275

34 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 5; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 178.

In *S v Engelbrecht*³⁵ was Satchwell R van mening dat die verweer van noodweer beskikbaar is vir 'n mishandelde vrou wat haar mishandelaar na jarelange, onvermydelike mishandeling doodmaak.³⁶ Dit blyk dat Satchwell R van mening was dat noodweer vir mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak terwyl daar geen dreigende aanval aan sy kant is nie, beskikbaar is.³⁷ 'n Mishandelde vrou kan ook aanvoer dat sy tydens die doodmaak van haar mishandelaar ontoerekeningsvatbaar was.³⁸ Toerekeningsvatbaarheid vorm deel van die ondersoek na haar skuld.³⁹ 'n Mishandelde vrou kan nie oor die nodige skuld beskik indien 'n hof haar ontoerekeningsvatbaar bevind nie.⁴⁰ Sou 'n hof haar toerekeningsvatbaar bevind kan haar skuld steeds ontbreek deurdat sy nie die nodige opset of nalatigheid vir die doodmaak van haar mishandelaar getoon het nie.⁴¹ Die vraag is dus of die impak van die mishandeling op die vrou wel een of meer van die algemene vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid kan beïnvloed of nie.

Teen hierdie agtergrond gaan die invloed van die mishandelde vrou-sindroom, 'n verskynsel in die sielkunde, op strafregtelike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg ondersoek word. Daar sal ondersoek word op watter manier die Suid-Afrikaanse reg vroue wat 'n misdryf teenoor hulle mishandelaars pleeg, hanteer. Die vraag of die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer in die strafreg kan geld sal ook ondersoek word.⁴² Ten einde hierdie vrae te beantwoord word hierdie studie beperk tot die strafregtelike elemente van wederregtelikheid, handeling en skuld.

35 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 132F, 134C-134D. Sien ook Grant ASSAL 664.

36 Pieterse-Spies *THRHR* 317.

37 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134C-134D.

38 Sien par 4.3 waar die moontlike sukses van 'n mishandelde vrou se beroep op ontoerekeningsvatbaarheid ondersoek word.

39 Sien hoofstuk 4.

40 Sien hoofstuk 4.

41 Sien par 4.4.

42 Sien par 5.5.

Die verskynsel van mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak is 'n verskynsel wat wêreldwyd voorkom. In Australië, Nieu-Seeland, Engeland en Wallis het daar egter onlangse verwikkelinge wat die situasie waarin mishandelde vroue verkeer spesifiek aanspreek, plaasgevind.⁴³ Hierdie strafregtelike verwikkelinge sal dus ook in hierdie studie ondersoek word ten einde vas te stel of die Suid-Afrikaanse reg by een of meer van hierdie jurisdiksies kan kers opsteek.

1.2 Navorsingsmetodologie

Hierdie studie behels in die eerste plek 'n literatuurstudie van boeke, regspraak, tydskrifte, wetgewing en internetbronne ten einde die regsposisie in die Suid-Afrikaanse reg te ondersoek. In die *Grondwet* word bepaal dat die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder moet word wanneer die gemene reg deur die howe ontwikkel word.⁴⁴ Die *Grondwet* bepaal ook dat die howe by die uitleg van die Handves van Regte buitelandse reg in ag kan neem.⁴⁵ In die lig hiervan word daar in hierdie studie ook na resente strafregtelike verwikkelinge in Australië, Nieu-Seeland, Engeland en Wallis⁴⁶ gekyk met die doel om vas te stel of Suid-Afrika by hierdie regstelsels iets kan leer.⁴⁷

1.3 Terreinafbakening

Die studie begin met die kontekstualisering van die mishandelde vrou-sindroom in die sielkunde.⁴⁸ Só 'n ondersoek is nie geheel en al vreemd indien mens in aanmerking neem dat sielkundige getuienis dikwels in strafregtelike verrigtinge afgelê word om die elemente van misdade te bewys of te weerlê nie. Daarna word die invloed van die mishandelde

43 Sien hoofstuk 5.

44 A 39(2) *Grondwet*.

45 A 39(1)(c) *Grondwet*.

46 Aangesien die resente verwikkelinge in die Verenigde Koninkryk slegs op Engeland en Wallis van toepassing is, word laasgenoemde twee lande as een hanteer. Sien MJ *Consultation Paper CP19/08* 6 in hierdie verband.

47 Sien hoofstuk 5.

48 Sien hoofstuk 2.

vrou-sindroom op die algemene vereistes van wederregtelikheid, handeling en skuld in die Suid-Afrikaanse strafreg ondersoek.⁴⁹ 'n Analise van resente strafregtelike verwickelinge in Australië, Engeland en Wallis kom daarna onder die loep.⁵⁰ Die doel van die regsvergelykende ondersoek is om te ondersoek of Suid-Afrika enigiets uit die verwickelinge in ander lande kan wys word.⁵¹ Die keuse het op Australië, Engeland en Wallis geval aangesien die situasie waarin mishandelde vroue verkeer onlangs spesifiek in daardie lande aangespreek is.⁵² Laastens fokus hierdie studie op die vraag na die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue in Suid-Afrika.⁵³ In hierdie verband het Australië en Nieu-Seeland voorstelle vir 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue oorweeg en daarom sal 'n ondersoek na die regsposisie in hierdie lande ook onderneem word ten einde vas te stel of die voorgestelde afsonderlike verweere ook moontlik in die Suid-Afrikaanse strafreg aangewend kan word.⁵⁴

49 Sien hoofstuk 3 en 4.
 50 Sien paragrawe 5.2-5.3.
 51 Sien paragrawe 5.2-5.3.
 52 Sien paragrawe 5.2-5.3.
 53 Sien par 5.5.
 54 Sien par 5.5.

HOOFSTUK 2

MISHANDELDE VROU-SINDROOM IN KONTEKS

2.1 Inleiding

Die vraag wat deur die loop van hierdie bespreking in gedagte gehou moet word, is of 'n verskynsel van die sielkunde, naamlik die mishandelde vrou-sindroom, as afsonderlike verweer in die strafreg kan geld. Ten einde hierdie vraag te beantwoord word 'n ondersoek na die mishandelde vrou-sindroom in die sielkunde geloods.

Alhoewel hierdie studie hoofsaaklik daarop gemik is om die rol van die mishandelde vrou-sindroom in die strafreg te ondersoek, moet ingedagte gehou word dat hierdie verskynsel hoofsaaklik deur middel van sielkundige of psigiatryse getuienis bewys of weerlê kan word. Dit is gevolglik eers nodig om die oorsprong, ontwikkeling en aard van die mishandelde vrou-sindroom te verstaan ten einde te bepaal hoe hierdie verskynsel verreken moet word by die bepaling van die strafregtelike aanspreeklikheid van 'n mishandelde vrou.

Daar sal gekyk word na hoe hierdie sindroom in die sielkunde gedefinieer word en hoe die twee teorieë wat die grondslag van die mishandelde vrou-sindroom uitmaak, daar uitsien.⁵⁵ Ten einde hierdie bespreking en ondersoek meer sinvol te struktureer is dit eerstens nodig om uitsluitel te kry oor waar, wanneer en hoe hierdie sindroom in die sielkunde geïdentifiseer is, alvorens die rol en invloed daarvan in die strafreg bespreek kan word.⁵⁶

2.2 Mishandelde vrou-sindroom in die sielkunde

2.2.1 *Identifisering van die mishandelde vrou-sindroom*

Die konsep van die mishandelde vrou-sindroom het sy oorsprong in die werke van die sielkundige en navorser, Lenore Walker.⁵⁷ Walker⁵⁸ het

55 Sien paragrafe 2.2 en 2.3.

56 Sien paragrafe 2.2 en 2.3

57 Reddi SACJ 261; *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 466I-467A.

die mishandelde vrou-sindroom geïdentifiseer nadat sy onderhoude met mishandelde vroue vanaf 1975 tot 1978 gevoer het. Sy het haar studie begin deur 120 deurtastende onderhoude met mishandelde vroue te voer, welke onderhoude met 'n verdere 300 onderhoude opgevolg is.⁵⁹ Na afhandeling van hierdie onderhoude het sy inligting versamel oor vroulike geweldslagoffers ten einde kwantitatiewe inligting oor hulle te bekom.⁶⁰ Op grond van hierdie inligting kon sy sekere bevindings rakende die agtergrond van mishandelaars en die impak van die mishandeling op vroue maak.⁶¹

Walker⁶² se navorsing oor vroulike geweldslagoffers is op 'n sistematiese manier vanaf 1978 tot 1981 voortgesit deurdat sy onderhoude gevoer het met 'n verdere 435 vroue in die Rocky Mountain omgewing van Colorado. Die vroue waarmee die onderhoude gevoer is, was op een of ander stadium in hulle lewe die slagoffers van mishandeling deur hulle lewensmaats.⁶³ Die doel van die onderhoude was om 'n sielkundige verduideliking te vind waarom mishandelde vroue slagoffers word.⁶⁴ Dit was ook daarop gerig om te verduidelik hoe mishandelde vroue in 'n toestand van hulpeloosheid gedompel word, welke hulpeloosheid hulle verhoed om die verhouding te verlaat.⁶⁵ Verder sou die onderhoude duidelikheid gee oor hoe die slagofferproses mishandelde vroue in die verhouding vasvang.⁶⁶

58 Walker "How battering happens and how to stop it" 61; NZLC *Preliminary Paper 41* par 12. Alhoewel die inligting wat uit hierdie onderhoude verkry is, ongestruktureerd was, was daar wel ooreenstemmings tussen die verskillende vroue se individuele gevalle.

59 Walker "How battering happens and how to stop it" 62; NZLC *Preliminary Paper 41* par 12.

60 Walker "How battering happens and how to stop it" 62.

61 Walker "How battering happens and how to stop it" 62-63. Walker kon vanuit hierdie kwantitatiewe inligting 'n sielkundige rede verskaf waarom mishandelde vroue slagoffers word, hoe hulle vasgevang word deur viktimisering en hoe hulle deur 'n sielkundige verlamming in die verhouding vasgevang word.

62 Walker "How battering happens and how to stop it" 62.

63 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

64 Walker "How battering happens and how to stop it" 63; Walker *The Battered Woman* 43.

65 Walker "How battering happens and how to stop it" 63.

66 Walker "How battering happens and how to stop it" 63; Walker *The Battered Woman* 43.

Die onderhoude was ook daarop gerig om twee teorieë rakende mishandelde vroue te toets.⁶⁷ Die twee teorieë behels eerstens die siklus van geweld teorie⁶⁸ en tweedens 'n variasie van Martin Seligman se teorie oor aangeleerde hulpeloosheid.⁶⁹

2.2.2 Seligman se aangeleerde hulpeloosheid

Tydens die identifisering van die mishandelde vrou-sindroom het Walker⁷⁰ gesteun op Martin Seligman, 'n bekende navorser in die sielkunde, se teorie oor aangeleerde hulpeloosheid. Sy het 'n variasie van sy teorie gebruik ten einde te verduidelik waarom mishandelde vroue nie hulle mishandelaars verlaat nie en hoe die toestand van hulpeloosheid onder mishandelde vroue ontwikkel.⁷¹

Seligman,⁷² het in die ontwikkeling van sy teorie oor aangeleerde hulpeloosheid, eksperimente met honde uitgevoer. Ongeveer 150 honde is tydens hierdie eksperimente, wat vanaf 1965 tot 1969 geduur het, onderwerp aan die toedien van elektriese skokke.⁷³ Die honde is aanvanklik in harnasse geplaas en onvermybare, maar matig pynlike, elektriese skokke toegedien.⁷⁴ Die elektriese skokke is na willekeur

67 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf. Sien ook NZLC *Preliminary Paper 41* par 12.

68 Reddi SACJ 261. Sien ook NZLC *Preliminary Paper 41* par 12. Walker "How battering happens and how to stop it" 63 toon aan dat die ontwikkeling van 'n siklus van geweld uit empiriese getuienis gespruit het. Hierdie siklus van geweld toon aan dat daar verskillende periodes van geweld binne 'n egpaar se gewelddadige verhouding is. Die siklus sluit ook 'n periode van liefde en vriendelikheid teenoor mekaar in.

69 Reddi SACJ 261. Sien ook NZLC *Preliminary Paper 41* par 12.

70 Walker *Terrifying Love* 42.

71 Walker *The Battered Woman Syndrome* 86; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf; Shaffer *U Tor LJ* 9; Anon *HLR* 1579; NZLC *Report* 73 2; NZLC *Preliminary Paper 41* par 15. Warren *U Chi LR* 2042 maak dit duidelik dat die siklus van geweld alleen nie kan verklaar waarom 'n vrou wat aan mishandelde vrou-sindroom ly nie haar mishandelaar verlaat nie.

72 Seligman *Helplessness* 21; Warren *U Chi LR* 2042; Walker *The Battered Woman* 46; Walker *Terrifying Love* 49.

73 Seligman *Helplessness* 24; Walker *The Battered Woman* 46; Walker *Terrifying Love* 49.

74 Seligman *Helplessness* 23.

toegedien en die honde het geen waarskuwing vooraf gehad nie.⁷⁵ 24 uur na die eksperimente in die harnas is die honde een na die ander in 'n hok geplaas wat in twee dele verdeel was. Hulle is dan weer elektriese skokke toegedien. Ten einde die elektriese skokke te vermy, moes die honde van die een kompartement na die ander spring.⁷⁶ Die elektriese skokke kon in albei kompartemente plaasvind en dus was daar geen plek in die hok wat veilig was nie. Die reaksie om te spring van een kompartement na die ander het egter altyd tot veiligheid gelei.⁷⁷ Die honde het wel 'n waarskuwing ontvang voor die elektriese skokke toegedien is, maar die tydsduur tussen die waarskuwing en die skokke was 10 sekondes. Indien die hond binne hierdie 10 sekondes oor die skouerhoogte versperring gespring het, het hy die elektriese skok vermy.⁷⁸ Indien nie, is 'n elektriese skok toegedien wat voortgeduur het totdat die hond oor die versperring gespring het. Sou die hond misluk het om binne 60 sekondes oor die versperring te spring, is die elektriese skokke gestaak.⁷⁹

Aanvanklik het die honde verskeie pogings aangewend om die skokke te ontvlug.⁸⁰ Hulle het egter gou agtergekom dat niks wat hulle gedoen het, die skokke kon keer nie.⁸¹ Die uiteindelijke gevolg was dat die honde passief en toegewend geword het.⁸² Later het Seligman en sy medenavorsers die honde probeer leer dat hulle wel kon ontsnap deur na die ander kant van die hok te gaan, maar die honde het steeds geen

75 Seligman *Helplessness* 23; Shaffer *U Tor LJ* 9; Walker *Terrifying Love* 49. Sien verder Faigman *VLR* 629 voetnoot 48.

76 Seligman *Helplessness* 23.

77 Seligman *Helplessness* 23.

78 Seligman *Helplessness* 23; Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 19.

79 Seligman *Helplessness* 23; Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 19.

80 Seligman *Helplessness* 21; Shaffer *U Tor LJ* 9; Faigman *VLR* 629 voetnoot 48; Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 19; Walker *The Battered Woman* 46.

81 Shaffer *U Tor LJ* 9; Walker *The Battered Woman* 46; Walker *Terrifying Love* 49. Sien in die verband ook Faigman *VLR* 629 voetnoot 48 en Seligman *Helplessness* 27.

82 Seligman *Helplessness* 22; Shaffer *U Tor LJ* 9; Walker *The Battered Woman* 46.

reaksie getoon nie.⁸³ Van die 150 honde wat in die eksperimente gebruik is, het 100 hulpeloos geword.⁸⁴ Dit het soms wel gebeur dat van die hulpelose honde oor die versperring gespring het.⁸⁵ Daar was ook honde wat in die een kompartement gesit het en skok na skok verduur het en wanneer die deur in die ander kompartement skielik oopgemaak is, oor die versperring gespring en uit die hok ontsnap het.⁸⁶ Aangesien hulpelose honde dus fisies daartoe in staat was om oor die versperring te spring om elektriese skokke te vermy, moes hulle probleem sielkundig gewees het.⁸⁷

Seligman⁸⁸ het die gevolgtrekking gemaak dat die ervaring van die honde tydens die eksperimente daartoe gelei het dat hulle geglo het dat hulle nie toekomstige gebeure kon beheer nie en verantwoordelik was vir enige verandering of versteuring van hulle optrede of opvoeding. Hy het ook aangedui dat die hulpeloosheid in die honde ontstaan het onder verskeie omstandighede en dat die hulpeloosheid maklik meegebring kon word. Die hulpeloosheid het nie van enige skokparameters afgehang nie en dit het nie saak gemaak of daar 'n waarskuwing vooraf was nie.⁸⁹ Selfs die apparate wat gebruik is en die plek waar dit gebruik is het geen invloed op die intrede van hulpeloosheid gehad nie.⁹⁰

83 Seligman en sy medenavorsers het selfs die hokke se deure laat oopstaan, maar die honde het steeds passief en toegewend gebly en geensins gepoog om die hok te verlaat ten einde die elektriese skokke vry te spring nie. Sien Shaffer *U Tor LJ* 9; Faigman *VLR* 629 voetnoot 48; Walker *The Battered Woman* 46 en Walker *Terrifying Love* 50; Walker *The Battered Woman Syndrome* 86.

84 Seligman *Helplessness* 24.

85 Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 19.

86 Seligman *Helplessness* 24.

87 Seligman *Helplessness* 24.

88 Warren *U Chi LR* 2042; Faigman *VLR* 629; Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 20; Walker *The Battered Woman* 45. Die honde het dus "aangeleer" dat hulle hulpeloos was. Baie van die honde het wel hulle magteloosheid te bowe gekom nadat die navorsers hulle fisies uit die hokke gesleep het. Ander honde het weer glad nie oor hulle magteloosheid gekom nie. Sien in dié verband Seligman *Helplessness* 56-57.

89 Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 20. Tydens die eksperimente is die frekwensie, intensiteit en duur van die skokke afgewissel.

90 Volgens Seligman is die harnas en hok verwisselbaar.

Seligman het 'n vergelyking getref tussen die optrede van die honde en menslike depressie.⁹¹ Tydens hierdie vergelyking het hy klem gelê op die kognitiewe en gedragseienskappe van hierdie twee groepe.⁹² Sy teorie wou dit tuisbring dat 'n subjek wat in 'n omgewing, waaroor hy geen beheer het nie, geplaas word, passief en toegewend sou word. Die subjek sal selfs pyn ervaar, ten spyte van die feit dat ontvlugting uit die omgewing beskikbaar is.⁹³

Seligman⁹⁴ het ook tot die gevolgtrekking gekom dat, wanneer 'n persoon gekonfronteer word met 'n situasie waarvan die uitkoms nie deur sy optrede bepaal kan word nie, daardie persoon sal aanleer dat sy optrede nie die uitkoms bepaal nie. Hierdie beginsel vorm die basis van die teorie oor aangeleerde hulpeloosheid. Volgens Seligman⁹⁵ sal dit wat tydens hierdie situasie aangeleer word, nie net sekere optrede affekteer nie, maar eerder:

... what gets learned when the environment is uncontrollable has profound consequences for the entire repertoire of behavior.

Die aanleerproses waarna hy verwys het 'n driedelige uitwerking. Dit sal eerstens 'n persoon se begeerte om aktief op te tree ten einde die uitkoms van 'n situasie te beheer, verminder.⁹⁶ Tweedens sal die aanleerproses, wat die kognitiewe aspek betref, die geloof by 'n persoon

91 Warren *U Chi LR* 2042; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf; Walker *The Battered Woman Syndrome* 86.

92 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf. Volgens Walker *The Battered Woman Syndrome* 86 het Seligman tot die gevolgtrekking gekom dat beide hulpelose diere en depressiewe mense 'n agterstand in motivering getoon het. Beide hierdie groepe het tekens van emosionele versteuring tesame met siekte, slaapversteurings en ander simptome, wat met mishandelde vrou-sindroom geassosieer word, getoon.

93 Die subjek wat hier ter sprake is kan op grond van Seligman se navorsing beide mense en diere insluit.

94 Seligman *Helplessness* 46; Walker *The Battered Woman* 45.

95 Seligman *Helplessness* 32.

96 Seligman *Helplessness* 46; Walker *The Battered Woman* 45. Die begeerte om aktief op te tree ten einde uitkoms A te beheer is afkomstig van die *verwagting* dat enige optrede wel uitkoms A sal hê. Wanneer 'n persoon egter geleer het dat uitkoms A geensins van sy optrede afhang nie, sal die *verwagting* dat optrede uitkoms A sal lewer, verdwyn. Die geloof in onbeheerbaarheid sal die begeerte om optrede te inisieer laat verdwyn.

skep dat enige optrede aan sy kant oneffektief sal wees en terselfdertyd sal die persoon moeilik oortuig word daarvan dat sy optrede wel sal kan slaag.⁹⁷ Laastens, wanneer die uitkomste van 'n sekere situasie traumaties is, sal die aanleerproses op 'n emosionele vlak tot verhoogde spanning lei wat uiteindelik deur depressie gevolg word.⁹⁸

As 'n laaste gedagte kan opgemerk word dat 'n mens volgens die teorie van aangeleerde hulpeloosheid 'n wye invloed van die situasie se onbeheerbaarheid by 'n subjek kan verwag. Die teorie doen aan die hand dat:

The uncontrollability of an aversive event adds to the fear-arousing properties of the event and leads to depression if the experience is prolonged or intense or becomes chronic.⁹⁹

Walker¹⁰⁰ het aangevoer dat, in die geval van mishandelde vroue, die mishandeling dieselfde funksie as die elektriese skokke by honde verrig het en dat vroue geleer het dat hulle niks kan doen om die mishandeling stop te sit nie. Die toepassing van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid op 'n mishandelde vrou het dus die wyse waarop sy die mishandeling ervaar en die effek daarvan op haar al duideliker gemaak.¹⁰¹ In die lig hiervan kon 'n betekenis aan die mishandelde vrou-sindroom toegedig word, welke betekenis vervolgens weergegee word.

97 Seligman *Helplessness* 46-47; Walker *Terrifying Love* 50.

98 Seligman *Helplessness* 47. Wanneer 'n traumatiese ervaring die eerste maal plaasvind, veroorsaak dit 'n verhoogde emosionele toestand. Hierdie toestand duur voort tot een van twee dinge gebeur: óf 'n persoon leer dat hy die trauma kan hanteer en die vrees verminder en verdwyn uiteindelik óf 'n persoon leer dat hy nie die trauma kan hanteer nie en die vrees neem dan toe en word uiteindelik vervang met depressie.

99 Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness* 56.

100 Walker *Terrifying Love* 50; Walker *The Battered Woman Syndrome* 87; Walker *The Battered Woman* 48-50; Warren *U Chi LR* 2042; Shaffer *U Tor LJ* 10. Sien ook NZLC Report 73 2 en NZLC Preliminary Paper 41 par 15.

101 Shaffer *U Tor LJ* 10; Walker *The Battered Woman* 49.

2.3 Betekenis van mishandelde vrou-sindroom

2.3.1 Omskrywing

In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal word "sindroom" soos volg omskryf:

Kompleks van verskynsels kenmerkend vir 'n siektetoestand, liggaamlik of geestelik.¹⁰²

Binne die konteks van hierdie definisie kan die mishandelde vrou-sindroom weer op verskeie maniere gedefinieer word. Een so 'n definisie lui soos volg:

'Battered woman syndrome' is a descriptive term that refers to the effects of physical or psychological abuse on many women. It describes a 'pattern of responses and perceptions presumed to be characteristic of women who have been subjected to continuous physical abuse by their mate.'¹⁰³

In *S v Engelbrecht* omskryf Satchwell R¹⁰⁴ die mishandelde vrou-sindroom soos volg:

... a well-known theory put forward to explain the effects of domestic violence.

Reddi¹⁰⁵ sluit hierby aan met 'n definisie van haar eie wanneer sy sê:

The term 'battered woman syndrome' is used to describe a pattern of psychological and behavioural symptoms found in women living in violent relationships.

Craven¹⁰⁶ omskryf die mishandelde vrou-sindroom as die onderskeidende sielkundige en gedragseienskappe wat vloei uit voortgesette blootstelling aan geweld tussen lewensmaats. Volgens Easteal¹⁰⁷ verwys die mishandelde vrou-sindroom bloot na 'n patroon

102 Odendal en Gouws *HAT* 980.

103 Anon *HLR* 1578. Sien ook Easteal "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38; Reddi *SACJ* 261 en Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

104 *S v Engelbrecht* 2005 2 *SACR* 41 (W) 93G.

105 Reddi *SACJ* 260.

106 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

107 Easteal "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38.

van geweld en die sielkundige uitwerking van daardie patroon op die slagoffer.

Navorsers in die sielkunde het gepoog om die mishandelde vrou-sindroom te definieer in terme van kenmerkende terme soos die ontwikkeling van onderskeidende sielkundige, fisiese en sosiale afwykings.¹⁰⁸ Die ander onderskeidende terme sluit in depressie, isolasie en 'n lae-selfbeeld wat veroorsaak word deur die mishandelende lewensmaat se voortdurende mishandeling.¹⁰⁹ Daar bestaan egter geen enkele definisie, of ooreenstemming oor 'n definisie, vir die mishandelde vrou-sindroom nie.¹¹⁰ Die term omvat vroue se wisselende reaksies op 'n wye reeks mishandelende gebeure.¹¹¹ Die verskeie definisies het egter een aspek in gemeen en dit is dat die voortgesette mishandeling plaasvind in 'n siklus van geweld, welke siklus hierna verdere aandag sal geniet.

Vir doeleindes van hierdie bespreking word mishandelde vrou-sindroom beskou as 'n beskrywende uitdrukking wat verwys na die fisiese en sielkundige gedragseienskappe wat slagoffers van voortgesette mishandeling tussen lewensmaats, openbaar.

2.3.2 Walker se siklus van geweld

In haar navorsing het Walker¹¹² bevind dat mishandeling tussen lewensmaats normaalweg in siklusse met verskillende grade van ernstigheid plaasvind. Op grond hiervan identifiseer sy drie fases van die mishandelde vrou-sindroom, te wete die spanning-bou fase, die

108 Reddi SACJ 262; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

109 Reddi SACJ 262; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

110 Reddi SACJ 262.

111 Reddi SACJ 262, 270-271.

112 Walker *Terrifying Love* 42; Walker *The Battered Woman* 55; Walker "How battering happens and how to stop it" 65; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf; Anon HLR 1579; Cipparone *U Pen LR* 430. Sien ook NZLC *Report* 73 2 en NZLC *Preliminary Paper* 41 par 13.

hewige mishandeling fase en laastens die berouvolle fase.¹¹³ Walker het dit egter nie duidelik gemaak hoeveel keer 'n vrou deur hierdie drie fases moet gaan alvorens sy binne die gedragspatroon van die mishandelde vrou-sindroom sal val nie.¹¹⁴ Met betrekking tot die duur van 'n fase en die siklus as geheel, sê Walker¹¹⁵ dat:

So far it has been difficult to discern how long a couple will remain in any one phase or to predict the length of any one cycle. There is a lot of evidence that situational events can influence the timing.

Selfs 'n eenmalige ervaring van al drie fases kan voldoende wees vir die teenwoordigheid van die sindroom by 'n vrou.¹¹⁶ Na só 'n eenmalige ervaring van al drie fases sal 'n mishandelde vrou binne die gedragspatroon val wat Walker geïdentifiseer het as aanduidend van aangeleerde hulpeloosheid.¹¹⁷ Die teorie rakende die siklus van geweld gaan dus van die veronderstelling uit dat die mishandeling 'n sekere patroon volg wat mettertyd erger word.¹¹⁸ Elkeen van die drie fases in die siklus van geweld lewer 'n belangrike bydrae tot die sielkundige onderbou van die mishandelde vrou-sindroom en dit is noodsaaklik om die gebeure tydens en die effek van elke fase te begryp.

-
- 113 Walker "How battering happens and how to stop it" 65; Walker *The Battered Woman* 55; Walker *Terrifying Love* 42; Walker *The Battered Woman Syndrome* 95; Anon *HLR* 1386; Warren *U Chi LR* 2041-2042; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf. Sien ook LRCWA *Final Report* 285.
 - 114 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.
 - 115 Walker "How battering happens and how to stop it" 65; Walker *The Battered Woman* 55.
 - 116 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.
 - 117 Anon *HLR* 1386; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.
 - 118 Anon *HLR* 1579; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf. Sien ook NZLC *Preliminary Paper* 41 par 13.

2.3.2.1 *Spanning-bou fase*

Die spanning-bou fase bestaan uit klein, geringe insidente van mishandeling.¹¹⁹ Dit is gedurende hierdie fase wat die mishandelde vrou agterkom dat haar lewensmaat angstig raak en gewelddadig kan optree.¹²⁰ Die mishandeling sal hier gewoonlik bestaan uit geringe toevoegings van geweld wat vinnig toegesmeer word.¹²¹ Tydens hierdie fase sal die vrou poog om so insiklik as moontlik voor te kom en die mishandelaar te kalmeer, ten einde te voorkom dat die geweld toeneem.¹²²

Die vrou oortuig haarself dat sy deur hierdie optrede voorkom dat haar mishandelaar se woede teenoor haar vererger.¹²³ Indien sy haar goed van haar taak kwyt sal die voorval vinnig verbygaan, maar indien nie sal haar mishandelaar gewelddadig raak.¹²⁴ Mishandelde vroue het al getuig dat die sielkundige teistering tydens hierdie fase erger is om te hanteer as die fisiese leed wat hulle aangedoen word.¹²⁵ Vroue wat oor 'n sekere periode mishandel is weet ook dat die geringe insidente van mishandeling erger sal word, maar hulle ontken hierdie feit aangesien dit hulle help om die mishandeling te hanteer.¹²⁶

119 Walker "How battering happens and how to stop it" 65; Anon *HLR* 1579; Warren *U Chi LR* 2041; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf; Easta *Battered women who kill: A plea of self-defence* 38; Walker *The Battered Woman* 56; Walker *Terrifying Love* 42; Walker *The Battered Woman Syndrome* 95.

120 Anon *HLR* 1579; Walker "How battering happens and how to stop it" 66.

121 Walker "How battering happens and how to stop it" 67. Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf. 'n Voorbeeld van só 'n geringe toevoeging van geweld is waar die mishandelaar die vrou sal klap.

122 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *The Battered Woman* 56; Walker *Terrifying Love* 42-43; Walker *The Battered Woman Syndrome* 95. Walker "How battering happens and how to stop it" 66 toon aan dat die vrou haar mishandelaar sal kalmeer deur gebruik te maak van tegnieke wat vroeër sukses gehad het. Sy kan versorgend optree, die man se optrede probeer voorspel of sy mag dalk selfs net uit sy pad bly.

123 Walker "How battering happens and how to stop it" 66.

124 Walker "How battering happens and how to stop it" 66; Walker *The Battered Woman* 56. Die vrou sal dan met 'n skuldgevoel moet saamleef dat sy haarself in daardie situasie geplaas het. Sy glo dat sou sy haar beter van haar taak gekwyd het, sou haar mishandelaar nie gewelddadig geraak het nie.

125 Cipparone *U Pen LR* 430.

126 Walker "How battering happens and how to stop it" 66.

Die spanning-bou fase hou belangrike nagevolge in.¹²⁷ Met elke geringe mishandelingsvoorval word die vrou se woede teenoor haar mishandelaar erger, alhoewel sy nie hierdie woede erken of dit openbaar nie.¹²⁸ Die mishandelaar weer besef dat sy optrede onvanpas is, alhoewel hy dit nie erken nie.¹²⁹ Sy vrees dat die vrou hom sal verlaat word erger en die vrou versterk hierdie vrees deur meer en meer teruggetrokke te raak.¹³⁰ Laasgenoemde doen sy ten einde te voorkom dat sy gewelddadige optrede deur haar mishandelaar ontlok.¹³¹ Soos wat beide die vrou en haar mishandelaar bewus raak van die spanning wat opbou, raak dit al moeiliker vir hulle om die situasie te hanteer.¹³² Die geringe toevoegings van geweld en spanning neem stelselmatig toe en die volgende fase in die siklus van geweld tree dan in.

2.3.2.2 *Hewige mishandeling fase*

Die volgende fase in die siklus van geweld staan bekend as die hewige mishandeling fase. Tydens hierdie word die vrou onderwerp aan erge en gewelddadige mishandeling.¹³³ Hierdie fase word gekenmerk deur die onbeheerbare loslating van spanning wat tydens die spanning-bou fase opgebou is.¹³⁴ Die mishandelaar sal gewoonlik die hewige mishandeling fase begin deur sy optrede teenoor homself te

127 Walker "How battering happens and how to stop it" 67.

128 Walker "How battering happens and how to stop it" 67.

129 Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 57.

130 Walker "How battering happens and how to stop it" 67. Die mishandelaar sal meer onderdrukkend word, jaloers en besitlik optree. Hierdeur poog hy om die vrou in die verhouding vas te keer en in die meeste gevalle behaal hy groot sukses daarmee.

131 Walker *The Battered Woman Syndrome* 95.

132 Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 57; Walker *The Battered Woman Syndrome* 95.

133 Anon HLR 1579; Warren *U Chi* LR 2041; Eastel "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38; Walker *Terrifying Love* 43.

134 Cipparone *U Pen* LR 430; Walker *The Battered Woman* 59; Walker *The Battered Woman Syndrome* 96. Volgens Walker "How battering happens and how to stop it" 68 aanvaar die mishandelaar tydens hierdie fase dat sy woede buite beheer is.

regverdig.¹³⁵ Die fase eindig weer met die mishandelaar wat nie verstaan wat presies gebeur het en presies wat hy gedoen het nie.¹³⁶

Wat gewoonlik tydens hierdie fase gebeur is dat die mishandelaar in 'n erge woedebui ingaan en die vrou erge fisiese beserings toedien.¹³⁷ Die mishandelaar het die begeerte om die vrou te straf vir iets wat sy volgens hom verkeerd gedoen het.¹³⁸ Mishandelaars het al te kenne gegee dat hulle nie hierdie fase begin met die bedoeling om die vrou seer te maak nie, maar bloot net om haar 'n les te leer.¹³⁹ Hulle sal dan eers met die mishandeling ophou wanneer hulle voel dat die vrou inderdaad haar les geleer het.¹⁴⁰

Die geweld wat tydens die hewige mishandeling fase plaasvind kan verskeie vorme aanneem, maar die effek daarvan is presies dieselfde as by die spanning-bou fase; dit plaas geweldige sielkundige druk op die vrou.¹⁴¹ Die vrou ervaar dus nie die fisiese pyn so erg as wat sy sielkundig vasgevang voel nie.¹⁴²

Dit is gewoonlik die mishandelaars self wat sukkel om te praat oor wat presies tydens hierdie fase gebeur het. Hulle is beide fisies en emosioneel buite beheer en hulle brein registreer nie hulle optrede en die gebeure tydens die gewelddadige mishandeling nie.¹⁴³ Hulle kan

135 Walker "How battering happens and how to stop it" 68; Walker *The Battered Woman* 60.

136 Walker "How battering happens and how to stop it" 68; Walker *The Battered Woman* 60.

137 Warren *U Chi LR* 2041; Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *Terrifying Love* 43; Walker *The Battered Woman Syndrome* 96. Die mishandelaar se woedebui word gewoonlik aan die gang gesit deur 'n interne toestand wat by hom teenwoordig is, óf deur 'n eksterne gebeurtenis.

138 Walker "How battering happens and how to stop it" 66, 68; Walker *The Battered Woman* 60.

139 Walker "How battering happens and how to stop it" 68.

140 Walker "How battering happens and how to stop it" 68; Walker *The Battered Woman* 60.

141 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *The Battered Woman* 61.

142 Cipparone *U Pen LR* 430.

143 Walker "How battering happens and how to stop it" 68. Die mishandelaars is ook nie in staat om die gebeure na afhandeling van die gewelddadige mishandeling te onthou nie. Hulle kan ook nie verduidelik wat hulle uiteindelik laat besluit het om met die gewelddadige mishandeling te stop nie.

ook nie verklaar wat presies veroorsaak dat hulle die mishandeling tot 'n einde bring nie.¹⁴⁴ Die vrou kan egter weer met presiese akkuraatheid die hewige mishandeling-fase skets.¹⁴⁵

Tydens hierdie fase sal die vrou haar ook meestal afsluit van enige pyn.¹⁴⁶ Al haar aandag is daarop gefokus om die fase te oorleef.¹⁴⁷ Die meeste mishandelde vroue toon groot verligting wanneer die hewige mishandeling tot 'n einde kom. Hulle beskou hulself as gelukkig om die fase te kon oorleef, ongeag hoe erg hulle beserings is.¹⁴⁸ Sommige vroue ontken die ernstigheid van hulle beserings en weier selfs om mediese behandeling te soek.¹⁴⁹

Die hewige mishandeling fase is die gewelddadigste van die drie fases, maar ook die kortste.¹⁵⁰ Dit duur enigiets vanaf 'n paar uur tot 24 en selfs 48 uur.¹⁵¹ Dit kan ook gebeur dat die vrou self die intrede van die hewige mishandeling fase veroorsaak deur byvoorbeeld opsetlik iets te doen wat sy weet haar mishandelaar se woede sal ontlok.¹⁵² Sy weet 'n gewelddadige uitbarsting is onvermydelik, maar is nie seker presies wanneer en hoe dit gaan plaasvind nie.¹⁵³ Dit veroorsaak dat die spanning tydens die eerste fase 'n onuithoudbare vlak bereik.¹⁵⁴ Die mishandelde vrou sal dan eerder die hewige mishandeling wil deurmaak as om te leef met die vrees vir hierdie fase se onsekere, maar onvermydelike intrede.¹⁵⁵

144 Walker *The Battered Woman* 61.

145 Walker "How battering happens and how to stop it" 68; Walker *The Battered Woman* 62.

146 Hulle laat hulself nie toe om die pyn te voel nie. Walker "How battering happens and how to stop it" 69.

147 Walker "How battering happens and how to stop it" 68.

148 Walker "How battering happens and how to stop it" 69.

149 Walker "How battering happens and how to stop it" 69.

150 Walker *The Battered Woman* 60.

151 Walker "How battering happens and how to stop it" 69.

152 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *The Battered Woman* 60.

153 Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 60.

154 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker "How battering happens and how to stop it" 67.

155 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 60.

Aan die ander kant kan die vrou die plaasvind van die tweede fase bespoedig sodat sy die berouvolle fase kan ervaar. Die kalmte en liefdevolle verligting tydens die berouvolle fase is iets wat sy te verwagte kan wees, omdat haar vorige ondervinding met die siklus van geweld die verwagting by haar geskep het.¹⁵⁶ Mishandelde vroue wat op hierdie manier self die hewige mishandeling fase veroorsaak voel dat, indien hulle daartoe in staat is om die tyd en plek van die gewelddadige uitbarsting te kan bepaal, hulle steeds 'n mate van beheer oor die hele situasie uitgeoefen het.¹⁵⁷ Hierdie vroue weet ook dat sodra die gewelddadige uitbarsting verby is, hulle die derde fase van liefdevolle berou sal binnegaan.¹⁵⁸

2.3.2.3 Berouvolle fase

Die laaste van die drie fases wat deur beide mishandelde vrou en mishandelaar verwelkom word, staan bekend as die berouvolle fase.¹⁵⁹ Die siklus waarvolgens die vrou verontreg word, bereik finaliteit tydens hierdie fase.¹⁶⁰ Tydens hierdie fase is die vrou se aggressor liefdevol en toon hy berou oor sy mishandelende optrede.¹⁶¹ Die mishandelaar besef hy het te ver gegaan en poog om hom weer met die vrou te versoen.¹⁶²

156 Cipparone *U Pen LR* 430.

157 Walker "How battering happens and how to stop it" 68; Walker *The Battered Woman* 60.

158 Walker "How battering happens and how to stop it" 68. Hulle beloning vir die veroorsaking van die hewige mishandeling fase is dus nie die mishandeling self nie, maar die liefdevolle, berouvolle, kalm man wat hulle na die tyd sal hê.

159 Easteal "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38; Warren *U Chi LR* 2041; Walker *Terrifying Love* 44.

160 Walker *The Battered Woman* 65.

161 Walker *The Battered Woman* 65; Walker *Terrifying Love* 44; Walker *The Battered Woman Syndrome* 96; Anon *HLR* 1579; Easteal "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38; Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf. Sien ook *NZLC Report* 73 2. Volgens Walker "How battering happens and how to stop it" 69 sal die mishandelaar dit nie uitdruklik aan die vrou bekend maak dat hy berouvol is nie, maar sal eerder op 'n oormatige manier die mishandeling aan die vrou probeer opmaak.

162 Cipparone *U Pen LR* 431; Walker *The Battered Woman* 65; Walker *Terrifying Love* 44.

Tydens hierdie fase oortuig die vrou haarself en is die mishandelaar self oortuig daarvan dat die mishandeling nie weer sal plaasvind nie.¹⁶³ Die mishandelde vrou sal haarself hiervan oortuig, want sy wil glo dat sy nie weer mishandeling sal moet verduur nie.¹⁶⁴ Die mishandelaar se ergste vrees is dat die vrou hom sal verlaat en dus sal hy manipulerend en sjarmant teenoor haar optree om te voorkom dat dit gebeur.¹⁶⁵ Die mishandelaar sal ook daarin slaag om ander betrokke partye te oortuig dat die mishandeling nie weer sal plaasvind nie.¹⁶⁶

Dit is nog nie duidelik presies hoe lank die derde fase duur nie.¹⁶⁷ Dit blyk langer as die hewige mishandeling fase te wees, maar korter as die spanning-bou fase.¹⁶⁸ Wat egter duidelik is, is dat die derde fase van korte duur is en die berouvolle en liefdevolle blaaskans word mettertyd weer vervang met klein, geringe mishandeling-insidente en so word die siklus van geweld herhaal.¹⁶⁹ Die dodelikheid van die siklus van geweld moet nie misken word nie, want die moontlikheid van sterftes is 'n sterk moontlikheid van mishandelende verhoudings.¹⁷⁰

163 Cipparone *U Pen LR* 431; Walker *The Battered Woman* 65; Walker *Terrifying Love* 44-45; Walker *The Battered Woman Syndrome* 96. Die mishandelaar se liefdevolle optrede, tesame met die vrou se gepaardgaande hoop dat die man se liefdevolle optrede sal voortduur, oortuig haar om by die mishandelaar te bly. Walker "How battering happens and how to stop it" 70 toon aan dat die mishandelaar ook glo dat hy homself kan beheer en nie weer die vrou sal seermaak nie.

164 Walker "How battering happens and how to stop it" 70; Walker *The Battered Woman* 67; Walker *Terrifying Love* 45; Walker *The Battered Woman Syndrome* 96. Sien ook NZLC *Preliminary Paper* 41 par 14. Anon *HLR* 1386 toon ook aan dat die mishandelaar se optrede tydens die berouvolle fase die vrou in die verhouding vasvang, want sy glo haar mishandelaar se beloftes van hervorming.

165 Walker "How battering happens and how to stop it" 70.

166 Walker "How battering happens and how to stop it" 70; Walker *The Battered Woman* 66. Ander betrokke partye kan byvoorbeeld die mishandelaar en vrou se kinders, ouers, vriende en familie wees.

167 Walker *The Battered Woman* 69.

168 Walker "How battering happens and how to stop it" 71; Walker *The Battered Woman* 69. In sommige gevalle is die berouvolle fase so kort dat dit nie eers opgemerk word nie.

169 Walker *The Battered Woman* 69; Cipparone *U Pen LR* 431; Walker "How battering happens and how to stop it" 71; Eastaer "Battered women who kill: A plea of self-defence" 38. Warren *U Chi LR* 2041 toon aan dat die herhaling van hierdie drie fases daartoe lei dat die mishandelde vrou in 'n toestand van konstante vrees en spanning gedompel word waarna verwys kan word as "kumulatiewe vrees".

170 Walker "How battering happens and how to stop it" 72.

Alhoewel die mishandelde vrou-sindroom 'n erkende verskynsel in die sielkunde is, het die formulering en aanwending daarvan in sielkundige konteks nie kritiek vrygespring nie.¹⁷¹

2.4 Kritiek teen die mishandelde vrou-sindroom

Kritiek teen die mishandelde vrou-sindroom val hoofsaaklik in twee kategorieë, te wete dié wat gerig word teen die konseptuele en metodologiese foute in Walker se navorsing en dié wat gerig is teen die sindroom se konstruksie as geheel.¹⁷² Daar word egter aan die hand gedoen dat 'n derde kategorie bygevoeg kan word, te wete die kritiek teen die sindroom in die konteks van die strafreg.

2.4.1 Konseptuele kritiekpunte

Van die eerste kritiekpunte teen die mishandelde vrou-sindroom behels dat Walker se definisie van die sindroom die sielkundige en gedragseienskappe van beide die mishandelde vrou (die slagoffer) en haar mishandelaar (die dader) beskryf.¹⁷³ Volgens kritici moet 'n teorie met groot versigtigheid gebruik word wanneer daardie teorie geïdentifiseer is vanuit 'n studie van 'n bepaalde groep vroue, welke vroue tydens hulle deelname aan die studie nie meer by hulle mishandelaars gewoon het nie en ook uit beperkte sosio-ekonomiese en kulturele agtergronde kom.¹⁷⁴

Kritici was ook daarteen gekant dat Walker nie in haar aanvanklike studie ondersoek ingestel het na die geval waar mishandelde vroue eerder by hulle mishandelaars bly in plaas van om hulle te verlaat nie.¹⁷⁵

171 Shaffer *U Tor LJ* 8.

172 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

173 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

174 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

175 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

Hierdie aspek is wel intussen deur haar aangespreek.¹⁷⁶ Die teorie oor aangeleerde hulpeloosheid wat deur haar gebruik is, sien egter nie die keuse om te bly as enigiets anders as 'n passiewe en toegewende reaksie nie.¹⁷⁷ 'n Laaste kritiekpunt teen die konseptuele grondslag van Walker se teorie is dat vroue wat hulle mishandelaars doodmaak eerder haar teorie weerspreek as bevestig, aangesien die doodmaak van 'n mishandelaar deur 'n mishandelde vrou 'n wegbeweeg van en nie 'n voortsetting van bestaande kognitiewe en gedragseienskappe behels nie.¹⁷⁸

2.4.2 Metodologiese kritiekpunte

Wat die metodologiese grondslag van Walker se teorie behels, het kritici daarop gewys dat Walker nooit die sielkundige eienskappe van die vroue wat aan haar studie deelgeneem het met diegene wat nog nooit mishandeling ervaar het, vergelyk het nie.¹⁷⁹ Walker word verder gekritiseer vir die feit dat sy na afloop van haar navorsing nie behoorlik in haar gevolgtrekking aangetoon en verduidelik het hoe gereeld die vroue in haar studie, gedragseienskappe anders as aangeleerde hulpeloosheid getoon het nie.¹⁸⁰

Kritici was ook gekant teen die feit dat enige inligting wat Walker rakende mishandelaars gekry het, net vanaf die mishandelde vroue en nie direk vanaf die mishandelaars gekom het nie.¹⁸¹ Volgens kritici was enige gevolgtrekking wat sy in verband met die mishandelaars gemaak het, dus geskoei op 'n sekondêre metode van inligtingversameling,

176 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

177 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

178 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf. Sien ook NZLC *Preliminary Paper 41* par 18.

179 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

180 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

181 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

welke metode nie erken word vir empiriese betroubaarheid of geldigheid nie.¹⁸²

Die laaste kritiekpunt gerig teen Walker se metodologiese basis is die feit dat haar navorsing nooit werklik gerepliseer is nie.¹⁸³ Craven¹⁸⁴ doen aan die hand dat ander akademici Walker se teorie dat 'n drie-fase siklus van geweld die norm in gesinsgeweldsituasies is, direk weerspreek het. Haar studie en resulterende teorie het dus die toets waaraan wetenskaplik erkende navorsing moet voldoen, naamlik die vereiste van eksterne geldigheid, gefaal.¹⁸⁵

Craven¹⁸⁶ huldig egter die opinie dat die metodologiese foute in Walker se teorie herstel kan word deur gebruikmaking van 'n wyer reeks kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes. Walker het op die konseptuele en metodologiese kritiekpunte geantwoord deur te sê dat die mishandelde vrou-sindroom nie 'n siekte is nie, maar bloot 'n teorie wat steun op die teorie van aangeleerde hulpeloosheid.

2.4.3 Kritiek teen die sindroom se konstruksie as geheel

Feministe het die kommer uitgespreek dat die veronderstelling dat vroue wat in mishandelende verhoudings bly aan 'n sindroom ly, mishandelde vroue as abnormaal sal tipeer.¹⁸⁷ Verdere kritiek het behels dat die mishandelde vrou-sindroom mishandelde vroue sal tipeer as persone wat nie daartoe in staat is om rasioneel en redelik op te tree nie.¹⁸⁸

182 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

183 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

184 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

185 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

186 Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20woman_syndrome.pdf.

187 Shaffer *U Tor LJ* 8-9.

188 Shaffer *U Tor LJ* 8-9.

2.4.4 Ander kritiek

Benewens die kritiekpunte hierbo uiteengesit, kan verskeie ander kritiekpunte teen die tipering van geweld teen vroue sowel as die mishandelde vrou-sindroom geopper word. Volgens kritici suggereer die sindroom dat mishandelde vroue van mening is dat hulle nie die geweld kan vryspring nie ongeag dat hierdie siening irrasioneel is en in hulle verbeelding geleë is.¹⁸⁹ Die sindroom impliseer ook dat vroue in mishandelende verhoudings bly, omdat hulle emosioneel te erg getraumatiseer is om op 'n normale wyse op te tree.¹⁹⁰

Die sindroom het ook kritiek ontlok deurdat dit impliseer dat mishandelde vroue in mishandelende verhoudings bly weens sielkundige redes en nie weens enige werklike beperkings nie.¹⁹¹ Volgens Shaffer¹⁹² vind baie mishandelde vroue dit egter moeilik om die mishandelende verhouding te verlaat weens eksterne faktore. Van hierdie faktore sluit mishandelde vroue se uitdagings om veilige en bekostigbare behuising te kry, finansiële vir hulle kinders te sorg en die polisie se onbevoegdheid om hulle en hulle kinders teen geweld te beskerm, in.¹⁹³ Die realiteit is dat daar wel moontlikhede bestaan vir mishandelde vroue om hulle uit hulle mishandelende verhoudings los te maak.¹⁹⁴ Die strafreg bied hulp aan mishandelde vroue in die vorm van interdikte, hofbevele en toegang tot die polisiediens.¹⁹⁵

'n Verdere kritiekpunt is gerig teen die vereiste dat vroue spesifieke karaktereienskappe moet toon voordat hulle as lyers aan mishandelde vrou-sindroom beskou sal word.¹⁹⁶ Kritici voer aan dat die skep van só 'n gestereotipeerde outentieke mishandelde vrou daartoe sal lei dat ander nie-mishandelde vroue nie kan aanspraak maak op die

189 Shaffer *U Tor LJ* 11.

190 Shaffer *U Tor LJ* 11.

191 Shaffer *U Tor LJ* 11.

192 Shaffer *U Tor LJ* 11. Sien par 3.2.4.4.

193 Shaffer *U Tor LJ* 11. Sien par 3.2.4.4.

194 Sien par 3.2.4.

195 Sien par 3.2.4.2.

196 Shaffer *U Tor LJ* 9.

mishandelde vrou-sindroom nie, omdat vroue se reaksies op mishandeling van mekaar verskil.¹⁹⁷

Volgens Walker belemmer die hulpeloosheid mishandelde vroue se kognitiewe toestand en verhoed hulle om hulle werklike opsies te oorweeg.¹⁹⁸ In die lig hiervan het Shaffer¹⁹⁹ die mishandelde vrou-sindroom gekritiseer omdat dit mishandelde vroue ook as sielkundig beskadigde persone wie se sienings nie met die realiteit ooreenstem nie, voordoën. Hierdie punte is veral relevant wanneer die vraag na die mishandelde vrou se skuld vir haar wederregtelike optrede ter sprake kom.²⁰⁰ Soos in die opvolgende hoofstukke aangetoon sal word, word opset bepaal ooreenkomstig 'n subjektiewe toets waarvolgens daar suiwer gefokus sal word op wat 'n mishandelde vrou geglo het en wat haar sielkundige toestand was tydens die doodmaak van haar mishandelaar.²⁰¹

Bonthuys *et al*²⁰² huldig ook die opinie dat mishandelde vroue strydig met sosiale verwagtinge optree wanneer hulle moor. Volgens Bonthuys *et al*²⁰³ reageer die reg hierop deur hierdie vroue as geestesongestelde of uitermatige siek vroue voor te doen. Hierdie toedrag van sake word onderskraag deur mites wat mishandelde vroue blameer vir die mishandeling wat hulle verduur.²⁰⁴ Die mites doen ook voor dat mishandelde vroue die mishandeling geniet of dat hulle die mishandelende verhouding sou verlaat het indien hulle nie met die mishandeling tevrede was nie.²⁰⁵ Laasgenoemde is veral relevant wanneer die wederregtelikheid van 'n mishandelde vrou se optrede beoordeel moet word.²⁰⁶ In die hoofstukke wat volg sal aangedui word

197 Reddi SACJ 261; LRCWA *Final Report* 286; Shaffer *U Tor LJ* 9.

198 Shaffer *U Tor LJ* 10.

199 Shaffer *U Tor LJ* 10.

200 Sien par 4.4.

201 Sien par 4.4.

202 Bonthuys *et al* "Gender" 350. Hierdie sosiale verwagtinge behels dat vroue versorgend en onderdanig moet wees.

203 Bonthuys *et al* "Gender" 350-351.

204 Bonthuys *et al* "Gender" 351.

205 Bonthuys *et al* "Gender" 351.

206 Sien par 3.2.

dat wederregtelikheid beoordeel word ooreenkomstig 'n objektiewe toets waarvolgens daar beoordeel word of die mishandelde vrou se optrede deur die regsoortuiging van die gemeenskap goedgekeur word al dan nie.²⁰⁷ Die vraag wat dan telkens gevra sal word is of die gemeenskap die doodmaak van 'n ander persoon in die mishandelde vrou se omstandighede sal goedkeur en haar dus van strafregtelike aanspreeklikheid sal kwytskeld.²⁰⁸

2.5 Mishandelde vrou-sindroom in die strafreg

Soos die titel van hierdie verhandeling aantoon kan die mishandelde vrou-sindroom ook in die strafreg ter sprake kom. Die vraag is of die effek van mishandeling op 'n vrou haar strafregtelike aanspreeklikheid kan beïnvloed, al dan nie. In die lig van hierdie vraag kan 'n mishandelde vrou se ervaring van mishandeling en die effek daarvan veral in twee opsigte relevant wees vir die strafreg.²⁰⁹ In die eerste plek kan dit relevant wees wanneer sy van 'n misdryf aangekla word en sy haar op uitgekristalliseerde regverdigingsgronde beroep.²¹⁰ Tweedens kan getuienis rakende die mishandeling en die effek daarvan aangebied word met die doel om die vonnisoplegging te versag in gevalle waar 'n mishandelde vrou van 'n misdryf aangekla word en uiteindelik skuldig bevind word.²¹¹

Die mishandelde vrou-sindroom is en was egter nog nooit 'n selfstandige verweer in die strafreg nie.²¹² Die mishandelde vrou-sindroom is 'n strategie wat aangewend word in strafsake waar mishandelde vroue van moord op hulle lewensmaats aangekla word.²¹³ In sulke sake word die sindroom aangewend ten einde 'n mishandelde vrou se ervarings van die mishandeling en die effek daarvan op haar, weer te gee.²¹⁴ Dit is

207 Sien par 3.2.

208 Sien par 3.2.

209 Reddi SACJ 260.

210 Reddi SACJ 260. Sien paragrawe 3.2.2, 3.2.3 en 4.3.

211 Reddi SACJ 260. Sien par 4.3.3.

212 Reddi SACJ 260.

213 Reddi SACJ 260.

214 Reddi SACJ 260.

slegs 'n term wat gebruik word om die emosionele toestand van vroue wat jarelange mishandeling verduur, te beskryf.²¹⁵ In die lig hiervan kan daar gevra word of die tyd nie aangebreek het om 'n afsonderlike verweer vir moorddadige mishandelde vroue te skep nie?²¹⁶ In die hoofstukke wat hierna volg, word die konsep mishandelde vrou-sindroom in die strafreg behandel.

2.6 Samevatting en gevolgtrekking

In sielkundige konteks is die mishandelde vrou-sindroom 'n sindroom wat deur Lenore Walker geïdentifiseer en gebruik is om die sielkundige en gedragseienskappe, wat uit die voortgesette mishandeling van een lewensmaat op 'n ander vloei, te beskryf. Uit die definisies van mishandelde vrou-sindroom blyk dit dat die mishandelde vrou-sindroom verwys na enige vrou wat weens voortdurende en ernstige mishandeling deur haar lewensmaat, depressief raak en nie aanvanklik daartoe in staat is om aktief op te tree teenoor haar mishandelaar en haar mishandeling vry te spring nie.

Volgens Walker vind die mishandeling wat 'n vrou moet deurmaak in 'n siklus plaas wat uit drie fases bestaan. Hierdie siklus, wat herhaal word, neem mettertyd in intensiteit toe. Na selfs 'n eenmalige ervaring van die siklus van geweld, val 'n mishandelde vrou binne die gedragspatroon wat deur Walker geïdentifiseer is as aanduidend van aangeleerde hulpeloosheid.

Martin Seligman se teorie oor aangeleerde hulpeloosheid onderskraag Walker se siklus van geweld teorie deur 'n verduideliking aan te bied waarom mishandelde vroue nie hulle mishandelaars verlaat nie. Deur op die teorie van aangeleerde hulpeloosheid te steun, het Walker aangevoer dat 'n vrou wat voortdurend blootgestel word aan mishandeling die begeerte sal verloor om op te tree ten einde haar uit die mishandelende verhouding los te maak.

215 Reddi SACJ 260.

216 Sien par 5.5 waar hierdie aspek behandel word.

In strafregtelike konteks kan die mishandelde vrou-sindroom ter sprake kom wanneer 'n mishandelde vrou haar op uitgekristalliseerde regverdigingsgronde beroep of wanneer sy deur 'n hof gevonnissen word. In die hoofstukke wat hierna volg, word die effek van mishandeling op 'n vrou se strafregtelike aanspreeklikheid ondersoek. Die skop van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue gaan ook ondersoek word.

HOOFSTUK 3

INVLOED VAN DIE MISHANDELDE VROU-SINDROOM OP WEDERREGTELIKHEID

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op die vraag of die mishandelde vrou-sindroom wederregtelikheid kan uitskakel. Daar sal spesifiek ondersoek word of 'n mishandelde vrou haar op noodweer kan beroep ten einde die doodmaak van haar mishandelaar te regverdig. Alhoewel die verskynsel van moorddadige mishandelde vroue gereeld in die regspraak voorkom,²¹⁷ het die frase "mishandelde vrou-sindroom" eers in 2004 en 2005 in twee gerapporteerde hofuitsprake²¹⁸ pertinent ter sprake gekom. In die eerste hofsaak, *S v Ferreira*,²¹⁹ het Howie P aangevoer dat, wanneer mishandelde vroue hulle mishandelaars doodmaak daar in elke geval gevra moet word of die moord objektief in noodweer regverdigbaar was. Howie P²²⁰ het egter ook daarop gewys dat mishandelde vroue wel hulle mishandelaars kan doodmaak in situasies wat nie op noodweer neerkom nie. In *S v Engelbrecht*²²¹ was die vraag of mishandelde vroue

217 Byvoorbeeld in *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) het 'n mishandelde vrou haar man (die oorledene) tydens 'n voorval van mishandeling doodgeskiet. Die beskuldigde en oorledene het 'n ongelukkige huwelik, gekenmerk deur alkoholmisbruik, aggressiwiteit en beskuldigings van ontrouheid, gehad. 'n Verdere voorbeeld is *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) waar die beskuldigde na jarelange fisiese, verbale, geestelike en sosiale mishandeling die oorledene tydens 'n voorval van mishandeling doodgeskiet het. 'n Meer onlangse voorbeeld kan gevind word op Shaw 2008 www.eherald.co.za/herald/2008/08/26/news/n19_26082008.htm en Anon 2008 www.legalbrief.co.za/article.php?story=20080826132015325.

218 Sien *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) en *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W). Sien voetnoot 220 en 221 vir hierdie sake se feite.

219 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A, 467B.

220 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A, 467B. In hierdie saak het die oorledene die eerste appellant vir jare fisies en emosioneel mishandel en haar pogings om hom te verlaat was onsuksesvol (455G). Die eerste appellant, wat vas geglo het dat daar geen ander uitkoms vir haar was nie, het die tweede en derde appellante gehuur om die oorledene dood te maak (455G). Die hof beslis dat die eerste appellant se besluit om haar mishandelaar te laat doodmaak, met die eienskappe en karakter van 'n mishandelde vrou strook (467G).

221 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W). In hierdie saak is die beskuldigde aangekla van moord op haar man, die oorledene. Op die dag van die oorledene se dood het hy die beskuldigde blootgestel aan verbale, fisiese, seksuele en emosionele mishandeling. Tydens die voorval was hy onder die invloed van alkohol. Toe hy aan die slaap raak het die beskuldigde sy hande met boei vasgemaak en 'n plastieksak oor sy kop getrek as gevolg

hulle op noodweer as regverdigingsgrond vir hulle wederregtelike optrede kan beroep of nie, ook volledig ondersoek. Uit bogenoemde blyk dit dat mishandeling onder sekere omstandighede wel 'n rol by die element van wederregtelikheid kan speel. Ten einde die vraag of die mishandelde vrou-sindroom wederregtelikheid kan uitskakel te beantwoord, sal die aard van wederregtelikheid kortliks behandel word.

3.2 Wederregtelikheid en die mishandelde vrou

3.2.1 Algemeen

Grant²²² definieer wederregtelikheid soos volg:

... unlawfulness is a legal standard, determined by the legal convictions of the community as informed by the Constitution, reflected in the conduct of the reasonable person who knows everything.

Wederregtelikheid word ook in regspraak omskryf. Volgens die hof in *Gründlingh v Phumelela Gaming and Leisure Ltd*²²³ word wederregtelikheid gebaseer op openbare beleid en die gemeenskap se regsopvatting. Die vraag na wederregtelikheid is uiteindelik 'n waardeoordeel, gebaseer op moraliteits- en beleidsoorwegings van wat redelik is in die omstandighede waartydens die beskuldigde opgetree het.²²⁴ Hierdie waardeoordeel is gebaseer op 'n hof se siening van die gemeenskapsopvatting en behels 'n oorweging van alle feite van 'n spesifieke saak.²²⁵ Soos dit blyk uit die definisie van Grant, is dit

waarvan hy versmoor het. Satchwell R stel die volgende vraag: "The question is whether or not the law can and should acknowledge the stresses and strains under which Mrs Engelbrecht endured years of domestic violence so as to absolve her of criminal liability for her action in killing Mr Engelbrecht." (53E). Die meerderheid van die hof verwerp egter die beskuldigde se beroep op noodweer en vind haar skuldig aan moord op die oorledene.

222 Grant ASSAL 663-664.

223 *Gründlingh v Phumelela Gaming and Leisure Ltd* 2005 4 All SA 1 (HHA) 2, 13. Sien ook *ABSA Bank Ltd v Fouche* 2002 4 All SA 245 (HHA) en *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA) 442.

224 *Director of Public Prosecutions, Cape of Good Hope v Fourie* 2002 1 All SA 269 (K) 272.

225 *Government of the Republic of South Africa v Basdeo* 1996 1 SA 355 (A) 367F.

duidelik dat die waardes en regte in die *Grondwet* ook 'n rol speel by die beoordeling van wederregtelikheid.

Wederregtelikheid word deur regverdigingsgronde uitgesluit. In die reg het 'n aantal spesifieke regverdigingsgronde uitgekristalliseer byvoorbeeld: noodweer, noodtoestand, toestemming, vermoedelike toestemming, amptelike bevoegdheid, die aanwending van geweld en doodslag tydens inhegtenisneming, handeling op bevel en tugbevoegdheid.²²⁶ Elkeen van hierdie regverdigingsgronde het sy eie vereistes.

Die vraag wat gevra moet word, is of die jarelange mishandeling wat 'n vrou moes verduur onder een van die uitgekristalliseerde regverdigingsgronde tuisgebring kan word wanneer sy haar mishandelaar doodmaak. Daar kan ook gevra word of die mishandeling opsigself as 'n onafhanklike regverdigingsgrond kan kwalifiseer of nie.²²⁷ Vir doeleindes van hierdie ondersoek sal daar net op noodweer gefokus word, aangesien hierdie regverdigingsgrond pertinent in mishandelde vroue se situasies ter sprake kan kom.²²⁸ Die moontlikheid van mishandeling as 'n onafhanklike regverdigingsgrond word in 'n latere hoofstuk ondersoek.²²⁹

3.2.2 Noodweer

Snyman²³⁰ omskryf noodweer soos volg:

-
- 226 Vir 'n volledige bespreking van hierdie regverdigingsgronde sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 122-139.
- 227 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 95 dui daarop dat daar nie 'n geslote lys van regverdigingsgronde is nie. Sien par 5.5.
- 228 Dit is nie te sê dat die ander genoemde regverdigingsgronde irrelevant is nie. Dit is net moeilik om aan 'n geval te dink waar 'n mishandelde vrou se situasie onder die ander regverdigingsgronde ter sprake kan kom.
- 229 Sien par 5.5.
- 230 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 101. Sien ook Reddi SACJ 269; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 36; *Boast v Naidoo* 2001 JOL 7767 (OK) 15-16; *S v Dinga* 2001 JOL 8949 (CK) 7; *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 11; *Mugwena v Minister of Safety and Security* 2006 2 All SA 126 (HHA) 133; *RAF v Kramer* 2005 JOL 14942 (OK) 4; *S v Malan* 2006 JOL 17331 (VCC) 12; *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 106B en Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 227, 230.

Iemand tree in noodweer op, en haar handeling is gevolglik regmatig, indien sy haar weer teen 'n wederregtelike aanval, wat reeds begin het of wat onmiddellik dreigend is, op haar of iemand anders se lewe, liggaamlike integriteit, eiendom of ander beskermingswaardige regsbelang, mits die afweerhandeling noodsaaklik is om die bedreigde belang te beskerm, dit gerig is teen die aanvaller en dit in 'n redelike verhouding tot die aanval is.

In *S v Engelbrecht*²³¹ het Satchwell R beslis dat noodweer beskikbaar is vir 'n mishandelde vrou wat haar mishandelaar doodmaak.²³² Burchell²³³ is ook van mening dat waar 'n persoon aan werklike, fisiese mishandeling onderwerp word, daardie persoon geregtig is om in noodweer teen haar aanvaller op te tree.

Die vraag of 'n mishandelde vrou haar suksesvol op noodweer kan beroep word objektief bepaal.²³⁴ Volgens die objektiewe benadering is 'n mishandelde vrou se subjektiewe sienings irrelevant by die toets vir noodweer.²³⁵ Noodweer word getoets deur 'n ondersoek na die feitelike omstandighede waarin 'n mishandelde vrou opgetree het en nie deur 'n ondersoek na haar gemoedstoestand nie.²³⁶ Alle omstandighede waaraan sy tydens misdryfpleging blootgestel was sal in ag geneem word ten einde die wederregtelikheid van haar optrede te bepaal.²³⁷ Elke saak se besondere feite en omstandighede bepaal dus die uitslag van 'n beroep op noodweer.²³⁸ In *S v Ferreira*²³⁹ blyk die objektiewe benadering tot die toets vir noodweer ook duidelik. In hierdie saak het

231 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 132F.

232 Pieterse-Spies *THRHR* 317.

233 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 452-453.

234 Dit blyk uit Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 242 en Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 111.

235 Grant ASSAL 658, 660; *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 129E-129G; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 111; *S v Dinga* 2001 JOL 8949 (Ck) 7; *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 11; *Mugwena v Minister of Safety and Security* 2006 2 All SA 126 (HHA) 127, 133; *RAF v Kramer* 2005 JOL 14942 (OK) 4; *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 44H, 45H; *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 All SA 636 (W) 637, 647.

236 Grant ASSAL 658, 660; *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 All SA 636 (W) 637, 647. Volgens *S v Goliath* 1972 3 All SA 69 (A) 74 sal haar sielkundige toestand eers ter sprake kom by die vraag na skuld. Sien in hierdie verband die bespreking van skuld in die volgende hoofstuk.

237 Dit blyk duidelik uit *S v Goliath* 1972 3 All SA 69 (A) 74 en Grant ASSAL 660.

238 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 132F; Pieterse-Spies *THRHR* 317.

239 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A, 467B.

Howie P²⁴⁰ daarop gewys dat wanneer mishandelde vroue hulle mishandelaars doodmaak in tye waar daar geen dreigende aanval is nie, daar nie gefokus moet word op die vraag of sy 'n mishandelde vrou is nie. Daar moet eerder ondersoek word of die moord objektief as noodweer regverdigbaar was.²⁴¹

In *S v Engelbrecht*²⁴² het Satchwell R die objektiewe aard van die toets vir wederregtelikheid erken en aangetoon dat 'n mishandelde vrou (die beskuldigde) se sienings 'n objektiewe basis benodig. Volgens Grant²⁴³ is dit egter teleurstellend dat Satchwell R verwys het na die beskuldigde se sielkundige toestand as iets wat relevant is tot die toets vir wederregtelikheid. Grant²⁴⁴ voer aan dat, indien subjektiewe oorwegings die basis van 'n verweer vorm, dit óf as 'n verskoning óf as sielkundige fenomeen wat nie wederregtelike optrede aan 'n persoon toeskryf nie, beskou sal word. Die subjektiewe oorwegings sal dan kwalifiseer as 'n persoonlike verweer en nie as 'n universele verweer nie.²⁴⁵ Die Suid-Afrikaanse reg maak onder die verweer van ontoerekeningsvatbaarheid voorsiening vir die geval waar wederregtelike optrede nie aan 'n persoon toegeskryf kan word nie.²⁴⁶ Grant²⁴⁷ is van mening dat wederregtelikheid in *S v Engelbrecht* onafhanklik van die beskuldigde se sielkundige toestand en sienings beoordeel moes word. Volgens hom moet die wederregtelikheid van die beskuldigde se optrede dus ooreenkomstig die objektiewe benadering beoordeel word.

Met betrekking tot die redelikheid van 'n mishandelde vrou se optrede teenoor haar mishandelaar het Satchwell R²⁴⁸ ook daarop gewys dat die toets vir redelikheid beide objektiewe en subjektiewe komponente bevat.

240 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A-456B, 467B-467D.

241 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A-456B, 467B-467D; *Osland v The Queen* 1998 HCA 75.

242 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 129E-129H, 137B-137C; Grant ASSAL 662.

243 Grant ASSAL 662.

244 Grant ASSAL 663.

245 Grant ASSAL 663.

246 Grant ASSAL 663. Sien ook paragrawe 4.2 en 4.3.

247 Grant ASSAL 663.

248 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 136E-137C; Grant ASSAL 662.

Grant²⁴⁹ is van mening dat daar geen gesaghebbende basis bestaan vir Satchwell R se voorstel dat subjektiewe oorwegings deel moet vorm van die bepaling of haar optrede redelik was of nie. Die redelikheid van 'n mishandelde vrou se optrede tydens noodweer word bepaal deurdat 'n hof hom sover moontlik in haar skoene tydens die doodmaak van haar mishandelaar plaas.²⁵⁰ Burchell²⁵¹ wys daarop dat hierdie metode wat die hof aanwend nie die toets vir noodweer subjektief maak nie. Volgens Burchell²⁵² beteken dit bloot dat elke saak objektief in die lig van die saak se besondere omstandighede beoordeel word.

'n Hof sal soms ook ondersoek of die redelike mens in die mishandelde vrou se omstandighede soos sy sou opgetree het.²⁵³ 'n Mishandelde vrou se geloof in die wederregtelikheid van haar lewensmaat se aanval, die gevaar wat dit vir haar lewe inhou en die redelikheid van haar optrede sal relevant wees vir sover die hof moet bepaal of 'n redelike mens dieselfde geloof sou gehad het en op dieselfde manier sou opgetree het.²⁵⁴ Daar is regverdiging vir die gebruik van die redelike mens-toets in die bepaling van wederregtelikheid, maar hierdie toets moet nie met die werklike toets vir wederregtelikheid verwar word nie.²⁵⁵ Volgens Grant²⁵⁶ kan die sielkundige karaktereienskappe van 'n mishandelde vrou nooit aan die redelike persoon toegedig word nie, ongeag hoe ver die omringende omstandighede gestrek word ten einde die redelike persoon daarbinne tuis te bring. Die redelike mens-toets word dus net as hulpmiddel gebruik om te bepaal of 'n mishandelde vrou

249 Grant ASSAL 662.

250 Sien in hierdie verband *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467H; *Bonthuys et al "Gender"* 351; *Strafreg* 5^{de} uitg 112; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 242-243; Reddi SACJ 272; Rabie *et al "Criminal law – General Principles"* 39; *S v Dingaan* 2001 JOL 8949 (CK) 7; Pieterse-Spies *THRHR* 315.

251 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 243.

252 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 243.

253 Dit blyk uit Reddi SACJ 271; *Snyman Strafreg* 5^{de} uitg 111; Rabie *et al "Criminal law – General Principles"* 39; *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 11; *Mugwena v Minister of Safety and Security* 2006 2 All SA 126 (HHA) 127, 133; *RAF v Kramer* 2005 JOL 14942 (OK) 3, 4 en *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 44H-44I.

254 Rabie *et al "Criminal law – General Principles"* 39.

255 Grant ASSAL 658-659.

256 Grant ASSAL 662.

se optrede in noodweer redelik was in dié opsig dat dit strook met die gemeenskapsopvatting.²⁵⁷

Howe moet by die toepassing van die toets vir noodweer altyd die waardes en norme van die *Grondwet* bevorder.²⁵⁸ Die howe se ondersoek na die gemeenskapsopvatting moet in besonder onderlê word deur die waardes van gelykheid, vryheid en menswaardigheid.²⁵⁹ Die *Grondwet* se invloed op die toets vir wederregtelikheid kom ook uit *S v Ferreira*²⁶⁰ na vore. Volgens Howie P²⁶¹ is 'n mishandelde vrou se besluit om te moor en om ander te huur vir daardie doel, deur deskundige getuienis bevestig as iets wat mishandelde vroue doen. Hierdie besluit moet geregtelik beoordeel word en nie vanuit 'n manlike of objektiewe perspektief nie.²⁶² Tydens hierdie beoordeling moet die hof ook gebruik maak van deskundige getuienis.²⁶³ Só word daar van howe verwag om mishandelde vroue te behandel met behoorlike inagneming van geslagsverskille ten einde hulle reg op gelykheid in geregtelike verrigtinge te bereik.²⁶⁴ Dit sal ook beteken dat howe voldoende rekening moet hou met mishandelde vroue as beskuldigdes se grondwetlike reg op lewe, waardigheid, vryheid van geweld en liggaamlike integriteit.²⁶⁵

257 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 112.

258 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 130B-130D; *Minister of Safety and Security v Van Duivenboden* 2002 6 SA 431 (HHA) 444E-444F.

259 *S v Engelbrecht* 2005 (2) SACR 41 (W) 130B-130D.

260 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467G-467H.

261 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467G-467H. Sien ook Reddi SACJ 273, Nicholson *De Rebus* 28, Bonthuys *et al* "Gender" 351 en Pieterse-Spies *THRHR* 315-316.

262 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467H; Bonthuys *et al* "Gender" 351; Pieterse-Spies *THRHR* 316.

263 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467H.

264 Die reg op gelykheid word vervat in a 9 *Grondwet*, welke artikel soos volg lui: "Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg". In hierdie verband toon Howie P in *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467I-468A aan dat seksuele geweld en die dreigement daarvan die kern van vroue se ondergeskiktheid in die gemeenskap uitmaak. Volgens Howie P is hierdie seksuele geweld en dreigemente ook die grootste bedreiging vir Suid-Afrikaanse vroue se selfbeskikking. Sien ook Reddi SACJ 274 en Pieterse-Spies *THRHR* 316.

265 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 468B; Nicholson *De Rebus* 28. Hierdie regte word vervat in aa 10, 11, 12(1)(c) en 12(2) *Grondwet*.

Tydens die beoordeling van 'n mishandelde vrou se beroep op noodweer sal 'n hof moet ondersoek of die aanval en afweershandeling in haar situasie voldoen aan die vereistes vir noodweer. 'n Mishandelde vrou sal net in noodweer kan optree indien haar mishandelaar se aanval wederregtelik is.²⁶⁶ In *S v Engelbrecht*²⁶⁷ bevind die hof dat die mishandelaar se aanval uit 'n enkele gebeurtenis, 'n reeks gebeurtenisse of 'n voortdurende siklus van mishandeling kan bestaan.

Die mishandelaar se aanval moet ook gerig wees teen enige van haar beskermingswaardige regsbelange.²⁶⁸ Volgens Satchwell R in *S v Engelbrecht*²⁶⁹ is die belange wat 'n mishandelde vrou kan beskerm ook haar regte soos vervat in die *Grondwet* en is dus omvangryk. In die meerderheid gevalle waar 'n mishandelde vrou in noodweer optree sal dit ter beskerming van haar lewe of liggaamlike integriteit wees.²⁷⁰ Hierdie belange word so belangrik geag dat sy toegelaat word om te dood ten einde hierdie belange te beskerm.²⁷¹ Wanneer sy haar belange beskerm deur haar mishandelaar dood te maak moet sy egter redelike gronde hê om te glo dat haar lewe in gevaar is of dat sy liggaamlike beserings gaan opdoen.²⁷² Afsien van haar lewe en liggaamlike integriteit, kan haar belange volgens Satchwell R²⁷³ ook haar huis, emosionele sowel as sielkundige welstand en haar vryheid insluit. Hieruit blyk dit dat die mishandelaar se aanval nie net fisies hoef te wees

266 Dit blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 102; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 234; *Boast v Naidoo* 2001 JOL 7767 (OK) 14; *S v Njobeni* 2005 JOL 14843 (Tk) 3; *S v Malan* 2006 JOL 17331 (VCC) 61; *S v Mokati* 2005 JOL 14079 (T) 3 en Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 37.

267 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133A.

268 Reddi SACJ 269; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 104; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 234; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 37; *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133C.

269 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133C.

270 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 104 en Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 37.

271 Sien Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 235 vir hierdie beginsel.

272 *S v Malan* 2006 JOL 17331 (VCC) 61.

273 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133C-133D; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 235-236; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 37. Nog beskermingswaardige regsbelange kan gevind word in Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 105.

nie, maar ook sielkundig en emosioneel kan wees.²⁷⁴ Volgens Satchwell R²⁷⁵ kan die aanval van die mishandelaar bestaan uit 'n verlaging in lewenskwaliteit, vermindering van waardigheid of enige dreigemente van laasgenoemde.²⁷⁶ Snyman²⁷⁷ is egter van mening dat só 'n wye omskrywing van die reëls van noodweer die gevaar inhou dat die verweer misbruik kan word.

Die mishandelaar se aanval hoef nie noodwendig net teenoor die mishandelde vrou gerig te wees nie. Dit kan teenoor haar kinders, ouers of enigiemand anders, wat in 'n besondere familie- of beskermingsverhouding tot haar staan, gerig wees.²⁷⁸

Die laaste vereiste waaraan die mishandelaar se aanval moet voldoen behels dat dit dreigend moet wees, maar nog nie afgeloop nie.²⁷⁹ Alhoewel die aanval onmiddellik dreigend moet wees voor 'n mishandelde vrou kan optree, is dit nie nodig dat sy moet wag tot haar mishandelaar die eerste hou gee nie.²⁸⁰ In 'n mishandelde vrou se geval, merk Burchell²⁸¹ op dat:

... it has been argued that victims of the 'battered wife' or 'abused intimate partner' syndrome ought to be allowed to pre-empt the anticipated and inevitable attack of the abusive partner.

-
- 274 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133A-133B; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 103.
 - 275 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 133B.
 - 276 Sien ook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 103-104.
 - 277 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 103-104.
 - 278 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 103; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 237 en *S v Malan* 2006 JOL 17331 (VCC) 61.
 - 279 Dit blyk uit Reddi SACJ 269-270; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 38; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 104; *Criminal Law* 234; *Boast v Naidoo* 2001 JOL 7767 (OK) 15; *S v Njobeni* 2005 JOL 14843 (Tk) 3 en *S v Mokati* 2005 JOL 14079 (T) 3.
 - 280 Hierdie beginsel blyk uit Reddi SACJ 269; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 104; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 38 en Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 234.
 - 281 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 234. Volgens Burchell is dit egter nie die onmiddellikheid van die aanval wat soseer die kwessie is nie, maar eerder die onmiddellikheid van die mishandelde vrou se reaksie ten einde die aanval te keer.

Dit is by die dreigende-vereiste waar mishandelde vroue se beroep op noodweer problematies raak. Waar 'n aanval deur haar mishandelaar in die proses is, en sy tree in daardie oomblik teen hom op, sal sy waarskynlik slaag met 'n beroep op noodweer. Die feit dat die aanval dreigend is, sal beteken dat die mishandelde vrou 'n belangrike besluit in die hitte van die oomblik moet neem. Sy moet besluit om óf die aanval en gepaardgaande gevolge te verduur óf om haar regsbelange te beskerm deur self die reg te verbreek. Uit die spanning-bou fase in die siklus van geweld het dit geblyk dat mishandelde vroue bewus daarvan is dat geringe insidente van mishandeling met tyd erger kan word.²⁸² Elke geringe mishandelingsvoorval vererger die woede wat sy teenoor haar mishandelaar voel.²⁸³ Sy erken of openbaar egter nie hierdie woede nie en wanneer die hewige mishandeling fase intree, plaas die geweld geweldige sielkundige druk op haar.²⁸⁴ Tydens hierdie fase besef sy dat 'n gewelddadige uitbarsting aan die kant van haar mishandelaar onvermydelik is.²⁸⁵ Sy weet egter nie presies wanneer en hoe die uitbarsting gaan plaasvind nie.²⁸⁶ Sodoende bereik die spanning wat tydens die eerste fase opgebou word 'n onuithoudbare vlak.²⁸⁷ Die probleem wat dan intree, soos gesien in *S v Ferreira*²⁸⁸ en *S v Engelbrecht*,²⁸⁹ is dat mishandelde vroue teenoor hulle mishandelaars sal optree in tye waar daar geen dreigende aanval is nie. Hulle sal byvoorbeeld wag tot hy aan die slaap is en hom dan doodmaak.²⁹⁰ In *S*

282 Sien par 2.3.2.1, asook Walker "How battering happens and how to stop it" 66.

283 Sien par 2.3.2.1. Sien ook Walker "How battering happens and how to stop it" 67.

284 Sien paragrawe 2.3.2.1-2.3.2.2. Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *The Battered Woman* 61.

285 Sien par 2.3.2.2. Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 60.

286 Sien par 2.3.2.2. Walker "How battering happens and how to stop it" 67; Walker *The Battered Woman* 60.

287 Sien par 2.3.2.2. Cipparone *U Pen LR* 430; Walker "How battering happens and how to stop it" 67.

288 In *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A het die hof pertinent gesê dat mishandelde vroue hulle lewensmaats kan doodmaak in situasies wat nie op noodweer neerkom nie.

289 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W). Sien weer voetnoot 221 vir die feite van hierdie saak.

290 Sien weer die feite van *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) en *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) in voetnote 220 en 221.

*v Engelbrecht*²⁹¹ was Satchwell R van mening dat waar mishandeling so gereeld plaasvind dat dit as 'n siklus getipeer kan word, die dreigende-vereiste uitgebrei behoort te word om só onvermydelike mishandeling in te sluit.²⁹² Sy baseer haar mening op die Kanadese saak *R v Lavallee*²⁹³ waarin gesê is dat, indien 'n vrou moet wag tot 'n aanval in die proses is voordat haar vrees regverdigbaar sal wees, dit daarop sal neerkom dat sy in dele of paaielemente vermoor word.²⁹⁴ Die Kanadese Hooggeregshof het in hierdie verband die volgende siening gehuldig:

... Society gains nothing, except perhaps the additional risk that the battered woman will herself be killed, because she must wait until her abusive husband instigates another battering episode before she can justifiably act ...²⁹⁵

Satchwell R²⁹⁶ kom dan tot die gevolgtrekking dat 'n mishandelde vrou se voorafbeplande verdedigende optrede nie onbestaanbaar sal wees met haar aanspraak op die dreigende-vereiste van 'n regverdigingsgrond nie. Met hierdie benadering kan nie saamgestem word nie. Dit hou die risiko in dat noodweer misbruik kan word in gevalle waar 'n mishandelde vrou bloot op 'n dag besluit om haar mishandelaar dood te maak ten einde van hom ontslae te raak. Indien daar weggedoen word met die dreigende-vereiste óf dit word uitgebrei, soos voorgestel deur Satchwell R, sal 'n mishandelde vrou nie haar besluit in die hitte van die oomblik kan regverdig nie. Sou 'n redelike tydperk tussen die mishandelaar se aanval en die mishandelde vrou se reaksie daarop verloop het, kan die moontlikheid ook ter sprake kom dat sy in weerwraak opgetree het.²⁹⁷ Sy behoort dus nie suksesvol op noodweer te kan steun waar daar geen dreigende aanval is nie, aangesien:

291 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134C.

292 Sien ook Grant ASSAL 664.

293 *R v Lavallee* 1990 1 SCR 852.

294 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134A-134B; *R v Lavallee* 1990 1 SCR 852.

295 *R v Lavallee* 1990 1 SCR 852. Die hof het uit Willoughby MJ "Rendering Each Woman Her Due: Can a Battered Woman Claim Self-Defence When She Kills Her Sleeping Batterer" 1989 *Kan L Rev* 169 184 aangehaal.

296 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134D.

297 *R v Lavallee* 1990 1 SCR 852.

... a woman who kills her abuser, after he has attacked her, and in anticipation of future assaults, will have acted unlawfully as her actions will have occurred at a time when she was not actually facing harm or an imminent threat of harm.²⁹⁸

Net soos die mishandelaar se aanval, moet 'n mishandelde vrou se afweershandeling ook aan sekere vereistes voldoen. Sy moet onder andere besef dat sy in noodweer optree.²⁹⁹ Dit kan gebeur dat 'n mishandelde vrou onder die indruk verkeer dat sy geregtig is om in noodweer op te tree, terwyl dit nie die geval is nie.³⁰⁰ Wanneer 'n mishandelde vrou dwaal oor die bestaan van noodweer, tree sy in putatiewe noodweer teen haar mishandelaar op.³⁰¹ Haar dwaling in hierdie verband sal nie die wederregtelike aard van haar handeling uitsluit nie.³⁰² Dit kan wel skuld uitsluit.³⁰³ Putatiewe noodweer word in die volgende hoofstuk verder bespreek.³⁰⁴

Vervolgens moet 'n mishandelde vrou se afweershandeling teenoor haar aanvalleur en nie iemand anders gerig wees nie.³⁰⁵ Indien sy haar op noodweer beroep moes dit inderdaad ook nodig gewees het om haar bedreigde belange te beskerm. Noodweer moes dus die enigste manier gewees het om die aanval af te weer.³⁰⁶ Hierdie situasie word weereens op grond van elke saak se feite beoordeel.³⁰⁷

298 Reddi SACJ 270.

299 Dit blyk duidelik uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 110; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 242 en Labuschagne *THRHR* 280. Daar bestaan geen onbewuste of toevallige noodweer nie.

300 Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 111; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 243 en Reddi SACJ 275 vir hierdie beginsel.

301 Reddi SACJ 275.

302 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 111; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 243 en Reddi SACJ 275.

303 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 111; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 243.

304 Sien par 4.4.

305 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 139, 142 en Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 38.

306 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134E-134G; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 238; Labuschagne *THRHR* 280; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 38.

307 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 134E-134F.

Die volgende vereiste behels dat daar 'n redelike verhouding tussen die aanval en die afweershandeling moet wees.³⁰⁸ 'n Eweredige verhouding tussen die aard van die mishandelde vrou se beskermde belang en dié van haar mishandelaar word nie vereis nie.³⁰⁹ 'n Mishandelde vrou kan dus haar mishandelaar dood wanneer haar lewe in gevaar is, maar ook om te voorkom dat sy byvoorbeeld ernstige liggaamlike beserings toegedien of selfs verkrag word.³¹⁰ Daar hoef geen gelyke verhouding tussen die middele of wapens wat sy gebruik en dié wat haar mishandelaar gebruik, te wees nie.³¹¹ Daar word dus nie gekyk of daar vir haar 'n ander uitweg beskikbaar was nie, maar eerder of die uitweg wat sy gekies het, redelik was.³¹² Daar heers verskillende menings oor wat redelike verdedigende optrede is, maar hierdie aspek word uiteindelik deur elke saak se besondere feite beoordeel.³¹³ Wanneer daar oorweeg moet word of daar 'n redelike verhouding tussen die aanval en die afweershandeling bestaan het, moet alle omringende omstandighede ook in ag geneem word.³¹⁴ Die omringende omstandighede behels onder andere die fisiese sterkte van die mishandelde vrou en haar mishandelaar, hulle ouderdomme, hulle verhouding tot mekaar, die tyd en plek van die aanval, aard van die

308 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 136A; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 141-142; Reddi SACJ 271; *S v Trainor* 2003 1 SACR 35 (HHA) 411; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 107; *Boast v Naidoo* 2001 JOL 7767 (OK) 14, 16; *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 12; *S v Njobeni* 2005 JOL 14843 (Tk) 3. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 239-240.

309 Dit blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 108. Daar hoef ook geen verhouding te wees tussen die omvang van die skade wat die mishandelaar aanrig en dié wat die mishandelde vrou aanrig nie. Sien ook Reddi SACJ 271.

310 Hierdie beginsel blyk uit Reddi SACJ 270; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 108-109; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 240; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39 en *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 11.

311 Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 109 en Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 240-241 vir hierdie beginsel. Sien ook Reddi SACJ 271. Volgens *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) kan die slagoffer van 'n wederregtelike aanval hom wend tot enige wapen as hy geen ander alternatief beskikbaar het nie.

312 Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39; *Mdlalose v Masuku* 2002 JOL 9415 (D) 12; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 142.

313 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 240.

314 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 109; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 241; Reddi SACJ 271; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 38; *S v Malan* 2006 JOL 17331 (VCC) 61-62.

dreigement, die bedreigde belange wat ter sprake is en die wapens of middele tot hulle beskikking.³¹⁵

Noodweer is egter 'n regverdigingsgrond waarop 'n mishandelde vrou kan steun indien daar in haar omstandighede nie 'n ander uitweg of regsmiddel tot haar beskikking was nie. Die vraag kan nou gevra word of daar wel alternatiewe regsmiddele tot mishandelde vroue se beskikking is.

3.2.3 Alternatiewe regsmiddele

Noodweer is net bedoel om 'n mishandelde vrou toe te laat om die reg in eie hande te neem waar die gewone regsmiddele haar nie van hulp kan wees nie.³¹⁶ Dit impliseer nie dat sy toegelaat kan word om die rol van 'n regter in haar eie saak te speel en haar aanvaller te vonnis met die doodstraf nie.³¹⁷ Dit beteken egter ook nie dat sy maar die mishandeling moet verduur nie.³¹⁸ Die realiteit is dat, indien sy haar regsbelange deur ander regsmiddele kon beskerm, sy nie geregtig is om die reg in eie hande te neem en teen haar mishandelaar op te tree nie.³¹⁹

In Suid-Afrika is daar alternatiewe regsmiddele tot beskikking van mishandelde vroue. Weens verskeie redes gebruik hulle egter nie hierdie regsmiddele nie en sal eerder op regverdigingsgronde steun ten einde hulle optrede teenoor mishandelaars te regverdig. Die eerste regsmiddel wat spesifiek oor gesinsgeweld handel het, was die Wet

315 Sien *S v Trainor* 2003 1 SACR 35 (HHA) 41J-42A; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 109; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 241; Reddi SACJ 269 en Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39 vir hierdie beginsel. Daar is geen geslote lys faktore wat in ag geneem kan word nie. Vir 'n lys van die omstandighede wat in ag geneem moet word, sien *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 136B-136E.

316 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105.

317 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 106. Reddi SACJ 270 beklemtoon hierdie situasie wanneer hy sê dat "...self-defence is aimed at protection, not at exacting punishment or retribution."

318 Dit blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105.

319 Dit blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105.

op *Voorkoming van Gesinsgeweld*³²⁰ wat mettertyd vervang is deur die *Wet op Gesinsgeweld*³²¹ (hierna WOG).

3.2.3.1 *Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld* 133 van 1993

Die *Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld* was Suid-Afrika se eerste wetgewende instrument wat spesifiek met gesinsgeweld handel het.³²² Die Wet het geen definisie vir gesinsgeweld bevat nie en die omvang van regsbeskerming aan slagoffers van gesinsgeweld was beperk.³²³ Die Wet het wel 'n belangrike doel gedien deurdat dit vir die eerste maal erkenning verleen het aan die probleem rondom gesinsgeweld en die praktyk daarvan veroordeel het.³²⁴ Hierdie wet is vervang deur die WOG wat die genoemde gebreke reggestel het.

3.2.3.2 *Wet op Gesinsgeweld* 116 van 1998 (WOG)³²⁵

Die WOG bied meer omvangryke beskerming aan mishandelde vroue as die *Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld*.³²⁶ Die hoofdoel van die WOG is om voorsiening te maak vir vinnige en toeganklike verligting ter voorkoming van gesinsgeweld.³²⁷ In die WOG word gesinsgeweld wyd gedefinieer en sluit in fisiese, emosionele, seksuele, verbale en sielkundige mishandeling.³²⁸ Intimidasie, teistering, saakbeskadiging, betreding van die klaagster se woning sonder toestemming en enige ander mishandelende optrede teenoor die klaagster, word ook ingesluit.³²⁹

'n Wye reeks verhoudings word binne die trefwydte van die WOG gebring. Hierdie verhoudings behels huwelike, saamblyverhoudings (beide homoseksueel en heteroseksueel), verlowings, gebruikelike

320 133 van 1993.

321 116 van 1998.

322 Bonthuys *et al* "Gender" 345.

323 Bonthuys *et al* "Gender" 345.

324 Bonthuys *et al* "Gender" 345.

325 Hierdie wet het op 15 Desember 1999 inwerking getree.

326 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 454, Bonthuys *et al* "Gender" 345.

327 Bonthuys *et al* "Gender" 346.

328 A 1 WOG.

329 A 1 WOG.

verhoudings en gewone verhoudings tussen 'n man en vrou.³³⁰ Die WOG is ook van toepassing op die verhouding tussen 'n ouer en kind, familieleden en diegene wat 'n woning deel.³³¹

Die belangrikste remedie waarvoor voorsiening gemaak word, is die verkryging van 'n interdik deur 'n mishandelde vrou teen haar mishandelaar.³³² Hierdie interdik is net effektief indien dit op die mishandelaar beteken word en laasgenoemde dit gehoorsaam.³³³ Tesame met die interdik word 'n opgeskorte lasbrief vir inhegtenisneming uitgereik wat net in werking tree sodra die mishandelaar die interdik oortree.³³⁴ Sou die mishandelaar die interdik ignoreer, kan hy gemeenregtelik vervolg word vir minagting van die hof.³³⁵ In terme van die WOG sal hy in só geval ook skuldig wees aan 'n statutêre misdryf en kan hy by skuldigbevinding 'n boete of gevangenisstraf opgelê word.³³⁶

Die WOG maak ook voorsiening vir bystand deur die Suid-Afrikaanse Polisie.³³⁷ Dit plaas verskeie verpligtinge op die polisie wanneer hulle uitgaan na of rapporteer oor 'n voorval van gesinsgeweld.³³⁸ Die belangrikste plig behels dat die polisie 'n mishandelde vrou moet bystaan in die verkryging van gepaste blyplek en mediese hulp.³³⁹ Hulle moet ook haar remedies in terme van die WOG aan haar verduidelik.³⁴⁰

330 A 1 WOG.

331 A 1 WOG.

332 AA 4-6 WOG; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 454. Vir 'n beskrywing van die proses waarvolgens so 'n interdik verkry word sien Bonthuys *et al* "Gender" 346.

333 A 5 WOG; Bonthuys *et al* "Gender" 346.

334 A 8 WOG; Bonthuys *et al* "Gender" 346.

335 Bonthuys *et al* "Gender" 345. Sien ook a 8(4) WOG.

336 A 8(4), 17 WOG.

337 A 2, 9 WOG.

338 A 9 en 18 WOG. Vir 'n bespreking van hierdie pligte sien Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 454 en Bonthuys *et al* "Gender" 346-347.

339 A 2 WOG; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 454; Bonthuys *et al* "Gender" 346.

340 A 2 WOG; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 454; Bonthuys *et al* "Gender" 346.

Alhoewel die WOG goeie beskerming en remedies aan mishandelde vroue bied, steun hulle nie geredelik op hierdie Wet nie. Vervolgens sal die redes waarom mishandelde vroue nie die WOG gebruik nie aangestip word.

3.2.3.3 *Redes vir nie gebruik van statutêre remedies*

Die sukses van die WOG lê nie uitsluitlik in 'n mishandelde vrou se benutting van die remedies waarvoor dit voorsiening maak nie, maar ook in haar mishandelaar se respektering en gehoorsaming van die voorskrifte. Die realiteit is dat hierdie remedies nie werklik tot 'n mishandelde se redding kom tydens 'n noodsituasie nie.

Mishandelde vroue soek normaalweg beskerming teen mans waarmee hulle in 'n verhouding betrokke is of was en wil hê dat die mishandeling moet stop, maar nie die verhouding nie.³⁴¹ Deur na die reg te kyk vir hulp kan die verhouding tussen haar en haar mishandelaar verder verbrokkel en selfs erger geweld ontlok.³⁴²

Daar bestaan ook ekonomiese, sosiale, politieke en persoonlike faktore wat mishandelde vroue verhoed om die remedies in die WOG te gebruik.³⁴³ Sommige mishandelaars dreig om hulle slagoffers se kinders te ontvoer en dreig selfs om op te hou met die betaling van onderhoud.³⁴⁴ Hierdie faktore lei tot die groot aantal mishandelde vroue wat klagtes teen hulle mishandelaars terugtrek.³⁴⁵

Die polisie en personeel werksaam by die howe raak gefrustreerd met die groot hoeveelheid sake wat teruggetrek word en die teenstrydighede

341 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

342 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

343 Bonthuys *et al* "Gender" 348. Die persoonlike faktore sluit in selfblaam, 'n skuldgevoel, vernedering, vrees vir verwerping, 'n vrees vir haweloosheid en 'n gebrek aan vertroue in die polisie.

344 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

345 Daar moet egter in gedagte gehou word dat waar die mishandelaar homself skuldig maak aan die statutêre misdryf, soos bedoel in a 17 WOG, mag 'n staatsaanklaer nie die klag terugtrek nie. Sien a 18 WOG in hierdie verband.

in klagtes.³⁴⁶ Sommige polisieledes en hofpersoneel is geneig om eerder met die respondent (mishandelaar) te simpatiseer.³⁴⁷ Die polisie se versuim en onbevoegdheid om hulle pligte na te kom dra ook by tot die oneffektiewe beskerming van mishandelde vroue se regte.³⁴⁸ 'n Voorbeeld van laasgenoemde word gevind in *S v Ferreira*³⁴⁹ waar die eerste appellant die polisie se hulp by drie geleenthede ingeroep het, maar hulle net een maal opgedaag het. Toe hulle opdaag het hulle haar meegedeel dat haar mishandelaar net dronk was en kans gegun moet word om nugter te word.³⁵⁰

Daar is ook probleme met die implementering van die WOG in die hof. Sommige landdroste is huiwerig om interdikte toe te staan vir emosionele, seksuele en ekonomiese mishandeling.³⁵¹ In ander gevalle veroorsaak die WOG se wye definisie van gesinsgeweld en 'n gebrek aan begrip vir die effek van gesinsgeweld, dat mishandelaars teenaansoeke loods waarin hulle emosionele en verbale mishandeling beweër.³⁵²

Die WOG se implementering veroorsaak ook praktiese probleme. Nie alle mishandelde vroue het voldoende toegang tot polisiestasies of gespesialiseerde eenhede wat gevalle van gesinsgeweld, seksuele geweld en kinderbeskerming hanteer nie.³⁵³ Die herhaalde uitstel van hofverrigtinge hou veral negatiewe gevolge in vir arm mishandelde vroue wat nie die vervoerkoste kan dra nie en ook nie kan bekostig om verlof by hulle werk te neem nie.³⁵⁴

346 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

347 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

348 Bonthuys *et al* "Gender" 348. Die polisie is dikwels huiwerig om betrokke te raak in sake wat volgens hulle hoort binne die gesinsverband. Daar is ook 'n geneigdheid onder hulle om die slagoffers van gesinsgeweld te blameer en dit dra by tot die lae syfer klagtes wat deur mishandelde vroue gelê word. Waar die polisie betekening van interdikte verdraag, blameer hulle dit weer op 'n gebrek aan voertuie en personeel.

349 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 463H-463I.

350 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 463I.

351 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

352 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

353 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

354 Bonthuys *et al* "Gender" 348.

Uit die bespreking tot dusver is noodweer as moontlike verweer geïdentifiseer vir mishandelde vroue wat moor. Daar is ook gewys op die statutêre regsmittele waardeur hulle, hulle regsbelange kan beskerm. Daar kan egter geargumenteer word dat daar 'n derde moontlike uitweg vir 'n mishandelde vrou is anders as die gebruikmaking van 'n regverdigingsgrond of statutêre regsmiddels. Hierdie derde uitweg behels dat sy bloot haar mishandelaar verlaat en haar sodoende terselfdertyd uit die mishandelende verhouding losmaak.

3.2.3.4 *Plig om te vlug*

Mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak word dikwels gevra waarom sy nie net haar mishandelaar verlaat het nie.³⁵⁵ Daar word algemeen aanvaar dat indien sy hom verlaat die mishandeling sal stop.³⁵⁶ Die Regshervormingskommissie³⁵⁷ van Wes-Australië het egter op die volgende belangrike punt gewys:

An appreciation of the constant nature of domestic violence enables a better understanding of one of the least understood aspects of domestic violence: that the victim may be captive.

Die siklus van geweld en gepaardgaande aangeleerde hulpeloosheid dui daarop dat 'n mishandelde vrou leer dat niks wat sy doen die mishandeling kan stopsit nie en sy verloor gevolglik die begeerte om op te tree en haarself uit die verhouding los te maak.³⁵⁸ 'n Mishandelde vrou kan ook weens voortdurende en ernstige mishandeling depressief raak en nie bystand van ander soek of ander se aanbiedinge van hulp

355 Walker *Terrifying Love* 47; *R v Lavalley* 1990 1 SCR 852. Sien ook LRCWA *Final Report* 267.

356 Makofane *Acta Crim* 84; Walker *Terrifying Love* 47.

357 LRCWA *Final Report* 266.

358 Shaffer *U Tor LJ* 10; Warren *U Chi LR* 2042; Walker *The Battered Woman* 48-50; Walker *Terrifying Love* 50; Walker *The Battered Woman Syndrome* 87.

aanvaar nie.³⁵⁹ Sy mag selfs die opinie huldig dat niemand haar uit haar situasie kan help nie en dat die mishandeling haar eie skuld is.³⁶⁰

Daar is eksterne faktore wat veroorsaak dat baie mishandelde vroue dit moeilik vind om die mishandelende verhouding te verlaat.³⁶¹ Hierdie eksterne faktore kan in vier hoofgroepe ingedeel word, te wete persoonlike faktore, praktiese, ekonomiese en verhoudingsfaktore, kulturele en godsdienstige faktore en laastens institusionele faktore.³⁶²

Persoonlike faktore sluit in vrees,³⁶³ 'n gebrek aan emosionele ondersteuning en vernedering.³⁶⁴ Mishandelde vroue poog gewoonlik om te verstaan hoekom die geweld plaasvind en pas aan om die geweld te voorkom.³⁶⁵ Hulle wil glo dat hulle mishandelaars sal verander en baie mishandelde vroue twyfel bloot dat hulle op hulle eie sal oorleef.³⁶⁶ Mishandelde vroue leef ook met 'n permanente vrees vir die volgende aanval. Wanneer die geweld dus toeneem en ernstiger word sal praktiese probleme om hulle mishandelaars te verlaat, tesame met vrees vir weerwraak hulle oortuig om eerder in die verhouding te bly.³⁶⁷

Praktiese faktore wat mishandelde vroue verhoed om die verhouding te verlaat sluit hulle uitdaging om veilige en bekostigbare behuising te kry, finansieel vir hulle kinders te sorg en die polisie se onbevoegdheid om

359 Walker *The Battered Woman* 50, 52; Craven 2003 www.austdvclearing-house.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf.

360 Walker *Terrifying Love* 50; Walker "How battering happens and how to stop it" 66.

361 Shaffer *U Tor LJ* 11.

362 Makofane *Acta Crim* 84, 86, 87; Shaffer *U Tor LJ* 11.

363 Volgens Moore "Editor's Introduction: An Overview of the Problem" 22 sluit die vrees wat 'n mishandelde vrou ervaar die volgende in: haar vrees vir die dood indien sy in die mishandelende verhouding bly, vrees vir die onbekende indien sy haar mishandelaar verlaat en haar vrees dat, indien sy haar mishandelaar verlaat, hy haar gaan opspoor en weer mishandel.

364 Makofane *Acta Crim* 84; Moore "Editor's Introduction: An Overview of the Problem" 22-24; LRCWA *Final Report* 267.

365 Makofane *Acta Crim* 86.

366 Makofane *Acta Crim* 86; Moore "Editor's Introduction: An Overview of the Problem" 23; LRCWA *Final Report* 267; Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29.

367 Makofane *Acta Crim* 86; Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29.

hulle en hulle kinders teen geweld te beskerm, in.³⁶⁸ Faktore binne die verhouding, soos om toegang tot vervoer en finansies geweier te word, sal hulle ook oorreed om nie hulle mishandelaars te verlaat nie.³⁶⁹ In baie mishandelende verhoudings is 'n mishandelde vrou afhanklik van haar lewensmaat, aangesien laasgenoemde die enigste broodwinner is en sy geen of 'n geringe inkomste verdien of oor onvoldoende beroepsvaardighede beskik.³⁷⁰

Kulturele faktore wat mishandelde vroue verhoed om hulle mishandelaars te verlaat, sluit in sienings oor die huwelik, familie en die tradisionele rolle van geslagte.³⁷¹ Baie mishandelde vroue bly in mishandelende verhoudings uit vrees vir vergelding, 'n vrees dat lede van hulle kerkgroepe hulle nie sal glo nie, of omdat hulle 'n behoefte daaraan het om hulle gades te beskerm en so die gesinseenheid te bewaar.³⁷²

Institusionele faktore soos kulturele onsensitiwiteit, 'n gebrek aan dienste, seksisme en diskriminasie is die laaste groep faktore wat mishandelde vroue verhoed om hulle uit die verhouding los te maak.³⁷³

Die vraag waarom 'n mishandelde vrou nie haar mishandelaar verlaat het nie en die faktore wat daardie besluit beïnvloed, lei tot die uiteindelijke vraag of daar 'n plig op haar gerus het om te vlug ten einde haar belange te beskerm.³⁷⁴ Hierdie vraag is verbonde aan noodweer . Die kort antwoord op hierdie vraag is dat die Suid-Afrikaanse reg geen plig op 'n mishandelde vrou plaas om uit haar huis (haar laaste

368 Shaffer *U Tor LJ* 11; Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29.

369 Makofane *Acta Crim* 84.

370 Makofane *Acta Crim* 87; Moore "Editor's Introduction: An Overview of the Problem" 21; LRCWA *Final Report* 267. Sien ook Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29.

371 Makofane *Acta Crim* 84.

372 Makofane *Acta Crim* 87. Sien ook Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29.

373 Makofane *Acta Crim* 84.

374 Sien *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 135B.

toevlugsoord), te vlug nie.³⁷⁵ Die rede hiervoor is dat dit die hele doel van noodweer sal verydel.³⁷⁶ Snyman³⁷⁷ voer 'n goeie rede hiervoor aan wanneer hy sê dat:

'n Regsisteem soos ons s'n, wat van sy onderdane verwag om die oppergesag van die reg ("rule of law") te respekteer en te bevorder, kan nie terselfdertyd van sy onderdane verwag om weg te hardloop van 'n wederregtelike aanval nie, want dit sou daarop neerkom dat van die onderdaan verwag word om haar rug te draai op die oppergesag van die reg ten einde die oppergesag van onreg te laat seëvier.

Burchell³⁷⁸ sluit hierby aan wanneer hy sê dat:

There seems to be something wrong about the duty to retreat. If I do not run away from an unlawful attack but rather stand up to my attacker and defend myself by striking him, I do not act in lawful private defence and thus am liable to punishment for the assault inflicted upon the attacker. The duty to retreat may be viewed as demeaning and insulting to the innocent victim of an unlawful attack.

Volgens *S v Engelbrecht*³⁷⁹ kan pogings wat 'n mishandelde vrou aanwend om vanaf haar mishandelaar te vlug die volgende insluit: pogings wat sy aangewend het om die gemeenskaplike woning te verlaat en pogings om staatsowerhede vir hulp te nader. In hierdie saak het die beskuldigde verskeie stappe gevolg om haar uit die verhouding los te maak.³⁸⁰ Sy het hulp by die polisie gesoek,³⁸¹ gesinsgeweldhowe

375 Dit blyk uit Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105-107; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 238-239 en Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39.

376 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 105-107; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 238-239; Rabie *et al* "Criminal law – General Principles" 39. Die vraag of sy moes vlug al dan nie is bloot een van die faktore wat in ag geneem behoort te word ten einde te bepaal of haar verdedigende optrede geregverdig was.

377 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 107.

378 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 239; Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 108.

379 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 135D. Hierdie staatsowerhede sluit onder andere in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, gesinsgeweldhowe, hulplyn, familie, vriende en enige ander liggaam of individu wat die mishandelde vrou kan help om van die mishandeling te vlug of hulp kan aanbied tydens 'n aanval.

380 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 45B, 114B.

381 Die polisie was nie altyd van veel hulp nie. Sy het hulle die op 14 Januarie 2001 gekontak na 'n voorval tussen haar en die oordelede. Die polisie het haar eintlik geensins gehelp nie. Sien bladsy 68-72 van die uitspraak vir die transkripsie van die beskuldigde se oproep na die polisie. Op bladsy 75 van die uitspraak word nog 'n voorbeeld gevind waar die polisie haar nie te hulp gesnel het nie.

genader, 'n ander pos aanvaar en na 'n ander dorp getrek,³⁸² uit die gemeenskaplike woning getrek³⁸³ en selfs gepoog om 'n egskeiding te verkry.³⁸⁴ Ten spyte van al hierdie stappe kon die beskuldigde steeds nie uit die verhouding ontsnap nie.³⁸⁵

In *S v Engelbrecht*³⁸⁶ het Satchwell R egter klem daarop gelê dat howe versigtig moet wees wanneer hulle steun op getuienis rakende mishandelde vroue se pogings om die mishandelende verhouding en mishandelaar te verlaat. 'n Hof moet nie 'n bevinding maak bloot op grond van die feit dat die vrou in die mishandelende verhouding gebly het nie.³⁸⁷ Daar kan ook nie gesê word dat sy afstand gedoen het van haar reg op noodweer bloot omdat sy in die verhouding gebly het nie.³⁸⁸

3.3 Samevatting en gevolgtrekking

'n Mishandelde vrou kan haar op die verweer van noodweer beroep ten einde die wederregtelikheid van haar optrede teenoor haar mishandelaar uit te sluit. Aangesien mishandelde vroue meestal hulle mishandelaars doodmaak in tye waar daar geen dreigende aanval aan sy kant is nie, kan hulle beroep op noodweer problematies raak. Ten einde hierdie probleem op te los het Satchwell R voorgestel dat die dreigende-vereiste by noodweer uitgebrei moet word om sodoende voorsiening te maak vir mishandelde vroue wat teen hulle mishandelaars se onvermydelike aanvalle optree. Só 'n uitbreiding van die dreigende-vereiste kan egter nie ondersteun word nie, aangesien dit die risiko inhou dat noodweer misbruik kan word. 'n Mishandelde vrou behoort dus slegs toegelaat te word om haar suksesvol op noodweer te beroep waar 'n aanval deur

382 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 75E-75G, 114D-114F.

383 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 114D.

384 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 63F-63H, 66H-66I, 73G-73H, 74I-75C, 101C, 114B-114C.

385 Sien in hierdie verband *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 98G-98H.

386 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 135G.

387 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 135G-135H; *Lavallee v The Queen* 55 CCC (3d) 97.

388 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 135G-135H; *Lavallee v The Queen* 55 CCC (3d) 97.

haar mishandelaar in die proses is of waar die aanval onmiddellik dreigend is.

Daar is 'n moontlikheid dat 'n mishandelde vrou wat haar mishandelaar doodmaak onder die indruk verkeer dat sy geregtig is om in noodweer teen hom op te tree, terwyl dit nie die geval is nie. In so 'n geval kan sy haar moontlik op putatiewe noodweer as verweer beroep. Putatiewe noodweer sal egter nie haar wederregtelike optrede teenoor haar mishandelaar uitsluit nie, maar wel haar skuld.

Noodweer laat 'n mishandelde vrou slegs toe om die reg in eie hande te neem waar alternatiewe regsmiddele nie tot haar beskikking is nie. In Suid-Afrika maak die WOG voorsiening vir die verkryging van interdikte en bystand deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Daar is egter verskeie faktore wat bydra tot mishandelde vroue se swak implementering van die regsmiddele in die WOG. Hierdie regsmiddele is ook nie tot 'n mishandelde vrou se beskikking wanneer 'n aanval deur haar mishandelaar in die proses is nie.

Die teorieë van die siklus van geweld en aangeleerde hulpeloosheid, tesame met verskeie ander faktore, bied 'n goeie verduideliking waarom mishandelde vroue nie bloot hulle mishandelaars verlaat in plaas van om hulle dood te maak nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse reg geen plig op 'n mishandelde vrou plaas om te vlug alvorens sy in noodweer teen haar mishandelaar optree nie.

HOOFSTUK 4

INVLOED VAN DIE MISHANDELDE VROU-SINDROOM OP HANDELING EN SKULD

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die moontlike invloed van die mishandelde vrou-sindroom op die elemente van handeling en skuld ondersoek. In die strafreg bestaan 'n handeling uit 'n willekeurige menslike doen of late. In hierdie hoofstuk word ondersoek of die mishandeling van 'n mishandelde vrou kon veroorsaak dat sy onwillekeurig gehandel het.³⁸⁹

Die toets om willekeurigheid te bepaal bevat 'n komponent van die vraag na toerekeningsvatbaarheid.³⁹⁰ By beide willekeurigheid en toerekeningsvatbaarheid word daar ondersoek of die beskuldigde oor die vermoë beskik het om haar liggaamsbewegings te beheer.³⁹¹ Die vraag kan gevra word of die jarelange mishandeling van 'n vrou daartoe kon lei dat sy tydens die moord op haar mishandelaar as ontoerekeningsvatbaar beskou kon word.

Toerekeningsvatbaarheid word ook beskou as 'n voorvereiste vir die bestaan van skuld.³⁹² Skuld is die grond waarop 'n mishandelde vrou vir haar wederregtelike optrede blameer kan word.³⁹³ Daar kan dus ook gevra word of die mishandeling daartoe kon lei dat sy tydens die moord op haar mishandelaar nie oor die nodige skuld beskik het ten einde strafregtelik aanspreeklik te wees nie.³⁹⁴

4.2 Handeling

Ten einde strafregtelik aanspreeklik te wees, moes 'n mishandelde vrou 'n willekeurige, menslike handeling wat voldoen aan die

389 Sien par 4.2.

390 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 183. Hierdie aspek word in paragrawe 4.2 en 4.3 bespreek.

391 Sien paragrawe 4.2 en 4.3.

392 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 158.

393 Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 147, 156 vir hierdie beginsel.

394 Sien par 4.4.

omskrywingselemente van 'n misdaad, verrig het.³⁹⁵ 'n Handeling kan die vorm aanneem van 'n doen of 'n late.³⁹⁶

'n Doen verwys na aktiewe, positiewe optrede.³⁹⁷ 'n Voorbeeld van 'n doen is waar 'n mishandelde vrou 'n rewolwer optel en haar mishandelaar doodskiet. Aan die ander kant, behels 'n late 'n versuim om op te tree.³⁹⁸ Byvoorbeeld, waar 'n mishandelde vrou versuim om 'n ambulans te ontbied wanneer haar mishandelaar 'n hartaanval kry, terwyl sy weet dat hy 'n hartprobleem het en dringend mediese hulp moet kry.

'n Late sal slegs strafregtelike aanspreeklikheid meebring indien daar 'n regsplig op 'n persoon rus om positief op te tree en sy versuim om op te tree.³⁹⁹ Die algemene reël in die Suid-Afrikaanse reg is dat geen persoon onder 'n regsplig staan om positief op te tree en skade vir 'n ander te voorkom nie.⁴⁰⁰ Daar is wel uitsonderingsgevalle op hierdie algemene reël.⁴⁰¹ Hierdie uitsonderingsgevalle kan onder meer ontstaan uit hoofde van wetgewing, die gemenereg, 'n hofbevel, 'n ooreenkoms, die beheer oor 'n gevaarlike voorwerp, 'n beskermingsverhouding, vorige positiewe optrede en/of die bekleding van 'n sekere amp.⁴⁰² 'n Mishandelde vrou kan dus strafregtelik aanspreeklik gehou word vir 'n late indien daar 'n regsplig op haar gerus het om positief op te tree en haar mishandelaar se dood te voorkom.⁴⁰³ Indien 'n regsplig nie onder een van die uitgekristalliseerde gevalle tuisgebring kan word nie, kan die

395 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 53-55; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 178, 179, 185; *S v Cunningham* 1996 1 SACR 631 (A) 635G.

396 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 53; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 178, 185, 186.

397 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 186; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 53, 62.

398 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 186; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 53, 62.

399 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 53, 62.

400 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 189. Hierdie reël geld selfs waar een persoon vanuit 'n morele oogpunt skade vir 'n ander behoort te voorkom en ook maklik daardie skade kan voorkom.

401 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 189.

402 Hierdie is nie 'n geslote lys situasies nie. Vir 'n verduideliking van elke afsonderlike situasie sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 63-65, asook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 190-208.

403 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 62; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 187.

bestaan van 'n regsplig deur die gemeenskap se regsoortuiging bepaal word.⁴⁰⁴

Soos reeds gemeld, moet 'n handeling willekeurig wees.⁴⁰⁵ Willekeurigheid impliseer dat dit vir 'n mishandelde vrou *moontlik* moes wees om positief op te tree ten einde die dood van haar mishandelaar te voorkom. Sou dit vir haar onmoontlik wees om sy dood te voorkom, kan sy onmoontlikheid as verweer opper.⁴⁰⁶ In die algemeen het die verweer van onmoontlikheid drie vereistes waaraan voldoen moet word.⁴⁰⁷ Ten eerste moet die regsreël wat 'n mishandelde vrou verbreek van haar verwag om een of ander positiewe daad te verrig.⁴⁰⁸ Tweedens moes dit vir haar objektief en fisies onmoontlik gewees het om die regsplig na te kom en laastens moes sy nie self die onmoontlikheid veroorsaak het nie.⁴⁰⁹

Willekeurigheid impliseer ook dat 'n mishandelde vrou oor die vermoë moes beskik het om haar liggaamsbewegings deur haar verstand te beheer.⁴¹⁰ Indien sy onwillekeurig gehandel het (in 'n toestand van outomatisme), kan sy nie vir haar optrede strafregtelik aanspreeklik gehou word nie.⁴¹¹ Willekeurigheid word bepaal deur 'n ondersoek na 'n mishandelde vrou se vermoë om haar wil te beheer en te kyk of haar optrede wél deur haar wil beheer is.⁴¹² Die eerste komponent van hierdie ondersoek bevat 'n element van die vraag na toerekeningsvatbaarheid.⁴¹³ Die verband tussen die willekeurigheid van 'n handeling en die vereiste van toerekeningsvatbaarheid, blyk duidelik

404 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 63.

405 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 65; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 179, 180.

406 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 65.

407 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 65.

408 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 65.

409 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 66.

410 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 57, 58; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 179; *S v Pederson* 1998 3 All SA 321 (N) 323-324. Sy moet dus in staat wees om 'n besluit rakende haar handeling te neem en daardie besluit in die werklikheid kan deurvoer.

411 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 179, 180.

412 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 183; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 57, 58.

413 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 183.

uit *S v Eadie*.⁴¹⁴ Volgens hierdie beslissing moet 'n beskuldigde wat hom op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid beroep, aantoon dat hy onwillekeurig gehandel het.⁴¹⁵

Die vraag wat vervolgens gevra kan word is of 'n mishandelde vrou se mishandeling daartoe kan lei dat sy as ontoerekeningsvatbaar tydens die doodmaak van haar mishandelaar beskou kan word.⁴¹⁶

4.3 Toerekeningsvatbaarheid

'n Mishandelde vrou is toerekeningsvatbaar indien sy regtens oor die geestesvermoë beskik wat vereis word om haar vir haar wederregtelike optrede aanspreeklik te hou.⁴¹⁷ Die vrou se toerekeningsvatbaarheid word getoets deur 'n tweeledige ondersoek te doen na haar vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei (onderskeidingsvermoë) en haar vermoë om dienooreenkomstig daardie onderskeid op te tree (wilsbeheervermoë of weerstandskrag).⁴¹⁸ Indien enigeen van hierdie twee vermoëns ontbreek, word die vrou as ontoerekeningsvatbaar beskou.⁴¹⁹ Die *Strafproseswet*⁴²⁰ (hierna SPW) onderskei tussen patologiese ontoerekeningsvatbaarheid⁴²¹ en verminderde toerekeningsvatbaarheid.⁴²² Volgens *S v Laubscher*⁴²³ kan nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid ook onderskei word. Vervolgens sal die strafregtelike posisie waar 'n mishandelde vrou haar

414 *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720H-720I, 747D.

415 *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720H-720I, 747D; *Snyman Strafred* 5^{de} uitg 61. Onwillekeurige gedrag sal onder die bespreking van toerekeningsvatbaarheid meer aandag geniet. Sien par 4.3.2.

416 Sien par 4.3.

417 *Burchell Criminal Law* 2^{de} uitg 225; *Snyman Strafred* 5^{de} uitg 157; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 166F-166G; *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 734F; *S v Nursing* 1995 2 SACR 331 (D) 339B.

418 *S v Eadie* 2001 1 SACR 172 (K) 177C-177D; *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720B, 734F-734H; *Snyman Strafred* 5^{de} uitg 158, 159; *Burchell Criminal Law* 3^{de} uitg 183, 458; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 166H-166I; *Louw SACJ* 201; *S v Nursing* 1995 2 SACR 331 (D) 339B.

419 *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 734H. *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 166I-167A; *S v Nursing* 1995 2 SACR 331 (D) 339B.

420 51 van 1977.

421 A 78(1) SPW; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167B-167E. Sien par 4.3.1.

422 A 78(7) SPW; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167J. Sien par 4.3.3.

423 *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167F. Sien par 4.3.2.

mishandelaar gedood het in die konteks van die verskeie vorme van ontoerekeningsvatbaarheid ondersoek word.

4.3.1 Patologiese ontoerekeningsvatbaarheid

Patologiese ontoerekeningsvatbaarheid word in artikel 78(1) van die SPW soos volg omskryf:

(1) Iemand wat 'n handeling verrig of versuim om 'n handeling te verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting of versuim aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dat hy of sy nie oor die vermoë beskik-

- (a) om die ongeoorlooftheid van sy of haar handeling of versuim te besef nie; of
- (b) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy of haar handeling of versuim op te tree nie,

is nie vir so 'n handeling of versuim strafregtelik toerekenbaar nie.⁴²⁴

Hierdie artikel skep twee onderskeibare moontlikhede vir ontoerekeningsvatbaarheid, te wete geestesongesteldheid of geestesgebrek. Beide hierdie moontlikhede kan toerekeningsvatbaarheid tydens misdryfpleging beïnvloed.⁴²⁵ Die SPW definieer nie die konsepte "geestesongesteldheid" of "geestesgebrek" nie. Beide konsepte kan beskou word as 'n "sieklieke of patologiese versteuring van die geestesvermoëns" wat permanent of tydelik kan wees.⁴²⁶

424 Sien ook *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167B-167C; Louw SACJ 200; *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 731I-731J en Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 373.

425 *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167D; *S v Kok* 2001 4 All SA 291 (A) 294-295. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 370 in verband met patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.

426 *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167D-167E; *S v Calitz* 1990 1 SACR 119 (A) 119; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 375. Op bladsy 377 verduidelik Burchell egter dat geestesongesteldheid en geestesgebrek onderskeibare begrippe is, aangesien daar onderskei word tussen: "... a disease of the mind (mental illness) and a mental state characterised by an intellect so abnormally low as to deprive the individual of normal cognitive or conative functions (mental defect)". Terwyl 'n persoon se geestesgebreke reeds op 'n vroeë ouderdom manifesteer en gewoonlik permanent van aard is, manifesteer geestesongesteldheid eers later in 'n persoon se lewe en is gewoonlik wisselvallig van aard. In die lig hiervan moet die twee begrippe dus nie as sinonieme beskou word nie.

Die vereiste dat 'n versteuring sieklik of patologies moet wees, beteken dat slegs versteurings wat deur bekende en identifiseerbare siektes veroorsaak word, as 'n geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek vir doeleindes van artikel 78(1) sal kwalifiseer.⁴²⁷ 'n Geestesversteuring wat die gevolg is van 'n tydelike effek van eksterne stimuli word nie beskou as 'n bekende en identifiseerbare siekte nie.⁴²⁸

In die konteks van die mishandelde vrou kan geargumenteer word dat die siklus van geweld geweldige sielkundige druk op die vrou plaas wat kan veroorsaak dat sy uiteindelik afgebreek en verneder voel.⁴²⁹ Hierdie sielkundige druk kan beskou word as die effek van eksterne stimuli, te wete die mishandeling. Die sielkundige druk word nie veroorsaak deur 'n sieklike versteuring van 'n mishandelde vrou se geestesvermoëns nie en gevolglik behoort 'n mishandelde vrou dus nie op patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as verweer te kan steun wanneer sy haar mishandelaar doodmaak nie. Alhoewel dit onwaarskynlik is dat hierdie optrede van die vrou neerkom op patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, kan die mishandeling wat sy moet verduur moontlik nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid meebring.

4.3.2 Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid

Volgens Snyman⁴³⁰ verwys nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid:

... na gevalle waarin X hom daarop beroep dat, ofskoon hy tydens die daad ontoerekeningsvatbaar was, sy ontoerekeningsvatbaarheid nie 'n manifestasie van 'n sieklike (patologiese) geestesversteuring was nie. Gewoonlik is X se toestand van ontoerekeningsvatbaarheid in hierdie gevalle van 'n betreklike korte duur.

Volgens hierdie verduideliking is dit duidelik dat nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid nie 'n sieklike of patologiese versteuring is (soos hierbo bespreek) nie, maar iets anders, byvoorbeeld:

427 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 375.

428 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 375.

429 Cipparone *U Pen LR* 430; Walker *The Battered Woman* 61. Sien ook weer die bespreking van die siklus van geweld in hoofstuk 2.

430 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 161. Sien ook *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167F en *S v Kok* 2001 4 All SA 291 (A) 295.

... "emosionele ineenstorting", "emosionele stres", "totale persoonlikheidsineenstorting", of faktore soos skok, vrees, woede of spanning.⁴³¹

Verskeie van hierdie faktore kan teenwoordig wees in die geval van die mishandelde vrou. Sy verkeer dikwels in 'n toestand van konstante vrees en spanning weens die herhaling van die siklus van geweld.⁴³² Emosionele stres word veroorsaak deur 'n kombinasie van omstandighede wat oor 'n tydperk plaasvind.⁴³³ 'n Mishandelde vrou word in 'n spanningvolle situasie geplaas deur haar mishandelaar se konstante onderdrukkende optrede.⁴³⁴ Hierdie spanningsvolle situasie kan daartoe lei dat die faktore hierbo by haar teenwoordig kan wees. Op hierdie manier kan die spanningsvolle situasie uiteindelik daartoe lei dat sy tydelik ontoerekeningsvatbaar beskou kan word, veral tydens die doodmaak van haar mishandelaar.⁴³⁵

Daar kan geargumenteer word dat die spesifieke omstandighede van 'n mishandelde vrou haar persoonlikheidsamestelling so verander dat sy vatbaar is vir 'n gewelddadige emosionele uitbarsting.⁴³⁶ Wanneer 'n

431 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 162. Sien ook Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 282-283; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 183; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 161; *S v Eadie* 2001 1 SACR 172 (K) 177E-177F; *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 731I-731J; *S v Gesualdo* 1997 2 SACR 68 (W) 77I-77J.

432 Warren *Uni Chi LR* 2041. Sien ook LRCWA *Final Report* 266 waar die Regshervormingskommissie van Wes-Australië aandui dat: "Domestic violence is said to be constant because of the ever-present fear and stress it instils in the victim. Fear is used in abusive relationships to control the victim."

433 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 288; *S v Shapiro* 1994 1 SACR 112 (A) par 26.

434 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 288.

435 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 288.

436 Sien in dié verband *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 332G. Hierdie argument is namens 'n beskuldigde wat sy moeder en grootouers doodgemaak het geopper. Met betrekking tot die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die verandering in die beskuldigde se persoonlikheidsamestelling, word aangevoer dat: "... the peculiar circumstances which were relied on were those of the accused's upbringing. It was said that these led to his condition prior to the shooting, and they consisted of a prolonged, continuous and at times severe physical, psychological and sexual abuse, mainly at the hands of his mother" (332I). Die mishandeling wat 'n vrou moet verduur is identies aan die mishandeling wat die beskuldigde verduur het. Daarom kan dieselfde argument namens 'n mishandelde vrou wat haar mishandelaar doodmaak geopper word.

spesifieke voorval plaasvind wat hierdie uitbarsting laat manifesteer in gewelddadige optrede teenoor haar mishandelaar, kan haar verstand só vertroebel word deur 'n emosionele ineenstorting dat sy as ontoerekeningsvatbaar beskou word.⁴³⁷ Provokasie kan ook aanleiding gee tot nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.⁴³⁸ In *S v Eadie*⁴³⁹ het dit egter geblyk dat, wanneer 'n mishandelde vrou op provokasie as oorsaak van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid steun, sy net sal slaag indien sy so ontwrig was dat sy in 'n toestand van outomatisme gehandel het. In die situasie van 'n mishandelde vrou, kan provokasie verband hou met die geestelike en fisiese uitputting van jare se mishandeling.⁴⁴⁰ Die jarelange mishandeling plaas haar weerstandskrag onder geweldige druk en hierdie druk duur voort tot sy uiteindelik breekpunt bereik en haar lewensmaat doodmaak.⁴⁴¹ Haar finale, gewelddadige optrede teenoor haar mishandelaar bevestig die woede wat sy deur die jare teenoor hom opgebou het.⁴⁴² Die manifestering van opgeboude woede wat tot ontoerekeningsvatbaarheid lei, is al in die regspraak bevestig. In *S v Potgieter*⁴⁴³ is gesê dat:

... stress, frustration, fatigue and provocation, for instance, may diminish self-control to the extent that, colloquially put, a person "snaps" and a conscious act amounting to a crime results.

437 Sien in hierdie verband *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 332H. Sien ook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 238.

438 *S v Eadie* 2001 1 SACR 172 (K) 177D-177E. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 428 en Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 238. Provokasie moet egter nie met humeur-verlies verwar word nie. 'n Verlies van beheer oor emosionele reaksies (humeur-verlies) verskil van die verlies van kognitiewe beheer (veroorsaak deur provokasie). Humeur-verlies is nie voldoende om strafregtelike aanspreeklikheid uit te sluit nie, aangesien misdade voortvloeiend uit argumente of emosionele konflik meestal nie deur provokasie voorafgegaan word nie. Om jou humeur te verloor is 'n algemene verskynsel wat as 'n strafversagtende faktor kan dien. Sien in dié verband *S v Kok* 2001 2 SACR 106 (HHA) 115J, *S v Henry* 1999 2 SACR 13 (HHA) 20D-20F en *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 738H, 740F.

439 Sien in hierdie verband *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 747D-747F asook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 239.

440 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 162.

441 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 162. Sien in hierdie verband weer die bespreking van die spanning-bou fase in par 2.3.2.1.

442 Hierdie beginsel blyk uit *S v Shapiro* 1994 1 SACR 112 (A) par 27.

443 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 74A-74B. Sien ook *S v Francis* 1999 1 SACR 60 (HHA) 652F. Sien *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 333H-333J vir deskundiges se mening in dié verband.

Die toonaangewende uitspraak *S v Eadie*⁴⁴⁴ het dit laat blyk dat daar geen verskil tussen nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid en gesonde outomatisme is nie. Gesonde outomatisme is die geval waar 'n geestesgesonde persoon tydelik onwillekeurig optree.⁴⁴⁵ Outomatisme kan geïdentifiseer word deur die volgende kenmerke:

... 'n intense opwelling ... asook 'n handeling wat binne 'n paar sekondes plaasvind met 'n gepaardgaande kenmerk van totale geheueverlies.⁴⁴⁶

In die lig hiervan kan 'n mishandelde vrou wat wel oor die onderskeidingsvermoë beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei, strafregtelike aanspreeklikheid vryspring indien sy tydelik onwillekeurig opgetree het.⁴⁴⁷ Indien sy haar op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid beroep, sal sy getuienis moet aanbied wat 'n feitelike grondslag vir die verweer lê.⁴⁴⁸ Hierdie grondslag moet voldoende wees om minstens redelike twyfel oor haar toerekeningsvatbaarheid te skep.⁴⁴⁹ Vanweë die aard van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid sal die betroubaarheid en

444 *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720H, 740I, 747D; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 162, 164. Die hof baseer hierdie afleiding op die volgende uitsprake: *S v Cunningham* 1996 1 SACR 631 (A) 635G-635H, 636A; *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 651H; *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73G-74B; *S v Henry* 1999 1 SACR 13 (HHA) 20E-20F.

445 Volgens *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 730A is outomatisme "... 'n motoriese gedraging wat nie onder direkte wilsbeheer van 'n persoon geskied nie." In teenstelling met gesonde outomatisme vind mens ook sieklike outomatisme. Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 58-59 vir die onderskeid tussen gesonde en sieklike outomatisme.

446 *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 730F-730G.

447 Hierdie posisie blyk uit *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720H-720I, 747D. Sien in hierdie verband ook *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 725G en *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 72F. In beide hierdie sake het 'n mishandelde vrou aangevoer dat sy tydens die moord op haar mishandelaar in 'n toestand van outomatisme opgetree het.

448 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 72J-73A, 73G-73H; *S v Kalogoropoulos* 1993 1 SACR 12 (A) 21E; *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 652C-652D; *S v Kali* 2000 2 All SA 181 (Ck) 202; *S v Volkman* 2004 4 All SA 697 (K) 700; *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 334B; *S v Gesualdo* 1997 2 SACR 68 (W) 74F-74G. Hierdie is ook die geval by outomatisme. Sien in dié verband Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 60 en *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 724D-724E, 731C-731D, 731I-732A.

449 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 72J-73A; *S v Kalogoropoulos* 1993 1 SACR 12 (A) 21E; *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 652C-652D; *S v Kali* 2000 2 All SA 181 (Ck) 202; *S v Volkman* 2004 4 All SA 697 (K) 700; *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 334B. Sien ook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 60 en *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 731E-731F.

eerlikheid van 'n mishandelde vrou wesenlik belangrik by die skep van 'n feitelike grondslag vir die verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid wees.⁴⁵⁰ Deskundige getuienis kan gelewer word ten einde te bewys dat die onwillekeurige gedrag, wat lei tot nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, nie deur geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek veroorsaak is nie.⁴⁵¹ By nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid is die aanvoer van deskundige getuienis egter nie 'n noodsaaklikheid soos by patologiese ontoerekeningsvatbaarheid nie.⁴⁵²

'n Hof het egter die finale taak om te besluit oor 'n mishandelde vrou se strafregtelike aanspreeklikheid met inagneming van die deskundige getuienis en die feite van die saak.⁴⁵³ By die neem van hierdie besluit sal 'n hof haar optrede voor, tydens en na die doodmaak van haar mishandelaar in ag neem ten einde te bepaal of sy toerekeningsvatbaar was, al dan nie.⁴⁵⁴ Die hof sal ook moet bepaal of haar optrede gefokus, doelgerig en vooraf beplan was.⁴⁵⁵ In die meeste gevalle waar 'n mishandelde vrou haar lewensmaat doodmaak is haar optrede wel gefokus, doelgerig en vooraf beplan. Sy sal byvoorbeeld wag tot hy aan die slaap is en hom dan doodmaak, soos in *S v Engelbrecht*.⁴⁵⁶ Sy kan selfs, soos in *S v Ferreira*,⁴⁵⁷ ander persone huur om hom dood te maak.

450 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73B; *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 652D; *S v Kali* 2000 2 All SA 181 (CK) 202.

451 *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 732A; *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73H.

452 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 72I-72J; *S v Kalogoropoulos* 1993 1 SACR 12 (A) 21I.

453 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73A; *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 652C-652D; *S v Kali* 2000 2 All SA 181 (CK) 202; *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 334C; *S v Volkman* 2004 4 All SA 697 (K) 700. Sien ook *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 731E-731F.

454 *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720C-720D, 741D-741E; *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 334C; *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 733F-733G.

455 Sien *S v Gesualdo* 1997 2 SACR 68 (W) 76J. Sien ook *S v Eadie* 2002 3 SA 719 (HHA) 720C-720D, 741E-741F. Onwillekeurigheid word ook vasgestel deur te kyk of die mishandelde vrou tydens misdryfpleging gedisoriënteerd was. Disoriëntering is aanduidend van 'n tydelike verlies oor die wilsbeheervermoë en lei tot onwillekeurige gedrag.

456 Sien weer voetnoot 221 vir die feite van *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W).

457 Sien weer voetnoot 220 vir die feite van *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA).

Die moontlikheid dat mishandelde vroue die verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid kan misbruik in 'n desperate poging om strafregtelike aanspreeklikheid vry te spring, bestaan altyd.⁴⁵⁸ Die howe in Suid-Afrika is nie onbewus hiervan nie.⁴⁵⁹ Enige beroep op hierdie verweer sal versigtig hanteer word en die gronde waarop die verweer berus sal deeglik ondersoek word.⁴⁶⁰ Die gewig wat aan deskundige getuienis geheg word sal in 'n groot mate afhang van die geloofwaardigheid van 'n mishandelde vrou se eie getuienis.⁴⁶¹

Indien daar enigsins twyfel bestaan oor die willekeurigheid van 'n mishandelde vrou se optrede, behoort sy die voordeel van die twyfel te kry en onskuldig bevind te word.⁴⁶² Indien die verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid nie slaag nie, kan die provokasie, emosionele stres, skok, vrees, woede en/of spanning wat sy voor of tydens die doodmaak van haar mishandelaar ervaar het altyd nog tot verminderde toerekeningsvatbaarheid aanleiding gee.⁴⁶³

4.3.3 Verminderde toerekeningsvatbaarheid

Volgens artikel 78(7) van die SPW is verminderde toerekeningsvatbaarheid relevant vir vonnisoplegging.⁴⁶⁴ Die betrokke subartikel lui soos volg:

-
- 458 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 163. Sien ook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 60 waar aangetoon word dat hierdie moontlikheid ook met betrekking tot automatisme bestaan.
- 459 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 163.
- 460 Hierdie is die belangrike aspek wat blyk uit *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) en *S v Kensley* 1995 1 SACR 646 (A) 658J. Hierdie posisie word ook bevestig in *S v Kalogoropoulos* 1993 1 SACR 12 (A) 21E, *S v Francis* 1999 1 SACR 650 (HHA) 652C-62D, *S v Kali* 2000 2 All SA 181 (Ck) 202, *S v Volkman* 2004 4 All SA 697 (K) 700 en *S v Nursingh* 1995 2 SACR 331 (D) 334B. Sien ook Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 60; Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 295; *S v Gesualdo* 1997 2 SACR 68 (W) 74G-74H en *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 731H-731I.
- 461 Sien in hierdie verband *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73B-73D, *S v Els* 1993 1 SACR 723 (O) 731I en Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 284-285, 295.
- 462 *S v Potgieter* 1994 1 SACR 61 (A) 73H; Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 164.
- 463 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 295.
- 464 A 78(7) *Strafproseswet* 51 van 1977; *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 21; *S v Laubscher*

Indien die hof bevind dat die beskuldigde ten tyde van die verrigting van die betrokke handeling vir die handeling strafregtelik toerekenbaar was maar dat sy vermoë om die ongeoorlooftheid van die handeling te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy handeling op te tree, vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek verminder was, kan die hof die feit van so 'n verminderde toerekenbaarheid in aanmerking neem wanneer die beskuldigde gevonnissen word.

Verminderde toerekeningsvatbaarheid verwys na die verminderde vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei en/of ooreenkomstig daardie besef te kan optree.⁴⁶⁵ Volgens Burchell⁴⁶⁶ word verminderde toerekeningsvatbaarheid gewoonlik aangetref in gevalle van 'n geestesgebrek wat nie op geestesongesteldheid neerkom nie. Verminderde toerekeningsvatbaarheid verwys nie na 'n patologiese toestand wat die voer van mediese deskundige getuienis benodig ten einde 'n hof te help om 'n bevinding te maak nie.⁴⁶⁷ Sielkundige en deskundige getuienis kan wel nuttig wees by die bepaling van verminderde toerekeningsvatbaarheid, maar is nie noodsaaklik nie.⁴⁶⁸

Verminderde toerekeningsvatbaarheid is 'n geestestoestand met verskillende grade en oorsake.⁴⁶⁹ Van die oorsake sluit provokasie, stres, jaloesie en alkoholgebruik in.⁴⁷⁰ By die beoordeling van 'n beroep op verminderde toerekeningsvatbaarheid moet 'n hof bepaal watter

1988 1 SA 163 (A) 167J-168A; *S v Shapiro* 1994 1 SACR 112 (A) par 24; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 400. Verminderde toerekeningsvatbaarheid bestaan uit patologiese verminderde toerekeningsvatbaarheid asook nie-patologiese verminderde toerekeningsvatbaarheid. Die onderskeid tussen hierdie vorme is dieselfde as in die geval van patologiese en nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. Sien weer paragrawe 4.3.1 en 4.3.2 hierbo.

465 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 21. Sien ook *S v Calitz* 1990 1 SACR 119 (A) 120.

466 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401.

467 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 67.

468 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401; *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 67.

469 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 65.

470 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 65. Sien ook *S v Schwarz* 1999 JOL 5826 (A) 1, 2, 13-15 waar die respondent hom beroep het op emosionele spanning as oorsaak van verminderde toerekeningsvatbaarheid.

gewig aan hierdie faktore geheg word.⁴⁷¹ Dit bly die voorreg van 'n hof om 'n gevolgtrekking te maak oor die moontlike vermindering van 'n mishandelde vrou se toerekeningsvatbaarheid ná 'n behoorlike beoordeling van al die relevante feite van 'n saak.⁴⁷² Volgens *S v Ferreira*⁴⁷³ is 'n mishandelde vrou se fisiese en sielkundige mishandeling, haar kriminele rekord en ander persoonlike faktore relevante getuienis wat in ag geneem kan word by vonnisoplegging.⁴⁷⁴

Dit is belangrik om te onderskei tussen nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid en verminderde toerekeningsvatbaarheid.⁴⁷⁵ Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid is 'n verweer wat 'n mishandelde vrou se toerekeningsvatbaarheid en gevolglik skuld heeltemal kan uitsluit.⁴⁷⁶ Verminderde toerekeningsvatbaarheid is nie 'n verweer nie en word net in ag geneem by vonnisoplegging.⁴⁷⁷ Hierdie onderskeid geld ook waar daar geen sprake is van geestesongesteldheid, soos genoem in artikel 78(7), nie.⁴⁷⁸

Burchell⁴⁷⁹ wys daarop dat daar nie dikwels in die Suid-Afrikaanse reg op verminderde toerekeningsvatbaarheid gesteun word nie. Die rede hiervoor is die feit dat daar normaalweg 'n wye betekenis aan die konsep ontoerekeningsvatbaarheid gegee word.⁴⁸⁰ Hierdie wye betekenis geld

471 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 67.

472 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 67. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401; Sien *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 466I-467B waar aangetoon word dat navorsing (beide plaaslik en internasionaal) asook regspraak wat handel oor mishandeling tussen lewensmaat relevant sal wees in sake waar mishandeling ter sprake kom by vonnisoplegging.

473 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 477.

474 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 477.

475 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 47.

476 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 47; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 167F.

477 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 47; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 168A; *S v Shapiro* 1994 1 SACR 112 (A) par 24.

478 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 47.

479 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401.

480 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401.

vir patologiese en nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.⁴⁸¹ Verminderde toerekeningsvatbaarheid kom egter steeds in die howe voor. Die uitsprake van *S v Ferreira*⁴⁸² en *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter*⁴⁸³ is voorbeelde waar dit onlangs voorgekom het. In *S v Ferreira*⁴⁸⁴ het Howie P pertinent daarop gewys dat, waar 'n mishandelde vrou haar mishandelaar doodmaak in 'n situasie waartydens sy nie op 'n regverdigingsgrond kan steun nie, daar ondersoek moet word of die doodmaak van haar mishandelaar subjektief ter oplegging van 'n ligter straf regverdigbaar was.⁴⁸⁵

In die tweede voorbeeld, *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter*,⁴⁸⁶ wys die hof daarop dat die reg rakende verminderde toerekeningsvatbaarheid duidelik is. Iemand wat met verminderde toerekeningsvatbaarheid optree, is skuldig aan 'n misdryf, maar sy optrede sal moreel minder afkeurenswaardig wees omdat hy op 'n spesifieke tydstip met verswakte oordeel opgetree het en nie heeltemal in beheer was nie.⁴⁸⁷ Waar 'n mishandelde vrou dus aangekla word van moord en die getuienis onvoldoende is om haar opset om te moor uit te sluit, kan hierdie getuienis steeds aangewend word as strafversagende faktore.⁴⁸⁸

481 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 401.

482 Vir die feite van *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) sien weer voetnoot 220.

483 In *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 het die respondent en sy vrou in 'n argument betrokke geraak na hulle werksfunksies bygewoon het. Toe die argument buite beheer raak het die respondent se vrou hom meegedeel dat sy en die kinders hom gaan verlaat sodat hy kan kalmeer. In die gebeure daarna het die respondent sy twee kinders doodgeskiet en sy vrou gewond. Die respondent se verweer was dat hy nie die tersaaklike gebeure kon onthou nie. Die hof *a quo* was van mening dat die respondent opgetree het met tydelike verminderde toerekeningsvatbaarheid wat deur stres veroorsaak is.

484 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A-456B, 467B-467C.

485 *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 456A-456B, 467B-467D.

486 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 51.

487 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 51. Sien ook Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 172. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die persoon net skuldig sal wees indien die ander vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid teenwoordig is.

488 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 240-241; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 424.

Beide toerekeningsvatbaarheid en skuld het met 'n mishandelde vrou se geestestoestand te make.⁴⁸⁹ Toerekeningsvatbaarheid is ook 'n voorvereiste vir die bestaan van skuld.⁴⁹⁰ Daar moet dus eers vasgestel word of 'n vrou toerekeningsvatbaar was alvorens vasgestel kan word of sy met die nodige skuld gehandel het.⁴⁹¹ Indien bevind word dat sy nie toerekeningsvatbaar is nie, sal skuld afwesig wees en sal sy nie strafregtelik aanspreeklik wees nie. Dit is gevolglik nodig om die element van skuld van nader te beskou.

4.4 Skuld

Daar kan geen strafregtelike aanspreeklikheid wees indien skuld afwesig is nie.⁴⁹² Skuld is die grond waarop 'n mishandelde vrou regtens vir haar wederregtelike optrede blameer kan word.⁴⁹³ Skuld word bepaal deur te fokus op die mishandelde vrou as individu.⁴⁹⁴ Die vraag is of sy, met inagneming van haar "persoonlike gawes, tekortkominge en aanleg"⁴⁹⁵ en dit wat in sekere omstandighede deur die reg van haar verwag word, verwyt kan word vir die misdryf wat sy gepleeg het.

Skuld vereis dat 'n mishandelde vrou vry moet wees om 'n keuse ten opsigte van haar gedrag te maak en op grond daarvan verantwoordelik gehou kan word.⁴⁹⁶ Die vraag na skuld ontstaan eers sodra daar bevestig is dat sy 'n wederregtelike handeling verrig het.⁴⁹⁷ Skuld moet egter gelyktydig met wederregtelikheid bestaan alvorens sy strafregtelik aanspreeklik sal wees.⁴⁹⁸

489 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 458.

490 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 158.

491 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 458.

492 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 455.

493 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 455; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 147.

494 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 148.

495 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 148.

496 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 148.

497 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 147.

498 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 150; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 455.

Skuld kan een van twee vorme aanneem, te wete opset (*dolus*) of nalatigheid (*culpa*).⁴⁹⁹ 'n Mishandelde vrou wat haar mishandelaar doelbewus doodmaak, terwyl sy weet dat haar optrede wederregtelik is, tree met opset op.⁵⁰⁰ Opset word subjektief bepaal.⁵⁰¹ 'n Hof moet bepaal wat in die mishandelde vrou se gedagtes omgegaan het toe sy haar mishandelaar doodgemaak het.⁵⁰² Hierdie bepaling word gedoen deurdat 'n hof homself sover moontlik in haar skoene tydens die doodmaak van haar mishandelaar plaas.⁵⁰³ Gedurende hierdie proses moet die hof alle tersaaklike feite in gedagte hou.⁵⁰⁴

Opset bestaan uit 'n kognitiewe en konatiewe element.⁵⁰⁵ Die konatiewe element behels dat 'n mishandelde vrou haar wil rig op die bereiking van 'n sekere handeling of gevolg, naamlik haar mishandelaar se dood.⁵⁰⁶ Die kognitiewe element behels dat 'n mishandelde vrou moet weet dat sy 'n handeling verrig wat aan die misdaad se omskrywingselemente voldoen, en dat haar handeling wederregtelik was.⁵⁰⁷ Indien sy onbewus is van die teenwoordigheid van die omskrywingselemente van die misdryf óf die feit dat haar handeling wederregtelik was, dwaal sy en sal opset ontbreek.⁵⁰⁸ Haar dwaling hoef nie redelik te wees nie, maar wel wesenlik.⁵⁰⁹ Haar wederregtelikheidsbewussyn (kennis van die

499 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 455; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 150. Opset is 'n element van die misdryf moord, terwyl nalatigheid 'n element van die misdryf strafbare manslag uitmaak.

500 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 459; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 181. Hierdie beginsel blyk ook uit *S v Bean* 2001 JOL 7925 (NK) 8-9.

501 Sien *S v Bean* 2001 JOL 7925 (NK) 8 en *S v Van Aardt* 2007 JOL 20868 (OK) 26.

502 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 188; *S v Swartbooi* 2008 JOL 21692 (OK) 3; *S v Lungile* 2000 1 All SA 179 (A) 180, 184; *S v Van Aardt* 2007 JOL 20868 (OK) 26.

503 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 188; *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467H; Bonthuys *et al* "Gender" 351.

504 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 188; *S v Ferreira* 2004 2 SACR 454 (HHA) 467H; Bonthuys *et al* "Gender" 351; *S v Lungile* 2000 1 All SA 179 (A) 180, 184.

505 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 181; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461.

506 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 181; *S v Bean* 2001 JOL 7925 (NK) 8-9.

507 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 301; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 181, 191, 202, 239. Sien ook *S v Bean* 2001 JOL 7925 (NK) 8-9.

508 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 191.

509 Die vraag of daar werklik dwaling was wat haar opset uitsluit is 'n feitlike vraag gebaseer op haar siening van die feite en gebeure. Dwaling is slegs wesenlik indien sy dwaal oor haar handeling, haar handeling se

handeling se wederregtelikheid) beteken dat sy minstens moet besef dat haar gedrag nie deur 'n regverdigingsgrond gedek sal word nie.⁵¹⁰ In hierdie geval bestaan haar wederregtelikheidsbewussyn nie uit haar kennis van regsvoorskrifte nie, maar uit haar kennis van sekere feite.⁵¹¹ 'n Voorbeeld waar 'n mishandelde vrou se wederregtelikheidsbewussyn uit haar kennis van sekere feite, in plaas van haar kennis van regsvoorskrifte bestaan, is putatiewe noodweer.⁵¹² Putatiewe noodweer is geen regverdigingsgrond nie en 'n mishandelde vrou sal die afwesigheid van skuld (dwaling) as verweer moet opper.⁵¹³ Ten einde te slaag met 'n beroep op putatiewe noodweer moet 'n mishandelde vrou slegs aantoon dat sy nie die opset gehad het om wederregtelik op te tree nie.⁵¹⁴ Indien opset ontbreek kan sy nie aan moord skuldig bevind word nie.⁵¹⁵ Daar is egter 'n moontlikheid dat sy aan strafbare manslag skuldig bevind kan word, aangesien nalatigheid vir 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag vereis word.⁵¹⁶

Vervolgens kan 'n mishandelde vrou se wederregtelikheidsbewussyn uit haar regskennis bestaan en nie haar kennis van sekere feite nie.⁵¹⁷ Hierdie situasie kan na verwys word as regsdwaling. 'n Voorbeeld van so 'n situasie is waar 'n mishandelde vrou haar mishandelaar doodmaak, maar glad nie besef dat haar optrede wederregtelik is nie. In so 'n geval sal sy nie oor die nodige opset beskik nie.⁵¹⁸ Snyman⁵¹⁹ stem nie hiermee saam nie. Hy is van mening dat regsdwaling by opsetmisdade net behoort te slaag indien dit redelik is.⁵²⁰ Volgens Snyman⁵²¹ behoort

wederregtelikheid of die misdryf se omskrywingselemente. Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 191-192 vir 'n meer volledige verduideliking van redelikheid en wesenlikheid by dwaling.

510 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 202.

511 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 202.

512 Vir 'n verduideliking van putatiewe noodweer sien weer par 3.2.2.

513 Hierdie beginsel blyk uit Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 102.

514 Reddi SACJ 275.

515 Reddi SACJ 275.

516 Reddi SACJ 275.

517 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 202.

518 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 201.

519 Sien Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 202-206 waar hy die kritiek teen hierdie standpunt asook sy eie mening bespreek.

520 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 206.

'n persoon hom nie op regsdwaling te beroep waar hy 'n regsreël kon en behoort te geweet het nie. Die kans dat 'n mishandelde vrou haar suksesvol op regsdwaling kan beroep is skraal. Dit sal vir haar uiters moeilik wees om aan te toon dat sy geensins geweet het dat die doodmaak van 'n ander persoon wederregtelik is nie. Sou sy aanvoer dat sy tydelik nie geweet het dat die doodmaak van haar mishandelaar verkeerd is nie, sal sy haar op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, eerder as regsdwaling, moet beroep.⁵²²

Die twee elemente van opset speel 'n belangrike rol by provokasie. 'n Mishandelde vrou wat weens provokasie haar mishandelaar doodmaak, rig haar wil daarop om hom dood te maak (konatiewe element), maar is nie noodwendig op daardie kritieke oomblik bewus van die omstandighede wat haar optrede verbode maak nie (kognitiewe element).⁵²³ Selfs al tree sy willekeurig en toerekeningsvatbaar op, kan sy aanvoer dat sy weens provokasie so emosioneel ontwrig was dat sy nie oor die opset beskik het wat benodig word vir 'n skuldigbevinding aan moord nie.⁵²⁴

Opset bestaan uit drie vorme.⁵²⁵ Die eerste vorm is oogmerkopset.⁵²⁶ 'n Mishandelde vrou wat haar mishandelaar skiet met die uitsluitlike doel om hom dood te maak tree met oogmerkopset op.⁵²⁷ Sy begeer dus sy dood, ongeag of die moontlikheid dat hy wel gaan sterf, gering is.⁵²⁸ Die

521 Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg 206. Daar rus volgens hom 'n plig op elke persoon om op hoogte te bly van die regsreëls. Hierdie plig bestaan ten opsigte van daardie regsreëls wat spesifiek op 'n individu van toepassing is, omdat hy byvoorbeeld 'n sekere amp beklee.

522 Sien par 4.3.2.

523 Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg 435; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 239.

524 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 239. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 344, 513-514. Volgens Burchell kan dieselfde beginsel geld in die geval van emosionele stres. Dit is logies om te redeneer dat waar emosionele stres optrede se willekeurigheid en toerekeningsvatbaarheid kan uitsluit, dit ook opset en wederregtelikheidsbewussyn kan uitsluit.

525 *S v Davids* 1998 JOL 4262 (K) 18.

526 Bekend as *dolus directus*. Sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 182 en Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461.

527 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 182. Sien ook *S v Dikana* 2008 JOL 21293 (OK) 2 en *S v Pase* 2003 JOL 11176 (OK) 5.

528 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 182.

tweede vorm is opset by noodwendigheidsbewussyn.⁵²⁹ In hierdie geval begeer die mishandelde vrou nie haar mishandelaar se dood nie, maar besef dat dit noodwendig gaan intree indien sy voortgaan met haar optrede.⁵³⁰ Die laaste vorm is opset by moontlikheidsbewussyn.⁵³¹ In hierdie geval is die doodmaak van haar mishandelaar nie haar hoofdoel nie.⁵³² Sy voorsien egter die moontlikheid dat sy haar mishandelaar se dood kan veroorsaak in die bereiking van haar hoofdoel, maar versoen haar met hierdie moontlikheid en gaan voort met haar optrede.⁵³³

Waar 'n mishandelde vrou haar mishandelaar doodmaak is daar duidelik 'n motief vir haar wederregtelike optrede. Omdat sy geen ander uitweg sien nie, wil sy haar mishandelaar doodmaak ten einde verdere mishandeling te voorkom. Hierdie motief word gevorm voordat sy die opset ontwikkel om hom dood te maak en staan apart van opset.⁵³⁴ Haar motief sal irrelevant wees vir die bepaling van opset en strafregtelike aanspreeklikheid.⁵³⁵ 'n Persoon se motief is te kompleks en duister om 'n betroubare basis te wees vir die bepaling van strafregtelike aanspreeklikheid.⁵³⁶ Die feit dat 'n mishandelde vrou se motief geloofwaardig is en dat daarmee gesimpatiseer kan word, sal nie haar opset om moord te pleeg uitsluit nie.⁵³⁷ Haar motief kan hoogstens 'n effek op vonnis hê.⁵³⁸

529 Bekend as *dolus indirectus*. Sien Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461 en Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 183.

530 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 461; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 183.

531 Bekend as *dolus eventualis*. Sien Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 462 en Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 183.

532 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 462; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 183.

533 *S v Bean* 2001 JOL 7925 (NK) 7, 8; *S v Mkhuba* 2005 JOL 13614 (T) 2; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 462; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 183; *S v Van Wyk* 1992 1 SACR 147 (NmS) 147; *S v Swartbooi* 2008 JOL 21692 (OK) 3; *S v Lungile* 2000 1 All SA 179 (A) 180, 184. Sien ook *S v Davids* 1998 JOL 4262 (K) 19; *S v Dikana* 2008 JOL 21293 (OK) 3-4, *S v Bakers* 2006 JOL 17868 (OK); *S v Martin* 2001 4 All SA 371 (K) 372, 374; *S v Ngomane* 2007 JOL 19045 (T) 2, 3 en *S v Van Aardt* 2007 JOL 20868 (OK) 2, 26 vir 'n toepassing van *dolus eventualis*.

534 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 463.

535 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 463; Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 190.

536 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 463.

537 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 190.

538 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 190.

Die tweede vorm van skuld is nalatigheid. Nalatigheid word objektief bepaal.⁵³⁹ 'n Mishandelde vrou is nalatig indien die redelike mens in haar situasie die moontlikheid van haar mishandelaar se dood sou voorsien, redelike stappe sou neem om dit te voorkom en sy anders opgetree het.⁵⁴⁰ Dit sal ook voldoende wees dat die redelike mens in haar situasie die moontlikheid sou voorsien het dat 'n misdaad se omskrywingselemente teenwoordig is of dat 'n regverdigingsgrond ontbreek.⁵⁴¹ 'n Geval waar 'n mishandelde vrou op 'n nalatige wyse die dood van haar mishandelaar kan veroorsaak, is waar sy besluit om haar mishandelaar met 'n pistool te konfronteer wanneer hy haar weer mishandel. Sy is glad nie van voorneme om hom te skiet nie. Sy wil bloot poog om haar mishandeling tot 'n einde te bring. Tydens 'n voorval van mishandeling rig sy die pistool op hom, 'n stoeiery ontstaan waartydens 'n skoot afgaan en haar mishandelaar word noodlottig getref. Die redelike mens sou die moontlikheid voorsien het dat haar mishandelaar gedood kan word indien die pistool gelaai was. Ten einde dit te voorkom sou die redelike mens byvoorbeeld die patrone uit die pistool verwyder het of die veiligheidsknoppie aangesit het. Omdat die mishandelde vrou nie hierdie stappe geneem het nie sal sy strafregtelik aanspreeklik wees vir die doodmaak van haar mishandelaar. Dit is nie onmoontlik vir 'n scenario soos hierdie om voor te kom nie. Die moontlikheid dat 'n mishandelde vrou haar mishandelaar op 'n nalatige wyse sal doodmaak ten einde van hom ontslae te raak is egter skraal.

4.5 Samevatting en gevolgtrekking

Aangesien die sielkundige druk waaronder 'n mishandelde vrou verkeer nie deur 'n sieklike versteuring van haar geestesvermoëns veroorsaak word nie, behoort sy haar nie op patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as verweer te kan steun wanneer sy van moord op haar mishandelaar aangekla word nie.

539 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 209; Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 523, 527.

540 Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 525, 527-528. Vir 'n verduideliking van die begrip "redelike mens" sien Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 214-215.

541 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 220.

'n Mishandelde vrou kan haar wel op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid as verweer beroep. In hierdie geval sal sy getuienis moet aanbied wat 'n feitelike grondslag bied vir haar bewering dat sy tydens die doodmaak van haar mishandelaar onwillekeurig opgetree het. Indien haar beroep op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid slaag, sal sy nie strafregtelik aanspreeklik wees vir die doodmaak van haar mishandelaar nie. 'n Hof sal, met inagneming van deskundige getuienis en al die feite van die saak, die finale besluit oor haar strafregtelike aanspreeklikheid neem.

'n Mishandelde vrou se jarelange mishandeling, hulpeloosheid en emosioneel en sielkundig afgebreekte geestestoestand kan ook in ag geneem word om te bevind dat haar toerekeningsvatbaarheid tydens die doodmaak van haar mishandelaar verminderd was. Haar verminderde toerekeningsvatbaarheid sal egter net in ag geneem word vir doeleindes van vonnisoplegging.

Waar 'n mishandelde vrou nie oor die nodige skuld beskik nie sal sy nie strafregtelik aanspreeklik wees vir die doodmaak van haar mishandelaar nie. Sy kan skuld in die vorm van opset of nalatigheid toon, afhangende van wat deur die betrokke misdryf vereis word. In die meeste gevalle maak 'n mishandelde vrou doelbewus haar mishandelaar dood en tree dus met opset op. Opset word subjektief bepaal deurdat 'n hof homself sover moontlik, met inagneming van alle tersaaklike feite, in die posisie van die vrou tydens die doodmaak van haar mishandelaar indink. 'n Mishandelde vrou se motief vir die doodmaak van haar mishandelaar moet nie met opset verwar word nie. Haar motief kan hoogstens 'n effek op vonnis hê.

'n Mishandelde vrou kan weens nalatigheid strafregtelik aanspreeklik gehou word vir die doodmaak van haar mishandelaar indien sy anders opgetree het as wat die redelike mens in haar situasie sou gedoen het.

HOOFSTUK 5

RESENTE STRAFREGTELIKE VERWIKKELINGE IN BUITELANDSE REGSTELS

5.1 Inleiding

In moordsake is dit die rol van die strafreg om toe te sien dat geregtigheid geskied.⁵⁴² Ten einde hierdie doel te bereik moet die reg duidelik, konsekwent en in pas met tansgeldende omstandighede en sienings wees.⁵⁴³ In die lig hiervan fokus hierdie hoofstuk op resente verwikkelinge met betrekking tot die verskynsel van moorddadige mishandelde vroue in buitelandse regstelsels.⁵⁴⁴ Die situasie waarin mishandelde vroue verkeer word spesifiek deur hierdie verwikkelinge aangespreek.⁵⁴⁵ Die vraag is of Suid-Afrika enigsins iets uit die verwikkelinge in vergelykbare regstelsels kan leer. Ten einde hierdie vraag te beantwoord word daar gefokus op resente verwikkelinge in Australië, Engeland en Wallis.⁵⁴⁶ In Australië en Nieu-Seeland is daar ook onlangs oorweeg of 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue geskep kan word.⁵⁴⁷ Alhoewel die skep van 'n afsonderlike verweer ook onlangs in die Suid-Afrikaanse regspraak ter sprake gekom het, kan daar steeds gevra word of Suid-Afrika enige inspirasie in die voorgestelde afsonderlike verweere in Australië en Nieu-Seeland kan vind.⁵⁴⁸

542 MJ *Consultation Paper CP19/08* 1.

543 MJ *Consultation Paper CP19/08* 1.

544 Sien paragrafe 5.2 en 5.3.

545 Sien paragrafe 5.2 en 5.3.

546 Sien paragrafe 5.2 en 5.3. Die mishandelde vrou-sindroom is 'n verskynsel wat in die VSA geïdentifiseer is (sien weer par 2.2.2) en ook in daardie land die meeste benut is. Daar heers egter 'n siening in die VSA dat die mishandelde vrou-sindroom sy nut en bruikbaarheid in daardie land verloor het. Sien in hierdie verband Reddi SACJ 264-265. Vanweë hierdie redes gaan daar in hierdie hoofstuk geensins aandag aan die VSA geskenk word nie.

547 Sien paragrafe 5.5.2 en 5.5.3.

548 Sien par 5.5.4.

5.2 Verwikkelinge in Australië

5.2.1 Algemeen

In 1996 is 'n ondersoek na die verweere van provokasie en noodweer geloods.⁵⁴⁹ Hierdie ondersoek is, onder andere, pertinent binne die konteks van moorde tussen lewensmaats gedoen.⁵⁵⁰ Die ondersoek was noodsaaklik as gevolg van die hoë syfer van moorde tussen lewensmaats in Australië.⁵⁵¹ Sedertdien het verskeie hervormings ten opsigte van die verweere van noodweer en provokasie in verskeie Australiese jurisdiksies plaasgevind.⁵⁵² Vervolgens word enkele van die belangrikste hervormings kortliks uiteengesit.

5.2.2 Hervorming van die verweer van noodweer

Die verweer van noodweer is onlangs in Victoria⁵⁵³ en Wes-Australië⁵⁵⁴ hervorm. In beide state word noodweer statutêr gereël en is die aard en omvang van die verweer soortgelyk in beide hierdie twee state.⁵⁵⁵ In beide Victoria en Wes-Australië kan 'n mishandelde vrou wat van moord op haar mishandelaar aangekla word, aanvoer dat sy in noodweer teen hom opgetree het.

Die blote feit dat 'n mishandelde vrou haar in Victoria en Wes-Australië op noodweer kan beroep, beteken nie dat die verweer enigsins

549 Roth *Briefing Paper No 3/07* 1.

550 Roth *Briefing Paper No 3/07* 1.

551 Gedurende 1989 tot 2002 was daar op nasionale vlak 77 moorde tussen intieme lewensmaats in Australië. Gedurende 2004 tot 2005 was daar 66 moorde tussen intieme lewensmaats. Vir verdere statistieke in verband met moorde tussen lewensmaats en mishandelde vroue se beroep op die verweere van noodweer en provokasie, sien Roth *Briefing Paper No 3/07* 4-8, 10, Mouzos and Rushforth *TICCJ* 2 en VLRC *Options Paper* xiii, xiv, 52, 110.

552 Sien paragrawe 5.2.2 en 5.2.3.

553 In 2005 is die verweer van noodweer op aanbeveling van die Regshervormingskommissie van Victoria gekodifiseer. Sien Roth *Briefing Paper No 3/07* 23, 25.

554 In Wes-Australië is die gekodifiseerde verweer van noodweer, soos vervat in die *Criminal Code*, in 2008 op grond van voorstelle deur die Regshervormingskommissie hervorm. Sien in hierdie verband LRCWA *Final Report* 172.

555 In Victoria word noodweer in die algemeen deur a 9AC en 9AE *Crimes Act* 1958 gereël, terwyl a 9AH spesifieke bepalings in verband met 'n beroep op noodweer by voorvalle van gesinsgeweld bevat. In Wes-Australië word noodweer deur a 248 *Criminal Code Act Compilation Act* 1913 gereël.

afgewater is nie. Sy moet steeds daarvan oortuig wees dat die geweld wat sy teenoor haar mishandelaar gebruik noodsaaklik is om haarself te verdedig.⁵⁵⁶ Haar oortuiging moet op redelike gronde gebaseer wees.⁵⁵⁷ 'n Mishandelde vrou kan ook in noodweer teen haar mishandelaar optree selfs al is daar nie 'n onmiddellik dreigende aanval aan sy kant nie.⁵⁵⁸ Op hierdie manier word voorsiening gemaak vir mishandelde vroue wat teen hulle mishandelaars se onvermydelike aanvalle optree.

In Victoria word uitdruklik bepaal dat daar in gevalle van gesinsgeweld geen proporsionaliteit tussen die mishandelaar se aanval en die mishandelde vrou se afweershandeling hoef te wees nie.⁵⁵⁹ In Wes-Australië is daar nie so 'n uitdruklike bepaling nie. In Wes-Australië word weer vereis dat 'n mishandelde vrou se optrede in noodweer 'n redelike reaksie op die omstandighede, soos gesien uit haar oogpunt, moet wees.⁵⁶⁰

In Victoria en Wes-Australië verskil die effek van 'n suksesvolle beroep op noodweer. In Victoria lei 'n suksesvolle beroep op noodweer tot 'n algehele onskuldigbevinding.⁵⁶¹ In Wes-Australië verminder 'n suksesvolle beroep op noodweer slegs 'n aanklag van moord na een van strafbare manslag.⁵⁶²

Noodweer is egter nie die enigste verweer wat onlangs in Australië hervorm is nie. Die verweer van provokasie is ook onlangs hervorm, welke hervorming vervolgens aan die beurt kom.

556 Hierdie beginsel is vervat in a 9AC en 9AE *Crimes Act* 1958 en a 248(4)(a) *Criminal Code Act Compilation Act* 1913.

557 In Victoria word hierdie beginsel in a 9AE en 9AH(1) *Crimes Act* 1958 vervat, terwyl dit in Wes-Australië in a 248(4)(c) *Criminal Code Act Compilation Act* 1913 vervat is.

558 Sien a 9AH(1)(c) *Crimes Act* 1958 en a 248(4)(a) *Criminal Code Act Compilation Act* 1913 vir hierdie beginsel.

559 Hierdie beginsel is vervat in a 9AH(1)(d) *Crimes Act* 1958.

560 A 248(4)(b) *Criminal Code Act Compilation Act* 1913.

561 Dit blyk uit a 9AC en 9AE *Crimes Act* 1958. Sien ook Roth Briefing Paper No 3/07 25.

562 A 248(3) *Criminal Code Act Compilation Act* 1913.

5.2.3 Hervorming van die verweer van provokasie

In 2008 het 'n wysiging aan die verweer van provokasie in die Noorder-Territorium in werking getree.⁵⁶³ Hierdie verweer word statutêr gereël en is slegs 'n gedeeltelike verweer op 'n aanklag van moord.⁵⁶⁴

In die Noorder-Territorium kan 'n mishandelde vrou haar op die verweer van provokasie beroep indien sy aan twee vereistes voldoen. Die eerste vereiste is dat sy 'n verlies aan selfbeheersing moet ervaar, welke verlies deur haar mishandelaar se provokerende optrede veroorsaak moet word.⁵⁶⁵ Daar word nie vereis dat haar verlies aan selfbeheersing skielik ("suddenly") moet plaasvind alvorens sy haar op provokasie kan beroep nie.⁵⁶⁶

Die tweede vereiste is dat die mishandelaar se provokerende optrede sodanig moet wees dat dit kan veroorsaak dat 'n normale persoon selfbeheersing tot so 'n mate kan verloor, dat hy (normale persoon) die opset om die mishandelaar dood te maak, ontwikkel.⁵⁶⁷ Vir 'n suksesvolle beroep op provokasie is dit voldoende dat die mishandelaar se provokerende optrede uit erge beledigende woorde of optrede bestaan.⁵⁶⁸

In die Noorder-Territorium is dit vir 'n mishandelde vrou moontlik om haar op provokasie te beroep:

... regardless of whether the conduct of the deceased occurred immediately before the conduct causing death or at an earlier time.⁵⁶⁹

Dit blyk dus asof 'n mishandelde vrou haar op provokasie kan beroep selfs al is daar 'n tydsverloop tussen haar optrede en dié van haar

563 Die verweer van provokasie is gewysig deur a 17 *Criminal Reform Amendment Act* 34 van 2006.

564 A 158 *Criminal Code Act*.

565 Hierdie beginsel is vervat in a 158(2)(a) *Criminal Code Act*.

566 Sien a 158(6)(b) *Criminal Code Act* vir hierdie beginsel.

567 Dit is die beginsel wat vervat is in a 158(2)(b) *Criminal Code Act*.

568 Hierdie beginsel word vervat in a 158(3) *Criminal Code Act*.

569 Dit blyk uit a 158(4) *Criminal Code Act*.

mishandelaar. Verder word 'n redelike proporsionaliteit tussen 'n mishandelde vrou se optrede en dié van haar mishandelaar nie vereis vir 'n beroep op die verweer van provokasie in die Noorder-Territorium nie.⁵⁷⁰

5.3 Verwikkelinge in Engeland en Wallis

5.3.1 Algemeen

Op grond van voorstelle gemaak deur die Regskommissie, stel die regering van Engeland en Wallis voor dat die verweere van provokasie en verminderde toerekeningsvatbaarheid hervorm moet word.⁵⁷¹ Die voorstelle wat die regering maak spreek spesifiek die situasie waarin 'n mishandelde vrou verkeer aan.⁵⁷² Vervolgens word daar kortliks gekyk na die voorstelle wat die regering maak.

5.3.2 Hervorming van die verweer van provokasie

In Engeland en Wallis is die verweer van provokasie slegs 'n gedeeltelike verweer op 'n aanklag van moord en word dit statutêr gereël.⁵⁷³ Die jongste voorstelle van die regering is dat hierdie gedeeltelike verweer heeltemal afgeskaf moet word en deur twee nuwe gedeeltelike verweere vervang behoort te word.⁵⁷⁴

Die eerste verweer wat die regering voorstel is die gedeeltelike verweer van "doodmaak op grond van 'n vrees vir ernstige geweld".⁵⁷⁵ Volgens die regering maak hierdie verweer voorsiening vir 'n mishandelde vrou

570 A 158(6)(a) *Criminal Code Act*.

571 MJ *Consultation Paper CP19/08* 1, 2, 4-6. Vir 'n volledige uiteensetting van die voorstelle wat die Regskommissie gemaak het sien LC *Law Com No 304* 12. Die sluitingsdatum vir die konsultasieproses in verband met die regering se voorgestelde hervorming was 20 Oktober 2008. Daarna sal die regering se voorstelle aan die Parlement voorgelê word vir oorweging. Sien in hierdie verband Anon 2008 www.justice.gov.uk/publications/cp1908.htm.

572 Daar moet egter in gedagte gehou word dat die regering se voorstelle nie uitsluitlik gemaak word met die oog op mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak nie.

573 Sien a 3 *Homicide Act* 1957, MJ *Consultation Paper CP19/08* 7, LC *Law Com No 304* 11, 43 en Elliott and Quinn *Criminal Law* 5^{de} uitg 255.

574 MJ *Consultation Paper CP19/08* 9, 34.

575 MJ *Consultation Paper CP19/08* 9, 33.

wat haar mishandelaar doodmaak ten einde 'n aanval te keer wat in die toekoms verwag word, maar wat nie onmiddellik dreigend is nie.⁵⁷⁶ Ten einde misbruik van hierdie verweer te voorkom stel die regering sekere voorsorgmaatreëls voor. Die eerste voorsorgmaatreël behels dat 'n mishandelde vrou haar net suksesvol op hierdie gedeeltelike verweer kan beroep indien haar mishandelaar die oorsaak van die geweld is.⁵⁷⁷ Ingevolge die tweede voorsorgmaatreël kan 'n mishandelde vrou net haar mishandelaar in reaksie op 'n vrees vir ernstige geweld doodmaak indien sy dreigement van geweld teen haar of ander persone gerig is.⁵⁷⁸

Die tweede verweer wat die regering voorstel kan net in buitengewone omstandighede geopper word.⁵⁷⁹ Hierdie verweer behels die gedeeltelike verweer van "doodmaak in reaksie op woorde of gedrag wat veroorsaak dat 'n mishandelde vrou 'n regverdigbare gevoel het dat sy ernstig veronreg is".⁵⁸⁰ Die regering stel ook 'n voorsorgmaatreël voor ten einde misbruik van hierdie verweer te voorkom. Op grond van hierdie voorsorgmaatreël kan 'n mishandelde vrou nie op hierdie gedeeltelike verweer steun waar sy bogenoemde woorde of gedrag aan die kant van haar mishandelaar uitgelok het sodat sy 'n verskoning of rede gehad het om geweld teenoor hom te gebruik nie.⁵⁸¹

Ten opsigte van beide bogenoemde verwerre stel die regering voor dat 'n verlies aan selfbeheersing steeds getoon moet word alvorens 'n beroep

576 MJ *Consultation Paper CP19/08* 10. Die regering lê egter klem daarop dat hierdie gedeeltelike verweer nie daarop gerig is om inbreuk te maak op noodweer nie. Volgens die regering was, is en sal noodweer altyd 'n volkome verweer op 'n aanklag van moord of enige ander gewelddadige oortreding wees.

577 Hierdie beginsel blyk uit MJ *Consultation Paper CP19/08* 13, 33.

578 Hierdie beginsel blyk uit MJ *Consultation Paper CP19/08* 13, 33.

579 MJ *Consultation Paper CP19/08* 10, 12, 33.

580 MJ *Consultation Paper CP19/08* 10, 12, 33. Die Regskommissie het daarop gewys dat die kumulatiewe effek van herhaaldelike provokasie, in omstandighede waar dit vir 'n mishandelde vrou onmoontlik is om van die provokasie se effek te ontsnap, 'n voorbeeld is van omstandighede wat kan aantoon hoe grof die provokasie is of hoe regverdigbaar dit vir haar sal wees om ernstig veronreg te voel. Sien in hierdie verband LC *Law Com No 304* 87.

581 Dit blyk uit MJ *Consultation Paper CP19/08* 13, 33.

op die verwere gedoen kan word.⁵⁸² Die regering stel verder voor dat daar weggedoen moet word met die vereiste dat daar 'n skielike ("sudden") verlies aan selfbeheersing moet wees.⁵⁸³ Volgens die regering maak laasgenoemde voorstel voorsiening vir daardie gevalle waar 'n beskuldigde se reaksie op die provokerende optrede geleidelik opbou of uitgestel word.⁵⁸⁴ In die lig hiervan kan geargumenteer word dat die regering se voorstel in hierdie verband voorsiening maak vir die situasie waarin 'n mishandelde vrou verkeer, aangesien haar optrede teenoor haar mishandelaar geleidelik opbou of uitgestel word.

Die regering stel verder voor dat die twee nuwe gedeeltelike verwere ooreenkomstig die objektiewe redelike mens-maatstaf beoordeel moet word.⁵⁸⁵ Hulle voorstel lui soos volg:

We ... propose that the partial defences should apply only if a person of the defendant's sex and age, with a normal degree of tolerance and self-restraint and in the circumstances of the defendant, might have reacted in the same or a similar way.⁵⁸⁶

Tesame met die hervorming van die gedeeltelike verweer van provokasie, stel die regering ook voor dat die verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid hervorm word.

5.3.3 Hervorming van verminderde toerekeningsvatbaarheid

Verminderde toerekeningsvatbaarheid is 'n gedeeltelike verweer wat statutêr gereël word.⁵⁸⁷ Die regering stel egter 'n nuwe definisie vir verminderde toerekeningsvatbaarheid voor wat in konsepwetgewing opgeneem is, naamlik:

582 MJ Consultation Paper CP19/08 12-13.

583 MJ Consultation Paper CP19/08 13. Die regering se voorstel hier stem ook ooreen met die hervorming van provokasie in die Noorder-Territorium. Sien weer par 5.2.3.

584 Sien in hierdie verband MJ Consultation Paper CP19/08 13.

585 Sien MJ Consultation Paper CP 19/08 13. Die regering se voorstel stem dus ooreen met die hervorming van provokasie in die Noorder-Territorium. Sien weer par 5.2.3.

586 MJ Consultation Paper CP19/08 13.

587 Sien a 2(1) en (3) *Homicide Act* 1957, MJ Consultation Paper CP19/08 14, LC Law Com No 304 11, 43 en Elliott and Quinn *Criminal Law* 5^{de} uitg 255.

(1) A person ("P") who kills or is a party to the killing of another is not to be convicted of murder if P was suffering from a relevant mental impairment which provides an explanation for P's acts and omissions in doing or being a party to the killing.

(1A) "Relevant mental impairment" means an abnormality of mental functioning which -
(a) arises from a recognised medical condition, and
(b) substantially impairs P's ability to do one or more of the following -
(i) to understand the nature of P's conduct;
(ii) to form a rational judgment;
(iii) to exercise self-control.

(1B) For the purposes of subsection (1), a relevant mental impairment provides an explanation for P's conduct if it causes, or is a significant contributory factor in causing, the person to carry out that conduct.⁵⁸⁸

Hieruit wil dit voorkom asof die regering voorstel dat verminderde toerekeningsvatbaarheid voortaan 'n volkome verweer op 'n aanklag van moord moet wees.⁵⁸⁹ Uit die konsepwetgewing blyk dit met eerste oogopslag ook asof die voorgestelde hervorming nie vir moorddadige mishandelde vroue voorsiening maak nie, aangesien die mishandelde vrou-sindroom nie 'n erkende mediese toestand is nie, maar wel 'n verskynsel wat in die sielkunde geïdentifiseer is en in sielkundige terme uitgedruk word.⁵⁹⁰

In sy voorstelle aan die regering, het die Regskommissie aangedui dat 'n 'more than trivial' mediese toestand voldoende behoort te wees vir 'n beroep op die voorgestelde hervormde verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid.⁵⁹¹ Volgens die Regskommissie is dit slegs belangrik dat die mediese toestand 'n mishandelde vrou se verstandelike vermoë wesenlik moet aantast.⁵⁹² Volgens die Regskommissie is die effek van hierdie bepaling dat neurotiese versteurings, net soos erkende psigotiese versteurings, binne die omvang van die voorgestelde hervorming sal val.⁵⁹³ As voorbeeld van so 'n neurotiese versteuring het die Regskommissie verwys na die post-traumatische stres waaraan

588 MJ Consultation Paper CP19/08 35.

589 Sien MJ Consultation Paper CP19/08 35.

590 Sien par 2.3.

591 LC Law Com No 304 103.

592 LC Law Com No 304 103.

593 LC Law Com No 304 103.

mishandelde vroue weens jarelange mishandeling ly.⁵⁹⁴ In die lig hiervan kan mishandelde vroue wel op die regering se voorgestelde hervorming van verminderde toerekeningsvatbaarheid steun, sou die regering die Regskommissie se voorstelle aanvaar.

5.4 Resente verwikkelinge en Suid-Afrika

Dit is onwaarskynlik dat Suid-Afrika uit die hervorming van noodweer in Victoria en Wes-Australië kan leer. In Suid-Afrika het Satchwell R⁵⁹⁵ reeds 'n uitbreiding van die dreigende vereiste by die verweer van noodweer voorgestel. Daar is reeds aangetoon dat haar voorstel nie ondersteun kan word nie.⁵⁹⁶

In Suid-Afrika kan provokerende optrede van die mishandelaar daartoe aanleiding gee dat 'n mishandelde vrou nie oor die nodige opset vir 'n skuldigbevinding beskik nie.⁵⁹⁷ Wanneer sy haar op 'n aanklag van moord suksesvol op provokasie as opset-uitsluitingsgrond beroep, kan sy aan strafbare manslag, in plaas van moord, skuldig bevind word.⁵⁹⁸ Ten einde te bepaal of 'n mishandelde vrou die opset gehad het om haar mishandelaar dood te maak, word faktore soos 'n proporsionaliteit en tydsverloop tussen haar mishandelaar se provokerende optrede en haar reaksie daarop in ag geneem.⁵⁹⁹ In Suid-Afrika kan provokasie ook daartoe aanleiding gee dat die mishandelde vrou tydens die doodmaak van haar mishandelaar nie-patologies ontoerekeningsvatbaar kan wees.⁶⁰⁰ Indien haar beroep op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid suksesvol is, lei dit tot 'n algehele onskuldigbevinding.⁶⁰¹ Dit spreek vanself dat dit vir 'n mishandelde vrou wat weens provokasie haar mishandelaar doodmaak, voordeliger sal

594 LC Law Com No 304 103, 105.

595 S v Engelbrecht 2005 2 SACR 41 (W) 134C. Sien ook par 3.2.2.

596 Sien par 3.2.2.

597 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 239. Sien ook Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 427-428.

598 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 240.

599 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 242.

600 Sien weer par 4.3.2. Sien ook S v Eadie 2001 1 SACR 172 (K) 177D-177E, Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg 428 en Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 238.

601 Sien par 4.3.2.

wees om, indien suksesvol, haar eerder op 'n volkome verweer in plaas van 'n gedeeltelike verweer te beroep.

In Suid-Afrika word 'n beroep op provokasie verder subjektief beoordeel.⁶⁰² Die vraag is hoe 'n mishandelde vrou, met inagneming van haar persoonlike eienskappe, op haar mishandelaar se provokerende optrede gereageer het.⁶⁰³ Daar kan geargumenteer word dat die subjektiewe beoordeling van 'n beroep op provokasie voordeliger is as die objektiewe beoordeling daarvan in die Noorder-Territorium. 'n Objektiewe beoordeling hou die risiko in dat 'n mishandelde vrou se optrede gemeet kan word teen die optrede van 'n persoon wat nog nooit aan mishandeling blootgestel is nie en dus nie begrip kan hê vir die situasie waarin sy verkeer nie. 'n Subjektiewe beoordeling stel 'n Suid-Afrikaanse hof in staat om in die skoene van 'n mishandelde vrou tydens die doodmaak van haar mishandelaar te tree. Sodoende kan die situasie waarin sy verkeer (haar mishandeling en die effek daarvan op haar, wat veroorsaak dat sy haar mishandelaar doodmaak) in 'n beter lig beoordeel word.

In Suid-Afrika word 'n mishandelde vrou se verminderde toerekeningsvatbaarheid slegs in aanmerking geneem by vonnisoplegging.⁶⁰⁴ Verminderde toerekeningsvatbaarheid is dus nie 'n verweer in die Suid-Afrikaanse reg nie.⁶⁰⁵ Daarom kan dit vir die Suid-Afrikaanse reg, en meer spesifiek mishandelde vroue, van waarde wees om 'n verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid op 'n soortgelyke grondslag as in Engeland en Wallis, te skep. So 'n ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg is nie onmoontlik nie, veral as daar in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse reg in *Pearl*

602 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 241.

603 Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg 241.

604 Sien weer par 4.3.3.

605 *Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter* 430/2007 2008 ZASCA 76 par 47; *S v Laubscher* 1988 1 SA 163 (A) 168A; *S v Shapiro* 1994 1 SACR 112 (A) par 24.

*Assurance Co Appellant v Union Government Respondent*⁶⁰⁶ soos volg omskryf is:

... a virile living system of law, ever seeking, as every such system must, to adapt itself consistently with its inherent basic principles to deal effectively with the increasing complexities of modern organised society.

5.5 Afsonderlike verweer vir mishandelde vroue

5.5.1 Algemeen

Die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue is in Australië deur die Regshervormingskommissie van Victoria, en in Nieu-Seeland deur die Regskommissie oorweeg.⁶⁰⁷ In Suid-Afrika het die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue onlangs in regspraak ter sprake gekom.⁶⁰⁸ In die bespreking wat volg sal die lewensvatbaarheid van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer, met verwysing na Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika, ondersoek word.⁶⁰⁹

5.5.2 Afsonderlike verweer in Australië

Die Regshervormingskommissie van Victoria het aanbeveel dat 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue geskep moet word ten einde te verseker dat noodweer effektief vir hierdie vroue werk.⁶¹⁰ Die Kommissie het drie modelle vir so 'n nuwe verweer oorweeg.⁶¹¹ Die eerste model is die mishandelde vrou-sindroom model ("battered woman syndrome model") wat van 'n mishandelde vrou vereis om aan te toon dat sy aan die mishandelde vrou-sindroom ly.⁶¹² Die tweede model wat hulle oorweeg het, is die selfbehoudmodel ("self-preservation model").⁶¹³ Ingevolge hierdie model moet 'n mishandelde vrou werklik glo dat sy nie

606 *Pearl Assurance Co Appellant v Union Government Respondent* 1934 AD 560 563.

607 Sien paragrawe 5.5.2 en 5.5.3.

608 Sien par 5.5.4.

609 Sien paragrawe 5.5.2-5.5.4.

610 VLRC *Final Report* 64.

611 VLRC *Final Report* 64. Sien ook VLRC *Options Paper* xxi.

612 VLRC *Final Report* 64; Roth *Briefing Paper* No 3/07 24. Sien ook VLRC *Options Paper* xxi.

613 VLRC *Options Paper* xxi.

teen die mishandeling beskerm kan word nie.⁶¹⁴ Sy moet oortuig wees dat die doodmaak van haar mishandelaar noodsaaklik is vir haar selfbehoud.⁶¹⁵ Laastens het die Kommissie die afdwingende beheer model ("coercive control model") oorweeg.⁶¹⁶ Ingevolge hierdie model word daar gefokus op die mishandelde vrou se behoefte om haarself los te maak van omstandighede waar sy aan dwingende beheer onderwerp word.⁶¹⁷ Die Kommissie het daarop gewys dat alhoewel die fokus van elke model verskil, al drie daarop gerig is om probleme te voorkom wat moorddadige mishandelde vroue ervaar wanneer hulle op bestaande verwere steun.⁶¹⁸

Volgens die Kommissie is daar verskeie argumente vir die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue.⁶¹⁹ Eerstens sal 'n afsonderlike verweer erkenning verleen aan die realiteit van mishandelde vroue se reaksies op geweld.⁶²⁰ Tweedens sal 'n groter hoeveelheid mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak, van 'n verweer voorsien word.⁶²¹ Die skep van 'n afsonderlike verweer sal ook verseker dat die reg meer seker is vir moorddadige mishandelde vroue.⁶²² Hierdie is oortuigende argumente wat ook in Suid-Afrika vir die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue aangevoer kan word.

Die Kommissie wys egter op die verskeie argumente wat teen die skep van 'n afsonderlike verweer vir moorddadige mishandelde vroue geopper kan word.⁶²³ Volgens die Kommissie is die hoofargument teen die skep van 'n afsonderlike verweer, dat die geldende reg eerder gewysig moet

614 VLRC *Final Report* 64; Roth *Briefing Paper No 3/07* 24.

615 VLRC *Final Report* 64; Roth *Briefing Paper No 3/07* 24. Sien ook VLRC *Options Paper* xxi.

616 VLRC *Options Paper* xxi.

617 VLRC *Final Report* 64; Roth *Briefing Paper No 3/07* 24. Sien ook VLRC *Options Paper* xxi.

618 VLRC *Final Report* 65.

619 VLRC *Final Report* 65.

620 VLRC *Final Report* 65.

621 VLRC *Final Report* 65.

622 VLRC *Final Report* 65.

623 VLRC *Final Report* 65.

word sodat dit voorsiening maak vir die ervarings van mishandelde vroue wat weens 'n geskiedenis van geweld hulle mishandelaars doodmaak.⁶²⁴ Op hierdie manier sal enige ingewikkeldheid in die bekendstelling van 'n afsonderlike verweer vermy word.⁶²⁵ Daarbenewens is die Kommissie se argument dat die omvang van 'n afsonderlike verweer te eng sal wees indien die verweer slegs beperk word tot vroue in mishandelende verhoudings en nie ook tot enige slagoffer wat weens gesinsgeweld oorgaan tot moord of geweld nie.⁶²⁶ Volgens die Kommissie sal die gemeenskap ook probleme hê met die aanvaarding van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue.⁶²⁷ In hierdie verband het die Kommissie geargumenteer dat die skep van 'n afsonderlike verweer gesien kan word as 'n manier om aan mishandelde vroue 'n "vrypas om te moor" te gee.⁶²⁸ Hierdie argumente kan ook teen die skep van 'n afsonderlike verweer in die Suid-Afrikaanse reg geopper word.

In die lig van bogenoemde teenargumente het die Kommissie uiteindelik teen die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue besluit.⁶²⁹ Die Kommissie gaan van die standpunt uit dat noodweer eerder hervorm moet word ten einde te verseker dat dit plek maak vir mishandelde vroue se ervarings.⁶³⁰ Soos reeds aangedui kan laasgenoemde standpunt nie in die Suid-Afrikaanse reg ondersteun word nie, omdat daar 'n risiko is dat mishandelde vroue dan noodweer kan misbruik in 'n poging om strafregtelike aanspreeklikheid vir die doodmaak van hulle mishandelaars vry te spring.⁶³¹

624 VLRC *Final Report* 65.

625 VLRC *Final Report* 65.

626 VLRC *Final Report* 65. Die Regshervormingskommissie wys daarop dat gesinsgeweld nie beperk is tot vroue in heteroseksuele verhoudings nie. Gesinsgeweld kan ook deur kinders, ouers, grootouers, manlike lewensmaats en persone in homoseksuele verhoudings ervaar word.

627 VLRC *Final Report* 65.

628 VLRC *Final Report* 65.

629 VLRC *Final Report* 68; Roth *Briefing Paper No 3/07* 24.

630 VLRC *Final Report* 68; Roth *Briefing Paper No 3/07* 25.

631 Sien weer par 3.2.2.

5.5.3 Afsonderlike verweer in Nieu-Seeland

Die Regskommissie van Nieu-Seeland het na drie moontlike verweere verwys toe hulle die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue oorweeg het.⁶³² Die eerste verweer behels 'n gedeeltelike verweer van selfbehoud ("selfpreservation").⁶³³ Die verweer van selfbehoud is beskikbaar aan 'n vrou wat 'n ander persoon doodmaak, indien sekere vereistes bevredig word. Eerstens moes die vrou 'n persoon doodmaak met wie sy in 'n intieme verhouding betrokke is of betrokke was.⁶³⁴ Tweedens moes die persoon wat sy doodgemaak het haar aan rasse, seksuele en/of fisiese mishandeling of intimidasie onderwerp het.⁶³⁵ Die derde vereiste is dat die vrou weens die mishandeling of intimidasie eerlik moes geglo het dat sy nie teen die mishandeling of intimidasie beskerm kan word nie.⁶³⁶ Die laaste vereiste behels dat die mishandelde vrou daarvan oortuig moet wees dat die doodmaak van haar mishandelaar noodsaaklik is vir haar selfbehoud.⁶³⁷ Ingevolge die verweer van selfbehoud word die omstandighede waarin 'n mishandelde vrou verkeer objektief beoordeel in dié opsig dat daar ondersoek word of sy in 'n verhouding met die mishandelaar betrokke was en of hy haar aan mishandeling onderwerp het.⁶³⁸ Haar behoefte om geweld teenoor haar mishandelaar te gebruik word weer subjektief, ooreenkomstig haar sienings en geloof, beoordeel.⁶³⁹

Die verweer van selfbehoud is egter deur die Regskommissie gekritiseer.⁶⁴⁰ Eerstens het die Regskommissie die verweer gekritiseer

632 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 68; NZLC *Report* 73 27.

633 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 70; NZLC *Report* 73 27. In Nieu-Seeland sal 'n suksesvolle beroep op selfbehoud dus 'n aanklag van moord na strafbare manslag verminder.

634 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 70; NZLC *Report* 73 27.

635 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 70; NZLC *Report* 73 27.

636 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 70.

637 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 70.

638 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 71. Gedurende hierdie objektiewe beoordeling sal daar pertinent gevra word of die mishandelde vrou in 'n verhouding betrokke was met haar mishandelaar. Daar sal ook gevra word of hy haar aan mishandeling en intimidasie blootgestel het.

639 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 71.

640 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 72.

aangesien dit slegs op 'n sekere geslag fokus.⁶⁴¹ Volgens die Regskommissie is die trefwydte van die verweer ook te wyd, aangesien dit beskikbaar is in gevalle van rasse, seksuele en/of fisiese mishandeling of intimidasie.⁶⁴² Die Regskommissie se laaste kritiekpunt was dat die mishandeling waaraan die vrou onderwerp word nie aan 'n objektiewe maatstaf hoef te voldoen alvorens die verweer tot haar beskikking sal wees nie.⁶⁴³ Die effek van laasgenoemde is dat 'n mishandelde vrou haar op selfbehoud kan beroep sodra sy subjektief glo dat die doodmaak van haar mishandelaar noodsaaklik is vir haar selfbehoud.⁶⁴⁴

In die lig van hierdie kritiekpunte word die moontlikheid van 'n verweer van selfbehoud ook nie vir die Suid-Afrikaanse strafreg aanbeveel nie. Die feit dat die verweer beskikbaar is op grond van 'n mishandelde vrou se subjektiewe geloof hou die risiko in dat 'n Suid-Afrikaanse mishandelde vrou wat haar mishandelaar doodmaak omdat sy bloot nie meer kans sien om met hom saam te leef nie, die verweer kan misbruik ten einde strafregtelike aanspreeklikheid vry te spring. In Suid-Afrika kan die grondwetlikheid van 'n verweer wat slegs vir een geslag voorsiening maak ook in die lig van die gelykheidsklousule, soos vervat in die *Grondwet*, bevraagteken word.⁶⁴⁵

Die tweede verweer waarna die Regskommissie verwys het is 'n volkome verweer wat noodweer uitbrei en sodoende 'n totaal nuwe definisie aan noodweer verleen.⁶⁴⁶ In terme van hierdie uitgebreide verweer van noodweer kan 'n mishandelde vrou teen haar mishandelaar optree indien sy reageer op 'n geskiedenis van persoonlike geweld wat

641 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 72.

642 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 72.

643 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 72.

644 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 72. Die Regskommissie het ook daarop gewys dat die begrip "selfbehoud" nie omskryf word nie.

645 Sien a 9 *Grondwet* in verband met die gelykheidsklousule.

646 NZLC *Report* 73 27. Sien ook NZLC *Preliminary Paper* 41 paragrawe 74 en 76.

teenoor haar gerig is.⁶⁴⁷ Sy kan ook in noodweer teen haar mishandelaar optree indien sy daarvan oortuig is dat haar optrede, naamlik die doodmaak van haar mishandelaar, noodsaaklik is om haarself teen die persoonlike geweld te beskerm.⁶⁴⁸

Volgens die Regskommissie is daar verskeie gronde wat die skep van 'n nuwe definisie vir noodweer regverdig.⁶⁴⁹ Eerstens is die gevaar wat deur herhaaldelike geweld geskep word, heeltemal verskillend van die gevaar wat deur 'n enkele, reeds begonne of onmiddellik dreigende aanval geskep word.⁶⁵⁰ Tweedens is 'n geskiedenis van persoonlike geweld aanduidend van toekomstige geweld.⁶⁵¹ Die Regskommissie het ook aangetoon dat 'n dreigement wat aan die slagoffer gerig word en die proporsionaliteit van haar reaksie op daardie dreigement, nie uitsluitlik teen die onmiddellike dreigement beoordeel kan word nie.⁶⁵² Verder is daarop gewys dat by 'n reeds begonne of onmiddellik dreigende aanval, realistiese en redelike alternatiewe tot die gebruik van die geweld nie noodwendig realisties en redelik sal wees in situasies waar herhaaldelike mishandeling betrokke is nie.⁶⁵³

Die Regskommissie was egter van mening dat die noodsaaklikheid vir die gebruik van geweld nie uitsluitlik op 'n mishandelde vrou se sienings beoordeel moet word nie.⁶⁵⁴ Volgens die Regskommissie kan dit onaanvaarbaar wees om haar optrede heeltemal te verskoon in gevalle waar haar reaksie objektief onredelik is, selfs al het sy geglo dat haar optrede noodsaaklik was.⁶⁵⁵

647 Dit blyk uit NZLC *Preliminary Paper 41* par 74 en NZLC *Report 73* 28. Hierdie verweer maak voorsiening vir beide manlike en vroulike slagoffers van gesinsgeweld. Die verweer geld ook waar 'n mishandelde vrou optree ter beskerming van 'n derde.

648 Dit blyk uit NZLC *Preliminary Paper 41* par 74 en NZLC *Report 73* 28.

649 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

650 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

651 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

652 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

653 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

654 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

655 NZLC *Preliminary Paper 41* par 76.

Die derde verweer waarna die Regskommissie verwys, is die volkome verweer van tiranniemoord ("tyrannicide") en is gebaseer op objektiewe kriteria.⁶⁵⁶ Hierdie verweer is spesifiek gerig op mishandelde vroue wat poog om hulself van hulle mishandelaars te bevry.⁶⁵⁷ Die sentrale idee agter hierdie verweer is dat waar een persoon omstandighede van private tirannie geskep het, dit moreel regverdigbaar sal wees vir die slagoffer van die private tirannie om die tiran dood te maak indien daar vir haar geen ander redelike manier is om vanaf die tiran te vlug nie.⁶⁵⁸

'n Mishandelde vrou moet aan twee vereistes voldoen alvorens sy haar op tiranniemoord kan beroep. Eerstens moet omstandighede van private tirannie bewys word.⁶⁵⁹ Private tirannie is die geval waar een persoon, die tiran, beheer oor die slagoffer uitoefen.⁶⁶⁰ Die tiran sal deur sosiale isolasie, geweld en dreigemente van geweld beheer oor die slagoffer behou.⁶⁶¹ Deur gebruikmaking van hierdie middele voorkom die tiran dat die slagoffer haarself van sy beheer bevry.⁶⁶² Die tweede vereiste waaraan voldoen moet word is dat die doodmaak van die tiran vir die slagoffer redelik noodsaaklik moet wees ten einde van die tiran te ontkom.⁶⁶³ By hierdie vereiste word die tradisionele standarde van redelikheid en noodsaaklikheid ten opsigte van die slagoffer se optrede gebruik.⁶⁶⁴ Die volgende moet in ag geneem word wanneer redelikheid oorweeg moet word:

656 Sien Cohen *U Pitt* LR 758, 763 en NZLC *Preliminary Paper* 41 par 77.

657 Dit blyk uit NZLC *Preliminary Paper* 41 par 77 en NZLC *Report* 73 28. Hierdie verweer is nie bedoel om alle mishandelde beskuldigdes in te sluit nie.

658 Cohen *U Pitt* LR 758, 795. Sien ook NZLC *Preliminary Paper* 41 par 79.

659 Cohen *U Pitt* LR 802; NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78.

660 Cohen *U Pitt* LR 794; NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78; NZLC *Report* 73 28.

661 Cohen *U Pitt* LR 794; NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78. Die geweld en dreigemente van geweld hoef nie net teenoor die slagoffer gerig te wees nie. Dit kan ook teenoor persone, wat na aan die slagoffer is, gerig wees.

662 NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78; NZLC *Report* 73 28.

663 Cohen *U Pitt* LR 802; NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78; NZLC *Report* 73 28.

664 Cohen *U Pitt* LR 802; NZLC *Preliminary Paper* 41 par 78.

... the risks to the subject of choosing an alternative to killing the tyrant, and the availability and efficacy of the community's own efforts to end such tyrannies ...⁶⁶⁵

Die verweer van tiranniemoord hou verskeie voordele in. Die verweer spreek die gewelddadige beheer wat 'n mishandelaar oor die mishandelde vrou het, aan.⁶⁶⁶ Die gevaar verbonde aan 'n mishandelde vrou se pogings om vanaf haar mishandelaar se beheer te ontsnap, word ook deur die verweer van tiranniemoord aangespreek.⁶⁶⁷ Die grootse nadeel verbonde aan tiranniemoord is dat die verweer nie met akkuraatheid bepaal watter vlak van tirannie en gevaar vereis word om die doodmaak van die tiran te regverdig nie.⁶⁶⁸

Die verweer van tiranniemoord kan aan verskeie punte van kritiek onderwerp word. In die eerste plek hou die skep van enige nuwe verweer onsekere en onbedoelde nagevolge vir die strafreg in Nieu-Seeland in.⁶⁶⁹ Daarom is dit beter om bestaande verweere uit te brei as om nuwes te skep.⁶⁷⁰ Die volgende punt van kritiek is dat die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue die indruk sal skep dat mishandelde vroue spesiale behandeling geniet.⁶⁷¹ Die laaste kritiekpunt is dat dit moeilik sal wees om 'n voldoende verweer vir mishandelde vroue te omskryf.⁶⁷²

In die lig van die verskeie kritiekpunte het die Regskommissie teen die skep van 'n afsonderlike gedeeltelike verweer vir moorddadige mishandelde vroue besluit.⁶⁷³ Die Regskommissie was van oordeel dat 'n diskresie ten opsigte van vonnisoplegging meer verkieslik sal wees.⁶⁷⁴ Die Regskommissie het ook besluit teen die skep van 'n volkome

665 NZLC *Preliminary Paper 41* par 79. Sien ook Cohen *U Pitt LR* 802.

666 NZLC *Preliminary Paper 41* par 80.

667 NZLC *Preliminary Paper 41* par 80.

668 NZLC *Preliminary Paper 41* par 80.

669 NZLC *Report 73* 29.

670 NZLC *Report 73* 29.

671 NZLC *Report 73* 29.

672 NZLC *Report 73* 29.

673 NZLC *Report 73* 30; Roth *Briefing Paper No 3/07* 30.

674 NZLC *Report 73* 30; Roth *Briefing Paper No 3/07* 30.

verweer vir moorddadige mishandelde vroue.⁶⁷⁵ In hierdie verband is die Regskommissie van mening dat dit beter sal wees om die algemene vereiste van redelikheid by noodweer op so 'n wyse te interpreteer dat dit die gebruik van geweld wat noodsaaklik is om lyf en lede te beskerm en wat gerig is teen 'n aanval wat nie onmiddellik dreigend is nie, te inkorporeer.⁶⁷⁶

5.5.4 Afsonderlike verweer in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die moontlikheid van 'n afsonderlike verweer vir moorddadige mishandelde vroue vir die eerste keer in *S v Engelbrecht* ter sprake gekom. In hierdie saak is die hof versoek om weg te beweeg van 'n individuele regverdigingsgrond, soos noodweer, na 'n algemene verweer van redelikheid.⁶⁷⁷ Só 'n ontwikkeling van die reg sal inhou dat 'n hof wyer kyk as net na die streng vereistes van die uitgekristalliseerde regverdigingsgronde om 'n meer algemene verweer van redelikheid toe te pas.⁶⁷⁸

By die toepassing van 'n algemene redelikeidsverweer kan die *Grondwet* effektief aangewend word by die bepaling van die gemeenskapsopvatting.⁶⁷⁹ 'n Mishandelde vrou se optrede word dus getoets teen objektiewe standaarde soos beliggaam in, onder andere, grondwetlike waardes en beginsels.⁶⁸⁰ Hierdie objektiewe standaarde kan haar spesifieke omstandighede tydens die doodmaak van haar mishandelaar insluit.⁶⁸¹ Daar is egter geen kriteria voorgestel vir die vasstelling van redelikheid as 'n algemene verweer nie.⁶⁸² Satchwell R⁶⁸³ was van mening dat die kriteria en toets vir noodweer die mees geskikte kriteria en toets vir 'n algemene redelikeidsverweer sal wees.

675 NZLC Report 73 30; Roth Briefing Paper No 3/07 30; NZLC Report 73 29.

676 NZLC Report 73 29. Sien ook Roth Briefing Paper No 3/07 30.

677 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 157H.

678 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 157I.

679 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 157I.

680 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 157I.

681 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 158A.

682 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 158B.

683 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 158C.

Volgens haar is dit moeilik om in te dink hoe die howe 'n algemene redelikhedsverweer sal toepas sonder om dieselfde ondersoek te loods as in die geval van noodweer.⁶⁸⁴ Op grond van hierdie redes wys Satchwell R⁶⁸⁵ die voorgestelde ontwikkeling van die reg van die hand. Daar kan nie fout gevind word met die redes vir haar besluit nie en haar siening word ondersteun.

Pieterse-Spies⁶⁸⁶ het haar uitgespreek teen die erkenning van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer. Volgens haar fokus die sindroom op mishandelde vroue se geestesgesondheid, in plaas van die omstandighede wat aanleiding gee tot haar optrede teenoor haar mishandelaar.⁶⁸⁷ Op hierdie manier word belangrike sosiale, ekonomiese, kulturele en politiese omstandighede geïgnoreer.⁶⁸⁸ Pieterse-Spies⁶⁸⁹ argumenteer dat daar nie net op 'n mishandelde vrou se psige gefokus moet word nie, maar ook op strukturele ongelykheid, die sistematiese onderdrukking van vroue en die nadeel verbonde aan oorheersing en teëkanting. Sy wys ook daarop dat 'n aanvaarding van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer die konsep van 'n "redelike mishandelde vrou" kan skep.⁶⁹⁰ Laasgenoemde sal uiters nadelig wees vir mishandelde vroue aangesien die howe dan elke mishandelde vrou se omstandighede sal toets teen die omstandighede van 'n "redelike mishandelde vrou", welke "redelike mishandelde vrou" bepaal sal word deur die hoeveelheid mishandeling wat sy verduur het.⁶⁹¹

684 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 158B.

685 *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) 158C.

686 Pieterse-Spies *THRHR* 312-314.

687 Pieterse-Spies *THRHR* 313. 'n Soortgelyke kritiekpunt is deur die Regskommissie van Nieu-Seeland geopper. Sien *NZLC Report 73* 3 in hierdie verband.

688 Pieterse-Spies *THRHR* 313.

689 Pieterse-Spies *THRHR* 313.

690 Pieterse-Spies *THRHR* 313. Die Regskommissie van Nieu-Seeland het 'n soortgelyke kritiekpunt teen die mishandelde vrou-sindroom geopper. Sien in hierdie verband *NZLC Report 73* 4.

691 Pieterse-Spies *THRHR* 313.

Reddi⁶⁹² voer ook 'n goeie argument aan teen die erkenning van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer wanneer sy sê dat:

The recognition of issues defined in medical and psychological terms within a spurious scientific discourse cannot and does not aid the evolution of law.

Volgens Reddi⁶⁹³ is die bestaan van die mishandelde vrou-sindroom geleë in die kampvegters vir vroueregte se begeerte om aandag te vestig op die problematiek rondom gesinsgeweld en mishandeling. Hierdie begeerte is prysenswaardig, maar die realiteit is dat die mishandelde vrou-sindroom sekere gebreke openbaar. Ten eerste kan die sindroom nie die lyding en skade wat vroue weens mishandeling opgedoen het uit die weg ruim nie.⁶⁹⁴ Tweedens kan die mishandelde vrou-sindroom nie die moontlikheid van toekomstige mishandeling uit die weg ruim nie.⁶⁹⁵ Ten laaste fokus die mishandelde vrou-sindroom op mishandelde vroue se geestesgebrek en hulle oënskynlike hulpeloosheid, in plaas van die omstandighede wat aanleiding gee tot haar optrede teenoor haar mishandelaar.⁶⁹⁶ Volgens Reddi⁶⁹⁷ is hierdie faktore nadelig vir die verknorsing waarin mishandelde vroue hulle oor die algemeen bevind.

Reddi⁶⁹⁸ argumenteer dat die Suid-Afrikaanse reg aan bande gelê, eerder as bevorder kan word, deur die toelating van twyfelagtige wetenskap as basis vir geregtelike besluitneming. Met hierdie siening word saamgestem. Die toelating van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer, net soos enige van die ander afsonderlike verweere hierbo, kan onbedoelde en onsekere nagevolge vir die Suid-Afrikaanse strafreg inhou. Een so 'n nagevolg kan, in die woorde van die Regskommissie van Victoria, wees dat die mishandelde vrou-sindroom, en dus ook enige ander afsonderlike verweer, aan Suid-Afrikaanse

692 Reddi SACJ 277-278.

693 Reddi SACJ 278.

694 Reddi SACJ 278.

695 Reddi SACJ 278.

696 Reddi SACJ 278. Sien ook Pieterse-Spies THRHR 313.

697 Reddi SACJ 278.

698 Reddi SACJ 278.

moorddadige mishandelde vrou 'n "vrypas om te moor" gee. Die Suid-Afrikaanse howe behoort eerder voort te gaan om mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak, te behandel ooreenkomstig bestaande, uitgekristalliseerde regverdigingsgronde.⁶⁹⁹ Daar word ook aanbeveel dat geen verwysing na die mishandelde vrou-sindroom voortaan in mishandelde vroue se strafsake gemaak word nie, maar dat eerder verwys word na die dinamika van mishandelende verhoudings en die effek van mishandeling op slagoffers oor die algemeen.⁷⁰⁰

5.6 Samevatting en gevolgtrekking

In Suid-Afrika kan 'n uitbreiding van die dreigende-vereiste by noodweer, soos in Victoria en Wes-Australië, nie ondersteun word nie. In Suid-Afrika is die posisie met betrekking tot die verweer van provokasie, voordeliger as die hervorming van die verweer in die Noorder-Territorium. Suid-Afrika sal dus nie enigiets waardevol uit daardie hervorming kan leer nie. Omdat verminderde toerekeningsvatbaarheid slegs relevant is ten opsigte van vonnisoplegging, kan dit vir die Suid-Afrikaanse strafreg voordelig wees om 'n verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid te skep. Verminderde toerekeningsvatbaarheid sal dan as 'n volkome verweer wat strafregtelike aanspreeklikheid ten volle uitsluit, geld. In hierdie verband kan die hervorming van verminderde toerekeningsvatbaarheid in Engeland en Wallis leiding aan Suid-Afrika bied.

Alhoewel daar goeie argumente bestaan vir die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue, word so 'n stap nie vir die Suid-Afrikaanse reg aanbeveel nie. So 'n afsonderlike verweer kan ongewenste en onbeoogde gevolge vir die Suid-Afrikaanse strafreg meebring. Daar is ook 'n risiko dat 'n afsonderlike verweer deur moorddadige mishandelde vroue misbruik kan word in 'n desperate poging om strafregtelike aanspreeklikheid vry te spring. Die omvang van

699 Reddi SACJ 278.

700 Hierdie voorstel is gemaak deur die Regskommissie van Nieu-Seeland. Sien NZLC *Final Report* 73 6.

'n afsonderlike verweer wat uitsluitlik voorsiening maak vir die vroulike slagoffers van gesinsgeweld, sal te eng en gevolglik ook grondwetlik aanvegbaar wees. In die lig hiervan word aanbeveel dat die howe in Suid-Afrika eerder moet voortgaan om moorddadige mishandelde vroue ooreenkomstig bestaande, uitgekristalliseerde regverdigingsgronde te behandel.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1 Agtergrond

Die mishandelde vrou-sindroom verwys na enige vrou wat weens voortdurende en ernstige mishandeling, depressief raak en nie aanvanklik daartoe in staat is om aktief op te tree teenoor haar aggressor en haar mishandeling vry te spring nie. Uit die kontekstualisering van die mishandelde vrou-sindroom het dit geblyk dat die mishandeling tussen lewensmaats in 'n "siklus van geweld" plaasvind. Hierdie siklus van geweld bestaan uit drie fases, wat herhaaldelik plaasvind en met tyd meer intens raak.

Die siklus van geweld teorie word deur die teorie oor aangeleerde hulpeloosheid onderskraag. Laasgenoemde teorie bied 'n verduideliking aan waarom mishandelde vroue nie hulle mishandelaars verlaat nie. Uit die teorie oor aangeleerde hulpeloosheid blyk dit dat, omdat 'n mishandelde vrou nie daartoe in staat is om die geweld te voorspel of te beheer nie, sy minderwaardig begin voel, passief en toegewend word en dus nie daartoe in staat is om self op te tree ten einde haar situasie te verbeter nie. Wanneer sy wel optree ten einde haar situasie te verbeter en haar mishandelaar doodmaak, kom die vraag na haar strafregtelike aanspreeklikheid na vore. In hierdie verhandeling is die vraag of die impak van mishandeling op 'n vrou een of meer van die algemene vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid kan beïnvloed of nie, ondersoek.

6.2 Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op strafregtelike aanspreeklikheid

6.2.1 Suid-Afrika

Die eerste deel van hierdie studie het gefokus op die vraag of die effek van mishandeling op 'n vrou 'n invloed kan uitoefen op die strafregtelike aanspreeklikheidsvereistes van wederregtelikheid, handeling en skuld.

6.2.1.1 *Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op wederregtelikheid*

Die wederregtelikheid van 'n mishandelde vrou se optrede teenoor haar mishandelaar kan deur 'n suksesvolle beroep op noodweer uitgesluit word. Aangesien mishandelde vroue normaalweg teen hulle mishandelaars optree in tye waar daar geen dreigende aanval aan sy kant is nie, kan die dreigende-vereiste by noodweer 'n mishandelde vrou se beroep op noodweer kelder. Hierdie probleem kan voorkom word deur die dreigende-vereiste uit te brei ten einde voorsiening te maak vir mishandelde vroue wat teen hulle mishandelaars se onvermydelike aanvalle optree. So 'n uitbreiding van die dreigende-vereiste hou egter die gevaar in dat noodweer deur mishandelde vroue misbruik kan word in 'n desperate poging om strafregtelike aanspreeklikheid vry te spring.

Noodweer is egter net tot 'n mishandelde vrou se beskikking wanneer daar geen alternatiewe regsmiddele tot haar beskikking is nie. In Suid-Afrika stel die WOG wel alternatiewe regsmiddele tot mishandelde vroue se beskikking. Die verkryging van interdikte deur mishandelde vroue en bystand deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens is die vernaamste regsmiddele waarvoor die WOG voorsiening maak. Indien 'n mishandelde vrou hierdie regsmiddele benut, en haar mishandelaar dit uiteraard gehoorsaam, sal haar misdryfpleging en so ook haar strafregtelike aanspreeklikheid heeltemal uitgeskakel word. Die realiteit is egter dat mishandelde vroue weens verskeie faktore verhoed word om die regsmiddele in die WOG te benut. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die regsmiddele in die WOG nie tot 'n mishandelde vrou se beskikking is wanneer 'n aanval deur haar mishandelaar in die proses is nie.

Behalwe vir 'n beroep op 'n regverdigingsgrond of die gebruikmaking van statutêre remedies, is daar in die oë van die gemeenskap ook 'n derde moontlike uitweg wat mishandelde vroue kan kies. Hierdie uitweg behels dat 'n mishandelde vrou haar uit die mishandelende verhouding kan losmaak deur bloot haar mishandelaar te verlaat, in plaas daarvan

om hom dood te maak. Daar kan selfs so ver gegaan word om te vra of sy 'n plig het om te vlug alvorens sy in noodweer teen haar mishandelaar optree. Soos gesien uit die bespreking vroeër, is 'n blote verlating van die mishandelaar, weens verskeie faktore, nie so eenvoudig as wat dit klink nie. In Suid-Afrika is daar ook geen plig op 'n mishandelde vrou om te vlug nie, aangesien so 'n plig die hele doel van noodweer sal verydel.

6.2.1.2 Invloed van die mishandelde vrou-sindroom op handeling en skuld

Die mishandeling wat 'n vrou moes verduur kan moontlik daartoe lei dat sy tydelik nie oor die vermoë beskik om haar handeling ooreenkomstig haar onderskeid tussen reg en verkeerd in te rig nie. In so 'n geval kan 'n mishandelde vrou wat haar mishandelaar doodmaak haar op nie-patologiese toerekeningsvatbaarheid as verweer beroep. Ten einde suksesvol te wees sal 'n mishandelde vrou getuienis moet aanbied wat aantoon dat sy tydens die doodmaak van haar mishandelaar tydelik onwillekeurig opgetree het. Wanneer 'n hof die finale besluit oor haar toerekeningsvatbaarheid moet neem sal 'n hof pertinent oorweeg of haar optrede tydens die doodmaak van haar mishandelaar gefokus, doelgerig en vooraf beplan was. Sou daar, na oorweging van hierdie faktore, enigsins twyfel bestaan oor die willekeurigheid van haar optrede, moet sy onskuldig bevind word.

Wanneer 'n mishandelde vrou haar mishandelaar doodmaak in 'n situasie waartydens sy willekeurig optree en nie op noodweer kan steun nie, kan daar ondersoek word of die doodmaak van haar mishandelaar subjektief ter oplegging van 'n ligter straf regverdigbaar was. In so 'n geval kan haar jarelange mishandeling, hulpeloosheid en emosioneel en sielkundig afgebreekte geestestoestand in ag geneem word om te bevind dat haar toerekeningsvatbaarheid tydens die doodmaak van haar mishandelaar verminderd was en dat sy 'n ligter straf verdien. Verminderde toerekeningsvatbaarheid sluit dus nie 'n mishandelde vrou se strafregtelike aanspreeklikheid uit nie. Verminderde

toerekeningsvatbaarheid is slegs 'n faktor wat relevant is vir vonnisoplegging.

Ten einde strafregtelik aanspreeklik te wees moet 'n mishandelde vrou ook skuld in die vorm van opset of nalatigheid toon. 'n Mishandelde vrou wat haar wil rig op die doodmaak van haar mishandelaar tree doelbewus en met die nodige opset op. Die motief vir 'n mishandelde vrou se optrede teenoor haar mishandelaar moet nie met opset verwar word nie. Haar motief vir die doodmaak van haar mishandelaar kan hoogstens 'n effek op vonnis hê. 'n Mishandelde vrou moet egter besef dat sy 'n handeling verrig, wat voldoen aan die omskrywingselemente van moord en dat haar handeling wederregtelik is. Indien sy van hierdie faktore onbewus is, dwaal sy en sal opset ontbreek. In so 'n geval kan 'n mishandelde vrou haar moontlik op putatiewe noodweer beroep. Vroeër in die bespreking is daarop gewys dat putatiewe noodweer nie 'n regverdigingsgrond is nie. Ten einde te slaag met 'n beroep op putatiewe noodweer moet 'n mishandelde vrou slegs aantoon dat sy nie die opset gehad het om wederregtelik op te tree nie. Indien opset ontbreek kan sy nie aan moord skuldig bevind word nie. Dit is egter moontlik dat sy aan strafbare manslag skuldig bevind kan word, aangesien nalatigheid vereis word vir 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag. In die geval van nalatigheid is dit moeilik om aan 'n situasie te dink waar 'n mishandelde vrou haar mishandelaar op 'n nalatige wyse sal doodmaak ten einde van hom ontslae te raak.

6.2.2 *Suid-Afrika en resente verwikkelinge in buitelandse regstelsels*

In hierdie studie is daar ook 'n ondersoek geloods na die vraag of Suid-Afrika kan kers opsteek by resente verwikkelinge in Australië, Nieu-Seeland, Engeland en Wallis. Hierdie verwikkelinge spreek spesifiek die situasie waarin mishandelde vroue hulself bevind, aan.

6.2.2.1 *Verwikkelinge in Australië*

In Victoria en Wes-Australië is die verweer van noodweer op so 'n manier hervorm dat die dreigende-vereiste by noodweer uitgebrei is ten einde voorsiening te maak vir mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak ten einde onvermydelike aanvalle te voorkom. Daar is egter aangetoon dat so 'n uitbreiding nie vir die Suid-Afrikaanse strafreg aanbeveel word nie vanweë die risiko dat noodweer dan deur mishandelde vroue misbruik kan word.

Met betrekking tot die verweer van provokasie is daarop gewys dat die posisie in Suid-Afrika voordeliger is as die hervorming van die verweer van provokasie in die Noorder-Territorium. Terwyl die verweer van provokasie in die Noorder-Territorium slegs lei tot 'n vermindering van moord na strafbare manslag, kan provokasie in Suid-Afrika lei tot 'n beroep op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. 'n Beroep op nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, indien suksesvol, lei tot 'n algehele onskuldigbevinding.

6.2.2.2 *Verwikkelinge in Engeland en Wallis*

In Engeland en Wallis stel die regering voor dat die gedeeltelike verweer van provokasie afgeskaf moet word en deur twee nuwe gedeeltelike verwerre vervang moet word. Die nuwe verwerre maak voorsiening vir mishandelde vroue wat hulle mishandelaars doodmaak ten einde onvermydelike mishandeling te voorkom.

Die regering stel ook 'n nuwe definisie vir die gedeeltelike verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid voor. Indien hierdie definisie aanvaar word, sal verminderde toerekeningsvatbaarheid voortaan as 'n volkome verweer geld. Alhoewel dit mag voorkom asof die regering se voorgestelde definisie nie vir mishandelde vroue se situasie voorsiening maak nie, het die Regskommissie daarop gewys dat die situasie van mishandelde vroue wel binne die omvang van die nuwe definisie val.

6.2.3 *Moontlikheid van 'n afsonderlike verweer*

Die laaste deel van hierdie studie het gefokus op 'n ondersoek na die vraag of die probleem in verband met mishandelde vroue in die Suid-Afrikaanse reg opgelos kan word deur 'n afsonderlike verweer vir hierdie vroue te skep. 'n Afsonderlike verweer sal erkenning verleen aan die realiteite waarin mishandelde vroue leef en sal verseker dat meer mishandelde vroue van 'n verweer voorsien word. Ten einde hierdie vraag te beantwoord is voorgestelde verweere in Australië, Nieu-Seeland en ook in Suid-Afrika ondersoek.

6.2.3.1 *Afsonderlike verweer in Australië*

In Australië het die Regshervormingskommissie drie modelle vir die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue oorweeg. Hierdie modelle is die mishandelde vrou-sindroom model, die selfbehoudmodel en die afdwingende beheer model. Die Kommissie het egter besluit teen die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue. Volgens die Kommissie moet noodweer eerder hervorm word sodat dit voorsiening maak vir die ervarings van mishandelde vroue.

6.2.3.2 *Afsonderlike verweer in Nieu-Seeland*

Tydens die oorweging van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue het die Regskommissie van Nieu-Seeland na drie verweere verwys. Hierdie verweere is die verweer van selfbehoud, die verweer van tiranniemoord en 'n nuwe definisie vir die verweer van noodweer. Na behoorlike oorweging het die Kommissie teen die skep van 'n afsonderlike verweer vir mishandelde vroue besluit. Die Kommissie is van mening dat 'n diskresie ten opsigte van vonnisoplegging en 'n beter interpretasie van die redelikeidsvereiste by noodweer meer verkieslik sal wees.

6.2.3.3 *Afsonderlike verweer in Suid-Afrika*

In *S v Engelbrecht* is voorgestel dat redelikheid as 'n algemene verweer vir mishandelde vroue geskep moet word. Geen kriteria vir die

vasstelling van redelikheid as 'n algemene verweer is egter voorgestel nie. Volgens Satchwell R is die kriteria en toets vir noodweer die mees geskikte kriteria en toets vir 'n algemene verweer van redelikheid. Op grond hiervan wys sy die voorstel van die hand.

6.3 Aanbevelings

Die reg is dinamies en ontwikkel voortdurend om in pas te bly met die toenemende en komplekse eise van die moderne gemeenskap. Een so 'n eis is die gemeenskap se behoefte om die mishandeling van vroue en hulle (die vroue) se reaksies daarop, aan te spreek. In die lig hiervan word die volgende aanbevelings vir 'n ontwikkeling van die reg binne die konteks van moorddadige mishandelde vroue gemaak.

6.3.1 *Noodweer*

'n Uitbreiding van die dreigende-vereiste by noodweer word nie vir die Suid-Afrikaanse reg aanbeveel nie. Daar word eerder aanbeveel dat 'n mishandelde vrou se beroep op noodweer tot daardie gevalle waar haar mishandelaar se aanval reeds begonne of onmiddellik dreigend is, beperk moet word.

6.3.2 *Verminderde toerekeningsvatbaarheid*

In Suid-Afrika word verminderde toerekeningsvatbaarheid slegs erken as 'n faktor wat relevant is vir vonnisoplegging. Daarom kan die Suid-Afrikaanse strafreg daarby baat om 'n volkome verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid te skep. In hierdie verband kan die hervorming van verminderde toerekeningsvatbaarheid in Engeland en Wallis leiding aan Suid-Afrika bied.

6.3.3 *Afsonderlike verweer*

Ten spyte van die goeie argumente vir die skep van 'n afsonderlike verweer, word so 'n stap nie vir die Suid-Afrikaanse reg aanbeveel nie. 'n Afsonderlike verweer kan ongewenste en onbeoogde gevolge vir die Suid-Afrikaanse strafreg inhou. Die risiko bestaan ook dat 'n

afsonderlike verweer deur mishandelde vroue misbruik kan word in 'n desperate poging om strafregtelike aanspreeklikheid vir die doodmaak van hulle mishandelaars vry te spring. Die omvang van 'n afsonderlike verweer wat uitsluitlik vir mishandelde vroue voorsiening maak, sal ook te eng gekonstrueer wees. So 'n verweer sal ook in die lig van die gelykheidsklousule, grondwetlik aanvegbaar wees.

Een van die grootste gevare verbonde aan die aanvaarding van die mishandelde vrou-sindroom as afsonderlike verweer is dat die konsep van 'n "redelike mishandelde vrou" geskep kan word. Hierdie konsep kan veroorsaak dat Suid-Afrikaanse howe elke mishandelde vrou se omstandighede teen die omstandighede van 'n "redelike mishandelde vrou" sal toets, terwyl die "redelike mishandelde vrou" bepaal word deur die hoeveelheid mishandeling wat sy verduur het. Die Suid-Afrikaanse reg loop dus die risiko om benadeel te word deur die toelating van hierdie sindroom as afsonderlike verweer in die strafreg.

In die lig van bogenoemde word aanbeveel dat die howe in Suid-Afrika moet voortgaan om mishandelde vroue ooreenkomstig bestaande, uitgekristalliseerde regverdigingsgronde te behandel. Daar word ook aanbeveel dat daar in strafsake verwys moet word na die dinamika van mishandeling en gesinsgeweld en die effek daarvan op vroue in die algemeen.

6.4 Ten slotte

Die sielkunde is daarop gerig om 'n verduideliking aan te bied vir die gedrag van mense. Die doel van die strafreg is om die gemeenskap te orden en te verseker dat mense in harmonie saamleef. Wanneer 'n persoon se optrede daardie harmonie versteur is dit ook die strafreg se taak om daardie persoon tot verantwoording te roep. In strafsake gebeur dit soms dat die sielkunde en die strafreg oorvleuel. In sulke sake moet 'n balans tussen die toepassing van hierdie wetenskappe op die saak se besondere feite gehandhaaf word. Verskynsels in die

sielkunde, soos die mishandelde vrou-sindroom, kan nie sonder meer as verwee in strafreg geld nie. Omdat die reg dinamies is, is dit moontlik dat die strafreg kan ontwikkel ten einde verskynsels soos moorddadige mishandelde vroue effektief te hanteer, sonder enige ongewenste invloede van ander wetenskappe.

BIBLIOGRAFIE

BERAADSLAGINGSDOKUMENTE

M

MJ *Consultation Paper CP19/08*

Ministry of Justice "Murder, Manslaughter and Infanticide:
Proposals for reform of the law" *Consultation Paper CP19/08*
(2008)

BOEKE

B

Burchell *Criminal Law* 2^{de} uitg

Burchell J and Milton J *Principles of Criminal Law* 2^{de} uitg (Juta
Landsdowne 2000)

Burchell *Criminal Law* 3^{de} uitg

Burchell J *Principles of Criminal Law* 3^{de} uitg (Juta Landsdowne
2005)

E

Elliott and Quinn *Criminal Law*

Elliott C and Quinn F *Criminal Law* 5^{de} uitg (Pearson Education
Limited Great Britain 2004)

O

Odendal en Gouws *HAT*

Odendal FF en Gouws RH *HAT Verklarende Handwoordeboek
van die Afrikaanse Taal* (Perskor Uitgewers Midrand 2000)

P

Peterson, Maier and Seligman *Learned Helplessness*

Peterson C, Maier SF and Seligman MEP *Learned Helplessness
A Theory for the Age of Personal Control* (Oxford University Press
New York 1993)

R

Robinson, Human en Boshoff *Familiereg* 2^{de} uitg

Robinson JA, Human S en Boshoff A *Inleiding tot die Suid-
Afrikaanse Familiereg* 2^{de} uitg (Printing Things Onbekend 2005)

S

Seligman *Helplessness*

Seligman MEP *Helplessness on depression, development &
death* (W.H. Freeman and Company New York 1992)

Snyman *Strafreg* 4^{de} uitg

Snyman CR *Strafreg* 4^{de} uitg (Butterworths Durban 1999)

Snyman *Strafreg* 5^{de} uitg

Snyman CR *Strafreg* 5^{de} uitg (Butterworths Durban 2006)

W

Walker *Terrifying Love*

Walker LE *Terrifying Love: Why Battered Women Kill and How
Society Responds* (Harper & Row New York 1989)

Walker *The Battered Woman*

Walker LE *The Battered Woman* (Harper & Row New York 1979)

Walker *The Battered Woman Syndrome*

Walker LE *The Battered Woman Syndrome* (Springer Publishing
Company New York 1984)

BYDRAE OF HOOFSTUK IN 'N VERSAMELDE WERK

B

Bonthuys *et al* "Gender"

Bonthuys *et al* "Gender" in Joubert WA en Faris JA (reds) *The Law Of South Africa* (Butterworths Durban 2005) 277-386

M

Moore "Editor's Introduction: An Overview of the Problem"

Moore DM " Editor's Introduction: An Overview of the Problem " in Moore DM (red) *Battered Woman* (Sage California 1979) 21-24

R

Rabie *et al* "Criminal law – General Principles"

Rabie MA *et al* "Criminal law – General Principles" in Joubert WA (red) *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 1981) 5-155

W

Walker "How battering happens and how to stop it"

Walker LE "How battering happens and how to stop it" in Moore DM (red) *Battered Woman* (Sage California 1979) 59-73

INLIGTINGSDOKUMENT

R

Roth *Briefing Paper No 3/07*

Roth L "Provocation and Self-defence in Intimate Partner and Homophobic Homicides" *Briefing Paper No 3/07* (2007)

INTERNETBRONNE

A

Anon 2008 www.legalbrief.co.za/article.php?story=20080826132015325
Anon 2008 Woman who shot her ex-husband claims self-defence
[Gevind op Internet] <http://www.legalbrief.co.za/article.php?story=20080826132015325> [datum van gebruik 7 Oktober 2008]

C

Craven 2003 www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf
Craven Z 2003 Battered woman syndrome [Gevind op Internet]
http://www.austdvclearinghouse.unsw.edu.au/PDF%20files/battered%20_woman_syndrome.pdf [datum van gebruik 2 Maart 2008]

L

Lewis 2005 www.womenshistory.about.com/od/mythsofwomenshistory/a/rule_of_thumb.htm
Lewis JJ 2005 Rule of Thumb: Not Really [Gevind op Internet]
http://www.womenshistory.about.com/od/mythsofwomenshistory/a/rule_of_thumb.htm [datum van gebruik 28 Oktober 2008]

S

Shaw 2008 www.epherald.co.za/herald/2008/08/26/news/n19_26082008.htm
Shaw L 2008 Cop who shot ex-husband tells of abuse [Gevind op Internet]
http://www.epherald.co.za/herald/2008/08/26/news/n19_26082008.htm [datum van gebruik 7 Oktober 2008]

Sommers 1994 www.canlaw.com/rights/thumbrul.htm

Sommers CH 1994 Debunking yet another feminist myth [Gevind op Internet]
<http://www.canlaw.com/rights/thumbrul.htm> [datum van gebruik 28 Oktober 2008]

V

Vetten 2000 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=102&Itemid=29

Vetten L 2000 Ultimately, society must protect women [Gevind op Internet] http://www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=102&Itemid=29 [datum van gebruik 1 Oktober 2008]

Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29

Vetten L 2005 Staying in an abusive relationship is not a crime [Gevind op Internet] http://www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=90&Itemid=29 [datum van gebruik 1 Oktober 2008]

Vetten 2005 www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=92&Itemid=29

Vetten L 2005 Women sleeping with the enemy [Gevind op Internet]
http://www.csvr.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=92&Itemid=29 [datum van gebruik 1 Oktober 2008]

KONFERENSIEBYDRAE

E

Easteal "Battered women who kill: A plea of self-defence"

Easteal P "Battered women who kill: A plea of self-defence" in *Woman and the law Proceeding of a conference* 24-26 September 1991 Canberra 37-47

OPSIEDOKUMENT

V

VLRC Options Paper

Victorian Law Reform Commission "Defences to Homicide"
Options Paper (2003)

REGSPRAAK

A

ABSA Bank Ltd v Fouche 2002 4 All SA 245 (HHA)

B

Boast v Naidoo 2001 JOL 7767 (OK)

D

Director of Public Prosecutions, Cape of Good Hope v Fourie 2002 1 All
SA 269 (K)

Director of Public Prosecutions: Transvaal v Venter 430/2007 2008
ZASCA 76

G

Government of the Republic of South Africa v Basdeo 1996 (1) SA 355
(A)

Gründlingh v Phumelela Gaming and Leisure Ltd 2005 4 All SA 1 (HHA)

K

Kgaleng v Minister of Safety and Security 2001 4 All SA 636 (W)

L

Lavallee v The Queen 55 CCC (3d) 97

M

Mdlalose v Masuku 2002 JOL 9415 (D)

Minister of Safety and Security v Van Duivenboden 2002 6 SA 431 (HHA)

Mugwena v Minister of Safety and Security 2006 2 All SA 126 (HHA)

O

Osland v The Queen 1998 HCA 75

P

Pearl Assurance Co Appellant v Union Government Respondent 1934 AD 560

R

R v Ahluwalia 1992 4 AER 889

R v Lavallee 1990 1 SCR 852 (SCC)

RAF v Kramer 2005 JOL 14942 (OK)

S

S v Bakers 2006 JOL 17868 (OK)

S v Baloyi 2000 2 SA 425 (KH)

S v Bean 2001 JOL 7925 (NK)

S v Calitz 1990 1 SACR 119 (A)

S v Collett 1991 4 All SA 524 (A)

S v Cunningham 1996 1 SACR 631 (A)

S v Davids 1998 JOL 4262 (K)

S v Dikana 2008 JOL 21293 (OK)

S v Dingaan 2001 JOL 8949 (Ck)

S v Dougherty 2003 2 SACR 36 (W)

S v Eadie 2001 SACR 172 (K)

S v Eadie 2002 3 SA 719 (HHA)

S v Els 1993 1 SACR 723 (O)

S v Engelbrecht 2005 2 SACR 41 (W)

S v Ferreira 2004 2 SACR 454 (HHA)

S v Francis 1999 1 SACR 650 (HHA)

S v Gesualdo 1997 (2) SACR 68 (W)

S v Goliath 1972 3 SA 1 (A)

S v Henry 1999 2 SACR 13 (HHA)

S v Kali 2000 2 All SA 181 (Ck)

S v Kalogoropoulos 1993 1 SACR 12 (A)

S v Kok 2001 2 SACR 106 (HHA)

S v Kok 2001 4 All SA 291 (A)

S v Laubscher 1988 1 SA 163 (A)

S v Lungile 2000 1 All SA 179 (A)

S v Malan 2006 JOL 17331 (VCC)

S v Martin 2001 4 All SA 371 (K)

S v Mkhuba 2005 JOL 13614 (T)

S v Mokati 2005 JOL 14079 (T)

S v Ngomane 2007 JOL 19045 (T)

S v Njobeni 2005 JOL 14843 (Tk)

S v Nursingh 1995 2 SACR 331 (D)

S v Pase 2003 JOL 11176 (OK)

S v Pederson 1998 3 All SA 321 (N)

S v Potgieter 1994 1 SACR 61 (A)

S v Schwarz 1999 JOL 5826 (A)

S v Shapiro 1994 1 SACR 112 (A)

S v Swartbooi 2008 JOL 21692 (OK)

S v Trainor 2003 1 SACR 35 (HHA)

S v Van Aardt 2007 JOL 20868 (OK)

S v Van Wyk 1992 1 SACR 147 (NmS)

S v Volkman 2004 4 All SA 697 (K)

TYDSKRIFARTIKELS

A

Anon *HLR*

Anon "Developments in the Law: Legal Responses to Domestic Violence" 1993 *HLR* 1574-1597

Anon *HLR*

Anon "Review: Generalizing Justice" 1990 *HLR* 1384-1389

B

Bertelsmann *THRHR*

Bertelsmann W "Probleme met vakterme in die strafreg" 1982 *THRHR* 412-418

C

Cipparone *U Pen LR*

Cipparone RC "The Defense of Battered Women Who Kill" 1987 *U Pen LR* 427-452

Cohen *U Pitt LR*

Cohen JM "Regimes of Private Tyranny: What do they mean to morality and for the Criminal Law? 1996 *U Pitt LR* 757-808

F

Faigman *VLR*

Faigman DL "The Battered Woman Syndrome and Self-Defense:
A Legal and Empirical Dissent" 1986 *VLR* 619-647

G

Grant *ASSAL*

Grant J "Criminal Law" 2005 *ASSAL* 654-671

L

Labuschagne *THRHR*

Labuschagne JMT "Die vereiste van afweerderigheid by
noodweer" 2002 *THRHR* 278-281

Louw *SACJ*

Louw R "*S v Eadie*: The end of the road for the defence of
provocation?" 2003 *SACJ* 200-206

M

Makofane *Acta Crim*

Makofane MDM "Factors compelling women to remain in abusive
marriages" 2002 *Acta Criminologica* 84-92

Mouzos and Rushforth *TICCJ*

Mouzos J and Rushforth C "Family Homicide in Australia" 2003
Trends & Issues in Crime and Criminal Justice 1-6

N

Nicholson *De Rebus*

Nicholson C "When wives kill their husbands" 2004 *De Rebus* 27-
30

O

O'Donovan *JLS*

O'Donovan K "Defences for Battered Women Who Kill" 1991 *JLS* 219-240

P

Pieterse-Spies *THRHR*

Pieterse-Spies A "A South African Perspective on Battered Women Who Kill Their Abusive Partners" 2006 *THRHR* 309-318

R

Reddi *SACJ*

Reddi M "Battered woman syndrome: Some reflections on the utility of this 'syndrome' to South African women who kill their abusers" 2005 *SACJ* 259-278

S

Schuller and Vidmar *LHB*

Schuller RA en Vidmar N "Battered Woman Syndrome Evidence in the Courtroom: A Review of the Literature" 1992 *LHB* 273-291

Shaffer *U Tor LJ*

Shaffer M "The Battered Woman Syndrome Revisited: Some Complicating Thoughts Five Years after *R. v. Lavallee*" 1997 *U Tor LJ* 1-33

W

Warren *U Chi LR*

Warren LD "The Indigent Defendant's Toolbox: Debating the Addition of the Battered Woman Syndrome Expert" 2002 *U Chi LR* 1033-2055

VERSLAE

L

LC Law Com No 304

Humphreys S *et al* "Murder, Manslaughter and Infanticide" *Law Com No 304* (2006)

LRCWA Final Report

Law Reform Commission of Western Australia "Review of the law of homicide" *Final Report* (2007)

N

NZLC Report 73

New Zealand Law Commission "Some Criminal Defences with Particular Reference to Battered Defendants" *Report 73* (2001)

V

VLRC Final Report

Victoria Law Reform Commission "Defences to Homicide" *Final Report* (2004)

VOORBEREIDINGSDOCUMENTE

N

NZLC Preliminary Paper 41

New Zealand Law Commission "Battered Defendants Victims of Domestic Violence Who Offend - A Discussion Paper" *Preliminary Paper 41*

WETGEWING

C

Crimes Act 1958

Criminal Code Act

Criminal Code Act Compilation Act 1913

Criminal Reform Amendment Act 34 van 2006

G

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

H

Homicide Act 1957

S

Strafproseswet 51 van 1977

V

Vierde Algemene Regswysigingswet 132 van 1993

W

Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998

Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld 116 van 1998